



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vergelyking en evaluering van onderskrifte oor verskillende genres

deur

Lizanie van Wyngaardt

'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM: TOEGEPASTE TAALSTUDIE

in die fakulteit Geesteswetenskappe van die

Universiteit van Pretoria

STUDIELEIER: Dr Helena Kruger-Roux

Augustus 2019



Bedankings:

Ek wil die volgend persone graag bedank vir al hul hulp in die skryf van my verhandeling:

- Eerstens wil ek God bedank, sonder wie hierdie verhandeling nie geskryf sou wees nie.
- Baie dankie aan Dr Helena Kruger-Roux vir al haar geduld en moeite.
- Ek wil my ouers, Willem en Cornelia, en my broer, Marnich, bedank vir al hul bystand en ondersteuning.
- Laastens wil ek vir Reinhardt bedank vir al sy ondersteuning en opbeurende boodskappe.



Etiese klaring:

Daar is op 31 Mei 2019 etiese klaring ontvang om navorsing te doen volgens die riglyne wat in die navorsingsvoorstel genoem is en wat deur die Universiteit van Pretoria vereis word. Daar word amptelik verklaar dat daar ten alle tye by daardie vereistes gehou is.

Plagiaat verklaring:

Daar word amptelik verklaar dat die onderstaande geskrewe verhandeling die outeur, soos op die titelblad aangedui is, se eie werk is.



Opsomming:

Hierdie studie handel oor die Engelse onderskrifte in Afrikaanse televisieprogramme oor verskillende genres. Dit ondersoek die verskynsels asook die gehalte in en van die intertalige onderskrifte. Dit is 'n vergelykende teksstudie met die doel om aanbevelings vir verbeterde onderskrifte te gee. Daar word 'n deeglike literatuurstudie gedoen om agtergrond vir die navorsing te skep. Die data word ingesamel en gekategoriseer om geanaliseer te word sodat ingeligte gevolgtrekkings gemaak kan word. Daar is bevind dat die Afrikaanse televisieprogramme wat ondersoek is, substandaard Engelse onderskrifte het en dat die meeste foute is as gevolg van die minagting van die onderskrifskappingsreëls. Die verhandeling sluit af deur aanbevelings te maak oor hoe dit verbeter kan word.

Sleutelwoorde:

Oudiovisuele vertaling; onderskrifte; semiotiek; vergelykende teksanalise; genres; televisieprogramme; intertalige onderskrifte; taalpolitiek; kultuur; Afrikaans.

Summary:

This study considers English subtitles in Afrikaans television programs in different genres. It researches the phenomena, as well as the standard of the interlingual subtitles. It is a comparative text study and has the goal of creating recommendations for better subtitles. A thorough literature study was done to provide background for the coming research. The data was collected and categorised to be analysed to reach an informed conclusion. The study found that the researched Afrikaans television programs have substandard subtitles and that the most mistakes were because of ignoring the subtitling rules. The dissertation concludes by making suggestions on how to better it.

Key words:

Audiovisual translation; subtitles; semiotics; comparative text analysis; genres; television programs; interlingual subtitles; language politics; culture; Afrikaans.



Inhoudsopgawe:

Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond..... 1

1.1. Agtergrond..... 1

1.1.1. Bestaande navorsing 1

1.2. Navorsingsvraag 3

1.3. Navorsingsdoelwitte..... 3

1.4. Beperkings 3

1.5. Rasionaal..... 4

1.6. Beplande metodologie 4

1.7. Hoofstukitleg 5

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig 7

2.1 Vertaling 7

2.2 Oudiovisuele vertaling..... 9

2.3 Onderskrifte..... 11

2.3.1 Die aard van onderskrifte 11

2.3.2 Negatiewe gevolge van die gebruik van onderskrifte 14

2.3.3 Die ontwikkeling van die metode van onderskrifskewing 15

2.3.4 Kan onderskrifskrywing as vertaling beskou word? 19

2.4 Verwysingsraamwerk 20

2.4.1 Ekwivalensie 20

2.4.2 Funksionele vertalings 25

2.4.3 Semiotiek 27

2.5 Taalpolitiek 29

2.5.1 Taalpolitiek in Suid-Afrika..... 29

2.5.2 Taalpolitiek in die buiteland 31

2.6 Kultuurkwessies..... 37

2.7 Wat is al gedoen in die veld ten opsigte van vertaling en oudiovisuele vertaling? 39

2.7.1 Internasionaal..... 39

2.7.2 Plaaslik 39

2.8 Genre 41

2.9 Gehoor..... 42

2.10 Kinematografie 43

2.11 Styl 45

Hoofstuk 3: Metodologie..... 47

3.1 Literatuuroorsig..... 47



3.1.1	Sterk-/Swakpunte van 'n literatuuoroorsig.....	48
3.2	Vergelykende teksstudie	49
3.2.1	Sterk-/swakpunte van 'n vergelykende teksstudie	50
3.3	Die gevallestudie as navorsingsontwerp	50
3.3.1	Sterk-/swakpunte van 'n gevallestudie	51
3.4	Kwalitatief teenoor kwantitatief	52
3.5	Ontwerp 'n metode	55
3.6	Navorsingsinstrumente	57
3.7	Beperkings	58
3.8	Etiese klaring	58
Hoofstuk 4: Data en analise.....		59
4.1.	Hoe is die data ingesamel.....	59
4.2.	Hoe gaan die analise gedoen word	59
4.3.	Analise	59
4.3.1.	Natuurprogramme.....	59
4.3.2.	Kosprogramme	72
4.3.3.	Dramas.....	82
4.3.4.	Misdaadprogramme	88
4.3.5.	Sepies.....	98
4.3.6.	Leefstylprogramme	106
Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en slot		117
5.1	Inleiding	117
5.2	Literatuuoroorsig	117
5.3	Onderskrifanalise op grond van genre, gehoor, kinematografie, styl en ander aspekte:.....	118
5.3.1	Genres.....	118
5.3.2	Gehoor	118
5.3.3	Kinematografie	119
5.3.4	Styl	120
5.3.5	Ander	120
5.4	Aanbevelings	121
5.5	Voorstelle vir verdere navorsing	122
5.6	Ten slotte	123
Bibliografie:		124
Filmografie:.....		134



Tabellys:

Tabel 1: Die vyf numeriese sterkte EU lande. 35

Tabel 2: Buitetalige kultuurgebonde probleemtipos..... 38

Tabel 3: Nougeseheid in kwalitatiewe navorsing..... 53

Figuurlys:

Figuur 1: *Voetspore: Reünie*, verkeerd vertaalde onderskrif vir “vir ou laas”. 61

Figuur 2: *Voetspore: Reünie*, slegs ’n gedeelte van die gesproke uiting “’n man en ’n vrou en twee kinders” is weergegee..... 61

Figuur 3: *Voetspore: Reünie*, verkeerd vertaalde onderskrif vir “sinkplaatpad”..... 62

Figuur 4: *Voetspore: Reünie*, verkeerde gebruik van die verkleining van “sousie” in die onderskrif. 63

Figuur 5: *Voetspore: Reünie*, verkeerde gebruik van die verkleining van “olifantjies” in die onderskrif. 63

Figuur 6: *50/50*, onnodige ellips aan die einde van die onderskrif. 64

Figuur 7: *Voetspore: Reünie*, onderskrif is gedeeltelik bo-oor die parknaam geskryf. 65

Figuur 8: *50/50*, die onderskrif is bo-oor ’n besige agtergrond geskep..... 66

Figuur 9: *Voetspore: Reünie*, “Hunters Road” word netso in die onderskrif weergegee waar “Oos Botswana” eerder as “East Botswana” in die onderskrif weergegee moes word. 67

Figuur 10: *Voetspore: Reünie*, die onderskrif word aan die linker- en regterkante afgesny. 67

Figuur 11: *Voetspore: Reünie*, die vertaling van humor in onderskrifte. 69

Figuur 12: *Voetspore: Reünie*, verwarrende vertaling. 70

Figuur 13: *Spyskaart*, sin begin met ’n kleinletter..... 74

Figuur 14: *Spyskaart*, die eerste manier waarop die frase “NOG OP SPYSKAART” vertaal is..... 75

Figuur 15: *Spyskaart*, die tweede manies waarop die frase “NOG OP SPYSKAART” vertaal is..... 75

Figuur 16: *Spyskaart*, wit onderskrif is geskryf op ’n wit agtergrond..... 76

Figuur 17: *Spyskaart*, die spyskaart verskyn voor elke gereg wat gemaak word, op die skerm..... 77

Figuur 18: *Spyskaart*, die idioom “Stroopsoet” is verkeerd en direk vertaal in die onderskrif. 78

Figuur 19: *Spyskaart*, spreekbeurte is in dieselfde reël geskryf..... 80

Figuur 20: *Swartwater*, onleesbare boodskap op die selfoon. 84



Figuur 21: <i>Swartwater</i> , links belynde dialoog.	85
Figuur 22: <i>Swartwater</i> , spelfout kom voor in die woord “contribute”.	86
Figuur 23: <i>Swartwater</i> , die woord “work” is gebruik waar “job” meer gepas sou wees.	87
Figuur 24: <i>Die Boland Moorde</i> , ’n storie word voorgelees en word in enkelaanhalingstekens weergegee in die onderskrif.	89
Figuur 25: <i>Die Boland Moorde</i> , die vloekwoord is heeltemal uitgeskryf.	90
Figuur 26: <i>Die Boland Moorde</i> , ’n wit onderskrif op ’n wit agtergrond.	91
Figuur 27: <i>Die Boland Moorde</i> , ’n wit onderskrif op ’n besige swart en wit agtergrond.	91
Figuur 28: <i>Die Boland Moorde</i> , die briefie op die skerm word in die onderskrif weergegee.	91
Figuur 29: <i>Die Boland Moorde</i> , die geskrewe aanhalings op die mure word nie in die onderskrifte weergegee nie.	92
Figuur 30: <i>Die Boland Moorde</i> , die reëls begin oor die skerm vloeï en dui dat die verhaal begin oorgaan van die realiteit na die verhaalwêreld.	92
Figuur 31: <i>Die Boland Moorde</i> , die reëls vloeï oor die skerm en dui op die verhaalwêreld.	92
Figuur 32: <i>Die Boland Moorde</i> , daar verskyn ’n hologramskerm bo die skootrekenaar se normale skerm.	93
Figuur 33: <i>Die Boland Moorde</i> , daar verskyn die woorde “Delete file? Yes/No” bo die karakter se skootrekenaar op die televisieskerm.	93
Figuur 34: <i>Die Boland Moorde</i> , die uitspraak waarop daar klem gelê word, word in die onderskrif weergegee (“It’s ‘from’ not ‘frahm’”).	95
Figuur 35: <i>Die Boland Moorde</i> , die uitspraak waarop daar klem gelê word, word in die onderskrif weergegee (“‘you’ not ‘youuu’”).	95
Figuur 36: <i>Die Boland Moorde</i> , die woord “for” sou beter vertaal gewees het as “in”.	96
Figuur 37: <i>Die Boland Moorde</i> , die verkleining van “papiertjie” word as “piece of paper” vertaal.	96
Figuur 38: <i>Die Boland Moorde</i> , verkeerde vertaling van “skêr” as “knife”.	96
Figuur 39: <i>Die Boland Moorde</i> , die verkorting van “because” word sonder die afkappingsteken vooraan geskryf, “cause”.	97
Figuur 40: <i>Die Boland Moorde</i> , die uiting “Ek dink ek is lief vir jou” is verkeerd vertaal met “I think I’m in love with you”.	98



Figuur 41: *7de Laan*, 'n foto van 'n uiters swak onderskrif. 99

Figuur 42: *7de Laan*, daar is 'n onnodige ellips gebruik. 101

Figuur 43: *7de Laan*, die boodskap op die selfoon word op die skerm geplaas saam met die vertaling daarvan in die onderskrif. 102

Figuur 44: *7de Laan*, die verkeerde homofoon van "hails" is gebruik. 104

Figuur 45: *7de Laan*, daar word die woord "potjie" gebruik in 'n Engelse onderskrif. 104

Figuur 46: *7de Laan*, daar word die woord "tannie" gebruik in 'n Engelse onderskrif. 104

Figuur 47: *7de Laan*, die gebruik van "D'you" in die onderskrif. 105

Figuur 48: *DEKATv*, daar word 'n hoofletter na 'n kommapunt gebruik. 107

Figuur 49: *DEKATv*, 'n gedeelte van die gesproke taal is nie in die onderskrif weergegee nie. 108

Figuur 50: *DEKATv*, daar verskyn teks op die skerm wat dien as die onderhoudsvrae. 109

Figuur 51: *DEKATv*, daar is wit teks op die grys en wit agtergrond. 110

Figuur 52: *DEKATv*, slegs een van die spreekbeurte het 'n aandagstreep vooraan en elke spreekbeurt is nie in sy eie reël nie. 110

Figuur 53: *DEKATv*, die opening van *DEKATv* met Chris Chameleon. 111

Figuur 54: *DEKATv*, die woord "Aweh" is in die onderskrif geskryf. 112

Figuur 55: *DEKATv*, 'n voorbeeld van hoe die onderskrifte se skrif in episode 1 lyk. 113

Figuur 56: *DEKATv*, 'n voorbeeld van hoe die onderskrifte se skrif in die res van die episodes lyk. 113

Figuur 57: *DEKATv*, daar kom 'n spelfout voor in die skryf van die woord "disconnect". 114

Figuur 58: *DEKATv*, daar word elke keer "specially" geskryf wanneer daar "especially" bedoel word. 115



Woordelys en begrippe

In hierdie onderafdeling word daar 'n woordelys verskaf of die meer bekende Engelse ekwivalente van Afrikaanse terme te gee om die leser te help.

Woordelys:	
Afrikaans:	Engels:
Oudiovisuele vertaling (OVV)	Audio Visual Translation (AVT)
Onderskrifte	Subtitles
Domestikering	Domestication
Vervreemding	Foreignisation
Oorklanking	Dubbing
Gebruik van 'n agtergrondstem	Voice-over
Oudiobeskrywing	Audio Description (AD)
Tussentitels	Intertitles
Superskrifte	Supertitles
Doelleser	Target reader
Teikengehoor/ Doelgehoor	Target audience
Doelkyker	Target watcher
Doeltaal	Target language
Brontaal	Source language
Doeltekste	Target text
Brontekste	Source text
Doelkultuur	Target culture
Bronkultuur	Source culture
Prosaïese humor	Prosaic humour
Poëtiese humor	Poetic humour
Stilfilms	Silent films
Video opnemer	VCR
Verwerking	Adaptation
Verdigting	Condensation
Intertalig	Interlingual
Intratalig	Intralingual
Vertaal-verwerking	Transadaptation
Aanduier	Signifier
Aangeduide	Signified
Aanduiding	Signification
Dinamiese voorwerp	Dynamic object
Onmiddellike voorwerp	Immediate object
Tekenvoertuig	Sign vehicle
Begrip	Sense
Kinematografie	Cinematography
Oogvolging	Eye tracking
Woord:	Beskrywing:
Aegisub	Onderskrifskrywingprogram
Lingua franca	Algemeen gesproke taal



Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond

Onderskrifte speel 'n belangrike rol in die verstaan van films deur dowe en hardhorende kykers, tweede taal kykers en brontaalkykers wat dalk 'n gedeelte van die gesproke uiting gemis het. Dit is ook nuttig in die aanleer van 'n tweede taal of die verbetering van die kyker se taalgebruik. Die standaard van onderskrifte kan baie wissel afhangende van die film, genre en onderskrifskrywer. Vir die onderskrifte om van waarde te wees in die aanleer van 'n taal of selfs om net die film te verstaan, moet die onderskrifte van 'n hoë gehalte wees.

Om hoë gehalte onderskrifte te verseker, is daar reëls en regulasies geskep vir onderskrifskrywers. Hierdie studie ondersoek die verskillende onderskrifte in verskillende televisieprogramme om te bepaal of die reëls nagekom word en as dit oortree word, te sien hoe dit oortree word. Die belang van die studie is om aanbevelings te maak wat die onderskrifte in so 'n mate kan verbeter dat Suid-Afrikaners meer veeltalig kan raak deur onderskrifte te lees.

Om agter te kan kom of die reëls oortree of nagekom word, sal daar navorsing gedoen word deur die verskillende televisieprogramme te ondersoek en die opmerkings te kategoriseer volgens genre, gehoor, kinematografie en die styl waarin die onderskrifte geskep is, waarna dit geëvalueer word.

1.1. Agtergrond

1.1.1. Bestaande navorsing

In hierdie onderafdeling word die bestaande navorsing in die vertaal- en onderskrifskrywingsveld slegs oorsigtelik genoem, omdat dit in Hoofstuk 2: Literatuuroorsig in detail bespreek word.

Eerstens word na die bestaande internasionale navorsing gekyk.

1.1.1.1. Internasionaal

In die onderstaande onderafdeling word die bestaande navorsing wat wêreldwyd gedoen is kortliks genoem.

Carroll en Ivarsson (1998), Karamitroglou (1997) en Díaz-Cintas en Remael (2007) het reëls en regulasies vir die skryf van onderskrifte asook sekere populêre gebruike in onderskrifskrywing bepaal. Hierdie navorsing word internasionaal gebruik om die gehalte van onderskrifte te meet en onderskrifskrywers op te lei. In hoofstuk 2 word dit in meer detail bespreek.

Sokoli (2011) ondersoek die verskille tussen Spaanse en Griekse onderskrifte terwyl Nikolić (2011) die invloed van onderskrifte vanuit die Amerikaanse en Britse kultuur op Europese kykers bepaal. Hierdie navorsing het albei kultuurkwessies in gemeen en dit dui daarop dat kultuur 'n groot rol speel in die vertaling en oudiovisuele vertaalbedryf. In 2.7.1 word die bogenoemde aspekte in meer detail bespreek.



Abdelhay, Makoni en Makoni (2011) ondersoek die taalpolitiek in Soedan, die ooreenkomste tussen die verskillende partye en hoe die beleid op ongelyke behandeling tussen sprekers van die verskillende partye neerkom. Zentella (1989) bespreek hoe die Amerikaanse eentaligheidsbeleid ander kulture en tale beïnvloed en hoe die beleid spesifiek teen Spaans gemik is, al word ander tale wat in Amerika gepraat word, soos Duits, ook beïnvloed. Hy skryf verder hoe die beleid ook spesifiek vroue, kinders en die ouer generasie benadeel. In Hoofstuk 2 word 'n geval bespreek van taalpolitiek in Afrika buite Suid-Afrika, asook 'n geval in die Verenigde State van Amerika.

Uit die bogenoemde twee internasionale artikels oor taalpolitiek, wat in Hoofstuk 2 in diepte bespreek word, blyk dit dat internasionale taalpolitieke kwessies soortgelyk is aan Suid-Afrikaanse taalpolitieke kwessies.

Verder word taalpolitiek in Europa ondersoek met spesifieke verwysing na die Europese Unie. Ammon (2006) skryf oor die verskillende Europese Unie tale en die feit dat hulle streef na een gebruikstaal. Hy meld voorts hoe kleiner sowel as groter tale beïnvloed word wanneer daar een gebruikstaal asook meer as een gebruikstaal is. Die bogenoemde artikels en aspekte word in meer detail in 2.5.2 bespreek.

In die onderstaande onderafdeling word bestaande navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is beskryf. Daar gaan ook gekyk word na Suid-Afrikaanse taalpolitiek en kultuurkwessies.

1.1.1.2. Plaaslik

In hierdie onderafdeling word daar kortliks genoem wat in Suid-Afrika gedoen en nagevors is in die vertaal- en oudiovisuele vertalingsveld.

In die afdeling van sepies is daar al heelwat navorsing gedoen. Kruger (2012) het vier sepies ondersoek om die rol van Engels in die gesproke taal en die onderskrifte te bepaal. Morden (2014) het *7de Laan* ondersoek met verwysing na die figuurlike taalgebruik wat daarin voorkom asook hoe dit vertaal is in die Engelse onderskrifte.

Verder word die aanleer van 'n taal deur onderskrifte ondersoek asook die feit dat Engels as die nie-amptelike lingua franca gebruik word in Suid-Afrika. Hefer (2011) ondersoek die lees van moedertaal onderskrifte en Engels as tweede taal onderskrifte deur Suid-Afrikaners. Ndimande-Hlongwa en Ndebele (2017) het bevind dat ten spyte van die 11 amptelike tale wat erken word in Suid-Afrika, Afrikaans en Engels steeds voorkeur geniet bo ander inheemse Afrika tale.

Daar is ook navorsing gedoen onder dowe en hardhorende kykers om uit te vind hoe hulle onderskrifte gebruik in die kyk en verstaan van film. Wehrmeyer (2014) ondersoek oogvolgingstegnieke in dowe en hardhorende kykers en hoe hulle onderskrifte, tolke en die beeld gebruik om die film ten volle te geniet en verstaan. Die bogenoemde artikels word in meer detail ondersoek en uitgebrei in 2.7.2.



Vervolgens is navorsing gedoen oor die aanleer van 'n taal deur kinders. Kruger en Rafapa (2002) meld hoe onderskrifte kinders kan help lees en 'n taal aanleer. Alexander (2004) skryf weer oor die probleme gekoppel aan 'n eentalige land en die gevolge en uitwerkings daarvan op die onderwys.

Verder ondersoek Webb (2002) die strategiese beplanning van taal en skryf dat dit ook te doen het met die beplanning van die hulpbronne van 'n land en dus gebaseer is op die ideale van daardie land. Bogenoemde artikels word bespreek in 2.5.1.

Volgende gaan die navorsingsvraag van hierdie verhandeling gestel word.

1.2. Navorsingsvraag

In hierdie onderafdeling word die navorsingsvraag wat in hierdie verhandeling ondersoek gaan word, omskryf.

Die navorsingsvraag lui soos volg: Hoe vergelyk die gehalte van Engelse onderskrifte in Afrikaanse televisieprogramme oor verskillende genres in terme van internasionale standaarde?

In die volgende onderafdeling gaan die navorsingsdoelwitte bespreek word.

1.3. Navorsingsdoelwitte

In hierdie onderafdeling word die navorsingsdoelwitte wat in hierdie verhandeling bereik wil word, gelys.

1. In die eerste plek word onderskrifte oor verskillende genres beskryf op grond van genre, teikengehoor, kinematografie en die styl waarin die onderskrifte geskryf is.
2. Daarna word verskille en ooreenkomste (indien enige) uitgewys tussen onderskrifte van verskillende genres.
3. Verder word die onderskrifte geëvalueer aan die hand van internasionale standaarde.
4. Laastens word daar voorstelle gemaak oor hoe die gehalte van substandaard onderskrifte verbeter kan word.

In die onderstaande onderafdeling word daar gekyk na die verskillende beperkings van die verhandeling.

1.4. Beperkings

In hierdie onderafdeling word die beperkings van die verhandeling genoem en beskryf. Dit is belangrik om die beperkings deurgaans in ag te neem in die verhandeling.

Een van die eerste beperkings wat opgemerk is, is dat daar weinig Afrikaanse televisieprogramme is en selfs minder het onderskrifte. Daar is ook min intertalige onderskrifte tussen Engels en Afrikaans beskikbaar.



Nog 'n beperking wat aansluit by die vorige beperking is dat dit moeilik is om programme te bekom vir navorsing. Sommige programme is op YouTube beskikbaar, maar baie is nie. Dit is ook moeilik om sekere programvervaardigers soos die van *7de Laan* in die hande te kry en te kommunikeer met die SABC.

In die volgende afdeling gaan die doel, wyse en belang van die verhandeling kortliks bespreek word.

1.5. Rasionaal

Hier word die verhandeling bespreek in terme van wat gedoen is, hoe dit gedoen is en hoekom dit gedoen is.

In hierdie verhandeling gaan intertalige onderskrifte oor verskillende genres ondersoek en analiseer word in terme van genre, gehoor, kinematografie en styl. Een program per genre sal bestudeer word en die vertalings- en tegniese aspekte sal ondersoek word. Die ses genres sluit in drama, kosprogramme, natuurprogramme, misdadprogramme, sepies en leefstylprogramme.

Die program *Swartwater* sal in die drama genre ondersoek word. Die kosprogram wat beskryf sal word, is die program *Spyskaart*. Die natuurprogram wat ondersoek sal word, is *Voetspore* terwyl *50/50* daarmee vergelyk word. In die misdadprogram kategorie word *Die Boland Moorde* ondersoek. Die program wat in die sepie genre bestudeer sal word, is *7de Laan*. Die vervaardigers van *DEKATv* is gekontak en daar is twee episodes ontvang vir navorsingsdoeleindes alleenlik, later is daar ook 19 episodes beskikbaar gestel op YouTube. Dit sal in die leefstykategorie ondersoek word.

Hierdie studie het ten doel om die kwaliteit tussen onderskrifte van Afrikaanse televisieprogramme met die van Engelse onderskrifte te bepaal.

In die volgende onderafdeling gaan die beplande metodologieë kortliks bespreek word.

1.6. Beplande metodologie

In hierdie onderafdeling word die metodologieë literatuuroorsig, gevallestudie en vergelykende teksstudie kortliks bespreek.

Die metodologie wat in hierdie verhandeling gebruik word, is 'n kombinasie van drie verskillende metodologieë. Die hoofmetodologie is 'n vergelykende teksstudie. Die navorsing kan wel ook as 'n gevallestudie beskou word, omdat dit so spesifiek is. Daar word ook van 'n literatuuroorsig gebruik gemaak om die navorsing beter te verstaan en verder uit te brei.

Die vergelykende teksstudie word gebruik om die verskille en ooreenkomste tussen die verskillende genres in die data te ondersoek. Dit word gebruik om vergelykings te tref en dan gevolgtrekkings te maak.



Die gevallestudie word gebruik om die spesifieke eienskappe van elke genre te ondersoek asook die Afrikaanse televisieprogramme as 'n geheel. Daar word nie veralgemenings gemaak oor die uitslae van die data nie.

Die literatuuoroorsig gee meer agtergrondkennis van die teorieë en navorsing wat reeds gedoen is. Dit skep 'n raamwerk van teorieë en inligting waarop daar voortgebou kan word met die navorsing wat hier gedoen word.

In Hoofstuk 3: Metodologie, word die bogenoemde metodologieë in meer detail uiteengesit.

In die volgende onderafdeling word daar 'n oorsig oor die hoofstukke gegee.

1.7. Hoofstukuitleg

In die onderstaande onderafdeling word daar kortliks 'n oorsig oor elke hoofstuk gegee asook hoe die verhandeling uitgelê is.

Die verhandeling gaan soos volg ingedeel word:

Eerstens is daar 'n indeks wat die verhandeling se uitleg weergee met bladsynommers. Daarna volg daar 'n figure lys, tabelle lys en 'n woordelys.

Die eerste amptelike hoofstuk is Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond. In hierdie hoofstuk word daar agtergrondinligting oor die vertaal- en oudiovisuele vertalingsveld gegee. Die probleemstelling, navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en beperkings word uiteengesit. Daar word 'n kort oorsig oor die verhandeling in die vorm van 'n rasonaal gegee. Daar word 'n lys van woorde en begrippe gegee om die leser te help met die tegniese terme en ook 'n kort oorsig oor die beplande metodologie. Die hoofstuk sluit af met 'n oorsig oor verdere hoofstukke.

Die tweede hoofstuk is Hoofstuk 2: Literatuuoroorsig. In hierdie hoofstuk word daar 'n oorsig oor vertaling en oudiovisuele vertaling gegee. Onderskrifte word dan in detail bespreek met onderafdelings soos “Die aard van onderskrifte”, “Negatiewe gevolge van die gebruik van onderskrifte”, “Die ontwikkeling van onderskrifte” en “Is onderskrifte vertaling?”. Daarna word die verwysingsraamwerk bespreek deur te verwys na die ekwivalensie vertaalteorie, die funksionele vertaalteorie en semiotiek. Onder semiotiek word Saussure en Peirce se semiotiese teorieë bespreek. Vervolgens word taalpolitiek in die buiteland en in Suid-Afrika bespreek asook kultuurkwessies in vertaling en onderskrifskrywing. Daar word ook uitgebrei op wat reeds in die veld van vertaling en onderskrifskewing gedoen is in die buiteland en in Suid-Afrika. Die laaste gedeelte van Hoofstuk 2 bespreek die kriteria waarvolgens die data geanaliseer gaan word naamlik genre, gehoor, kinematografie en styl.

Die volgende hoofstuk is Hoofstuk 3: Metodologie. Die hoofmetodologie is 'n vergelykende teksstudie en word eerste bespreek waarna die voor- en nadele van die vergelykende teksstudie volg. Daarna



word gevallestudies bespreek met hul voor- en nadele. Die laaste metodologie wat bespreek word, is 'n literatuuroorsig met die voor- en nadele daarvan. Die kwalitatiewe navorsingsmetode word vergelyk met die kwantitatiewe navorsingsmetode en dan word daar 'n metode van navorsing ontwerp en dit word toegepas op hierdie verhandeling. Laastens word die navorsingsinstrumente genoem, die beperkings word in detail uiteengesit gevolg deur die etiese klaring.

In Hoofstuk 4: Data en analise, word daar eerstens gekyk na hoe die data ingesamel en die analise gedoen word voordat die data weergegee gaan word in die verhandeling. Die eerste genre wat bespreek word, is natuurprogramme, wat soos al die onderstaande genres volgens genre, gehoor, kinematografie, styl en ander kwessies bespreek en ondersoek gaan word. Die volgende genre is kosprogramme. Daarna volg die dramas genre en die misdaadprogramme genre. Daarna die sepies en leefstyl genres. Aan die einde van elke onderafdeling van elke genre word daar 'n kort evaluasie gegee van die spesifieke televisieprogram en die hoofstuk sluit af met 'n kort evaluasie en vergelyking van al die genres.

Die laaste hoofstuk is Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en slot. In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens die bevindinge van die studie weergegee word waarna daar 'n gevolgtrekking oor die studie gemaak gaan word. Daarna word die navorsingsvrae beantwoord. Daar sal dan voorstelle gemaak word vir verdere navorsing in hierdie onderwerp. Dit word gevolg deur die gevolgtrekking en slot.

Daarna volg die bibliografie, wat al die geskrewe bronne insluit, en die filmografie wat al die episodes wat nagevors is en foto's wat gebruik is, lys.

Die volgende afdeling, Hoofstuk 2: Literatuuroorsig, bied 'n oorsig van literatuur wat verband hou met die studie, insluitend teorieë oor onderskrifskrywing (tegnies sowel as inhoudelik), oudiovisuele genres en vertaalkunde waaruit 'n teoretiese raamwerk saamgestel word om die gehalte van plaaslike Engelse onderskrifte oor verskillende genres te evalueer.



Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

2.1 Vertaling

In hierdie afdeling word vertaling en die verskillende tipes vertaling bespreek. Verskillende vertaalstrategieë sal vir die verskillende tipes vertaling aangewend word.

Forster (1958) skryf dat vertaling die handeling is waardeur die inhoud van 'n teks vanaf die brontaal na die doeltaal omgeskakel word (Venuti, 2000: 131). Die brontaal is die taal waarin die oorspronklike teks geskryf is en waaruit die vertaling gedoen word. Die doeltaal is die taal waarin die teks vanuit die brontaal verander word.

Vertaling kan in verskillende kategorieë ingedeel word. Volgens Brown (2016) is die vier hoofkategorieë van vertaling: masjienvertaling, masjienvertaling met menslike hersiening, menslike vertaling en menslike vertaling met hersiening. Daar bestaan egter ook verskeie ander metodes van klassifikasie.

Ter aanvulling van die reeds genoemde vier kategorieë of metodes, is daar ook ander metodes van vertaling: mondelinge vertaling, geskrewe vertaling, rekenaar-/masjiengebaseerde vertaling, woord-vir-woord vertaling, letterlike vertaling, vrye vertaling, idiomatiese vertaling, interpretasie vertaling, pragmatiese vertaling, semantiese vertaling, woord-vir-woord vertaling en ware vertaling.

Mondelinge vertaling is wanneer daar na 'n taal geluister word en dit dan mondelings na 'n ander taal vertaal word. Dit staan ook bekend as tolking. Dit kan in 'n professionele- of nie-professionele omgewing plaasvind. 'n Voorbeeld van professionele tolking is in howe wanneer verskillende partye nie dieselfde taal praat nie. Nie-professionele tolking is wanneer 'n persoon wat beide tale praat en verstaan, iemand anders help in 'n informele situasie.

In geskrewe vertaling word die vertaling neergeskryf. Die teks word vanaf 'n brontaal in 'n doeltaal vertaal en neergeskryf in dokumentvorm. Dit is die manier waarop romans en ander letterkunde vertaal word. Geskrewe taal word gekarakteriseer deur inligtingsdigtheid en meer versigtige woordkeuses (Biber, 1988).

Rekenaar-/masjienvertaling word gedoen met behulp van sagtewareprogramme. Die sagteware ontleed die teks, identifiseer die taal en vertaal die teks dan in die doeltaal. Outomatiese vertaling kan gesien word as enige sisteem waarin 'n rekenaar volsinne vertaal sonder inmenging of hulp (Tenney, 1985:107). *Google Translate* kan gesien word as masjienvertaling, alhoewel dit nie altyd betroubaar is nie.



In letterlike vertaling is die eenheid die sin. Die brontaal, waarin grammatikale strukture aangepas is tot die naaste doeltaal, en die doeltaal is ekwivalente. Die leksikale items word onafhanklik en in kontras tot die vertaling van die hele frase vertaal, buite konteks. Die vertaler moet derhalwe leksikaal betroubaar wees (Yapici, 2015:8).

Woord-vir-woord vertaling word gedoen deur elke individuele woord afsonderlik te vertaal, terwyl die dokument as 'n geheel beperkte aandag kry. Elke woord kry sy direkte vertaling in die doeltaal en dit kan lei tot onverstaanbaarheid in die dokument as 'n geheel. Woordeboeke kan baie help met hierdie tipe vertaling. Woord-vir-woord vertaling word ook as letterlike vertaling gesien (Yapici, 2015:8).

'n Semantiese vertaling is 'n tipe vertaling wat ten doel stel om 'n semantiese ekwivalent te kry in die vertaling vanaf die brontaal na die doeltaal (Yapici, 2015:5). Dit gee ekstra aandag aan die inhoud en die betekenis van die boodskap eerder as die effek en kan as 'n tipe letterlike vertaling gesien word wat ook betekenis uitdruk (Yapici, 2015:5).

'n Betroubare vertaling kan volgens (Yapici, 2015:10) gesien word as 'n tipe skrywer-gesentreerde vertaling. Die vertaler is getrou aan die teks, die skrywer en die intensies van die skrywer. Dit kan vergelyk word met parafrasering, in dié sin dat dit die kontekstuele betekenis van die brontaal reproduseer met behoud van die doeltaal se grammatiese struktuur. 'n Ware vertaling poog om so na as moontlik aan die oorspronklike teks te bly deur die kontekstuele voorlegging en die kulturele woorde van die oorspronklike taal te gebruik. Dit kan gesien word as vervreemdende vertaling.

Die oorspronklike doel van kommunikatiewe vertaling is om 'n kontekstuele ekwivalent vir die oorspronklike teks te gee sodat beide die taal en inhoud aanvaarbaar en verstaanbaar vir die leser is (Yapici, 2015:12;13). Volgens Newmark (1988:49) is kommunikatiewe vertaling 'n leser-gesentreerde vertaling en is dit aanpasbaar by die leser se vlak van taal en kennis. In teenstelling met semantiese vertaling, het kommunikatiewe vertaling meer potensiaal om 'n ekwivalent op die skrywer se vlak te skep.

Literatuurvertaling het te doen met die grammatika van stellings wat hul oorspronklike betekenis in die doeltaal moet behou. Dit behou die grammatikale aspekte van die teks soos die opstelvorm van die dokument, die metafore en idiomatiese taalgebruik. In vergelyking met die oorspronklike, word die literêre vertaling as ondergeskik geag, maar dit is deur sulke vertalings dat wêreldwye literatuur in nasionale literatuur-sisteme geplaas word (Juvan, 2015:1).

Vrye vertaling gaan oorwegend oor die natuurlikheid van die doeltaal, wat te doen het met die konteks en die sintaksis van die taal. Dit sorg dat die taal natuurlik lees vir 'n moedertaalspreker en dat die oorspronklike betekenis behoue bly. Volgens Newmark (1988:46) sluit vrye vertaling die namaak van die probleem in sonder die manier, of die inhoud sonder die oorspronklike vorm. Dus is dieselfde inhoud oorgedra in die doelteks, maar met baie verskille in die grammatiese struktuur.



Hierdie tipe vertaling bestaan uit al die tipes vrye vertalings. In vrye vertaling is die mees belangrike aspekte die boodskap, effek, gevoel en doel van die skryf en nie die styl of vorm nie. Om hierdie vertaling te kan doen, het die vertaler die vryheid om veranderinge aan die oorspronklike te maak in die vertaling na die doeltaal (Yapici, 2015:16).

'n Verwerking is volgens Yapici (2015:17) die vryste vorm van vertaling en is meestal gebruik vir teater (komedies) en poësie. Die temas, karakters en storielyn is gewoonlik behou en die brontaal-kultuur word aangepas in die doeltaal-kultuur, waarna die teks herskryf word. Die vertaler is nie getrou aan die teks of die skrywer om die brontaal-kultuur getrou uit te beeld nie.

Idiomatiese vertaling is baie soos vrye vertaling waar die oorspronklike vorm behoue bly, maar daar word meer van die doeltaal se eie uitdrukkings en idioome gebruik. Idiomatiese vertaling het te doen met vervreemding en domestikering. Vervreemdende vertalings gebruik die gesegdes en idiomatiese uitdrukkings van die brontaal, direk vertaal in die doeltaal. Dit vervreem die doeltaalleser van die teks. 'n Domestikerende vertaling gebruik die doeltaal se eie uitdrukkings in die plek van die brontaal s'n en boei die leser daarom meer.

Idiomatiese vertaling handel volgens Yapici (2015:19) met idioome en omgangstaal wat nie in die brontaal voorkom nie. Volgens Newmark (1988:47) kan idiomatiese vertaling verduidelik word as die reprodusering van die boodskap van die oorspronklike teks, wat die nuanses van betekenis verdraai deur omgangstaal en idioome te gebruik wat nie in die oorspronklike teks bestaan nie.

Interpretasie-vertalings, ook bekend as idiomatiese vertalings, vertaal nie slegs die woorde nie, maar gee ekstra inligting oor die brontaal en die uitdrukkings wat gebruik word. Dit verduidelik moeilik verstaanbare taalgebruik of versteekte boodskappe deur woordspeling.

Pragmatiese vertaling en kommunikatiewe vertaling is volgens Yapici (2015:21) gelyksoortig. Pragmatiese vertaling is toegepas in die retoriese dieptestruktuur wat nodig is om pragmatiese ekwivalensie te bereik. Die beginsel van die ekwivalensie-effek is baie belangrik in die aanwending van hierdie vertaaltype omdat die fokus altyd op die leser is. Die belangrikste aanname van die pragmatiese vertaling is dat die vertaalde teks soos die oorspronklike moet lees (Yapici, 2015:21).

In die volgende onderafdeling word oudiovisuele vertaling bekyk en in diepte ondersoek.

2.2 Oudiovisuele vertaling

In hierdie onderafdeling word oudiovisuele vertaling ondersoek, met spesifieke verwysing na verskillende tipes oudiovisuele vertaling.

Oudiovisuele vertaling, ook genoem multimediantertaling, is 'n onderafdeling van vertaling wat toegespits is op die vertaling van multimedia en gesproke taal in 'n ander geskrewe taal (Díaz-Cintas en Remael, 2007:12).



Oudiovisuele vertaling is 'n mengsel van mondelinge- en geskrewe vertaling. Oudiovisuele vertaling (OVV), of AVT (*Audio visual translation*), het meestal te doen met multimodale en multimedia spraak, soos dialoog en monoloog, wat in ander tale en kulturele kontekste vertaal word (Gambier, 2014:45). OVV word nie uitsluitlik in film gebruik nie, maar ook in televisiereekse, televisieprogramme, rekenarspeletjies, videospelotjies en teater.

OVV het 'n paar subkategorieë: onderskrifte, oorklanking en die gebruik van 'n agtergrondstem.

Die klem val hoofsaaklik op onderskrifte in hierdie uiteensetting, omdat dit die uitsluitlike fokus van die studie is.

Oorklanking (*dubbing*) is wanneer die oorspronklike klankbaan vervang word met die stemme van oorklankingskunstenaars, of stem-akteurs, terwyl die liedjies en musiek behoue bly (Ivarsson, 1992:10;11). Dit word gedoen wanneer films in ander tale vertaal moet word. Dit is die duurste en die moeilikste kategorie van OVV.

Alle gesproke dele van die film word vertaal sodat die stem-akteurs dit kan weergee, met 'n bykomende oorklankingsregisseur wat die oorklanking koördineer. Elke karakter moet 'n toegewyde stem-akteur hê wat die oorklanking van sy dialoog doen. Die stem-akteurs moet ervare wees in die veld van oorklanking. Die feit dat elke karakter 'n stem-akteur moet hê, dra by tot hoë koste van die proses (Ivarsson, 1992:11). Daar is sekere lande wat hoofsaaklik oorklankingslande is en ander lande hoofsaaklik onderskriflande.

Die gebruik van 'n agtergrondstem (*voice-over*) is wanneer een stem, gewoonlik manlik, al die vertaalde dialoog lees sonder om die geslag of ouderdom van die karakters in ag te neem. Dit is die metode van OVV wat die minste gebruik word. Dit kan in amper enige veld gebruik word soos film, televisiereekse en selfs liedjies (Ivarsson, 1992). Dit is ook 'n baie gewilde metode van video's maak op YouTube deur baie selfdoen-kanale. Die video word vooraf opgeneem, waarna 'n stem-oorklanking gedoen word om te verduidelik wat op die skerm vertoon word.

Nog 'n tipe OVV is oudio-omskrywing. Dit is 'n hoofsaaklik intratalige oudio kommentaar op die aksie op die verhoog of in 'n film vir blinde gehore (Munday, 2016:278). Dit word gebruik saam met die oorspronklike dialoog in die film en klink baie soos 'n verteller, maar dra baie meer inligting oor, onder meer oor die karakters en hulle aksies wanneer dialoog ontbreek, asook die omgewing waar die toneel afspeel. Dit sluit ook in die lees van erkennings van die regisseurs en vervaardigers wanneer dit op die beeld verskyn in die film.

In die volgende onderafdeling word onderskrifte en onderskrifskrywing in detail ondersoek.



2.3 Onderskrifte

2.3.1 Die aard van onderskrifte

In hierdie onderafdeling gaan daar spesifiek gekyk word na die aard van onderskrifte, hoe dit gedefinieer en geklassifiseer word asook die verskillende tipes onderskrifte wat bestaan.

Díaz-Cintas en Remael (2007:8) definieer onderskrifskrywing as 'n vertaal-aksie wat geskrewe teks gewoonlik aan die onderkant van die skerm skryf. Dialoog word so oorgedra, maar ook ander elemente wat in die beeld voorkom, soos briewe, graffiti en inskripsies. Dit gee ook die inligting wat in die klankbaan voorkom weer, soos stemme en liedjies se name.

Dit is moeilik om onderskrifte te klassifiseer en benoem omdat dit so afhanklik van tegnologie is en dit dus dinamies is soos tegnologie ontwikkel. Díaz-Cintas en Remael (2007:13) klassifiseer onderskrifte deur die volgende kriteria te gebruik:

- Linguistiek
- Tyd beskikbaar vir voorbereiding
- Tegnies
- Metodes van projeksie
- Verspreidingsformaat

Onderskrifte kan volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:19) ook verdeel word in klaar voorbereide onderskrifte, of aflyn onderskrifte, en regstreekse- of intydse onderskrifte, wat deurgaan as aanlyn onderskrifte. Klaar voorbereide onderskrifte kan verdeel word in volledige onderskrifte, soos wat gebruik word in televisiereekse, en verkorte onderskrifte, wat gebruik word in nuusuitsendings. Regstreekse onderskrifte is 'n relatief nuwe tipe onderskrif wat gebruik word wanneer klaar voorbereide onderskrifte ontbreek, of in regstreekse uitsendings van nuus, politieke toesprake, sportprogramme of regstreekse onderhoude (Díaz-Cintas en Remael, 2007:19).

Onderskrifte kan ook verdeel word in oop- en geslote onderskrifte. Volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:21) is oop onderskrifte in die beeld in gebrand en kan dit nie verwyder word nie, waar geslote onderskrifte op die televisieprogram aan- en afgesit kan word volgens die kyker se behoefte. Geslote onderskrifte is verskuil en kan slegs gesien word met die regte dekodeerder of wanneer die kyker dit op 'n DVD aktiveer.

Onderskrifte is 'n teks van een of twee reëls wat aan die onderkant van die skerm verskyn tydens dialoog tussen karakters. Dit kan wel ook in die middel of bo-aan die skerm verskyn, maar dit gebeur meestal as plek aan die onderkant van die skerm ontbreek (Ivarsson, 1992).



Onderskrifte is die mees populêre vorm van OVV en is al sedert die verskyning van stilprente in gebruik as tussen-titels. Toe films met klank in 1927 verskyn, het onderskrifte, soos dit vandag bekend staan, verdere populariteit verkry (Ivarsson, 1992:9). Onderskrifte bevorder 'n meer leksikale innovasie, soos leenwoorde (Gottlieb, 2004:224).

'n Onderafdeling van onderskrifte is superskrifte (*supertitling*). Dit word gebruik in teater en opera om die gehoor te help om buitelandse tale te verstaan, asook met woordspeling (Ivarsson, 1992:19;20).

Om onderskrifte te skep moet daar verdigting plaasvind. Verdigting vind plaas wanneer 'n groot hoeveelheid gesproke taal so verwerk word dat dit in die twee reëls onder aan die skerm kan inpas. Verdigting is belangrik omdat daar op enige gegewe oomblik 'n baie groter hoeveelheid teks oraal oorgedra kan word as visueel (Kruger, 2010:177).

Daar is hoofsaaklik twee maniere om die onderskrif-skeppingsproses aan te pak: preskriptief of deskriptief. Die preskriptiewe metode is die meer outydse metode. Dit is normatief en beperk tot 'n spesifieke gehoor. Dit is ook gebaseer op 'n aftiklysie. Die deskriptiewe metode het veral twee belangrike vrae wat beantwoord moet word: wat gebeur wanneer onderskrifte geskryf word en wie is die gehoor? Hierdie metode is dinamies en interaktief en is eerder gebaseer op riglyne as op spesifieke reëls (Kruger, 2010:179).

Sekere basiese reëls van onderskrifskrywing is voor-die-hand-liggend, soos om nie die onderskrifte oor teks wat op die skerm verskyn, te plaas nie. Volgens Karamitroglou (1997:2) moet onderskrifte bo-aan die skerm geplaas word in ekstreme gevalle, waar die onderskrifte onder aan die skerm belangrike visuele inligting, of teks wat op die skerm verskyn, sal bedek.

Die onderskrifte moet saam met die gesproke uiting op die skerm verskyn om die doelleser se ervaring van die film of program so gemaklik en natuurlik as moontlik te maak. Volgens Karamitroglou (1997:4) moet die onderskrif 'n kwart van 'n sekonde na die gesproke uiting op die skerm verskyn. Dit lyk vir die kyker asof dit dan gelyktydig met die uiting verskyn, maar die brein neem 'n kwart van 'n sekonde om die gesproke uiting te prosesseer en vir die kyker se oë om af te beweeg na die onderskrif toe. Die taalgebruik moet, soos in gewone vertaling, natuurlik en gemaklik voorkom.

Nog 'n basiese reël is dat die onderskrifte leesbaar moet wees. Dus moet die lettertipe van so 'n aard wees dat die kykers dit maklik kan lees. Volgens Karamitroglou (1997:3) moet die lettertipe eenvoudig wees (sonder versiersels of deftige stroke wat letters af-eindig) en 'n bleek wit kleur eerder as sneeuwit, sodat dit nie die kyker se oë irriteer en die lees van onderskrifte bemoeilik nie. Die standaard lettergrootte is gewoonlik 36 punt-grootte.

Nog 'n algemene reël volgens Karamitroglou (1997:5;6) is dat leestekens, soos punte en kommas, net soos in geskrewe literatuur gebruik moet word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat sekere



leestekens soos parenteses, ellipstekens en kommapunte, verwarrend of steurend vir die kyker kan wees. Laasgenoemde tekens moet dus met omsigtigheid aangewend word.

Volgens Karamitroglou (1997:7) moet hoof- en kleinletters net soos in gedrukte literatuur aangewend word. Wanneer 'n onderskrif in slegs hoofletters verskyn, moet dit 'n geskrewe teken of beeld op die skerm weergee.

Daar is ook minder algemene reëls waarvan slegs onderskrifskrywers met opleiding bewus sal wees, byvoorbeeld dat die onderskrif gesentreer moet wees behalwe wanneer dialoog in die onderskrif weergegee word, in welke geval dit dan links belyn moet word (Karamitroglou, 1997:2;3). Onderskrifte moet gesentreer wees sodat kykers se oë 'n kleiner afstand hoef te beweeg vanaf die beeld na die onderskrif toe.

Reëls rakende die lengte van onderskrifte, gemeet in hoeveelheid karakters en ander meer tegniese reëls is ook van belang om die leesbaarheid van die onderskrifte te bevorder. Volgens Karamitroglou (1997:3) moet 'n onderskrif nie meer as 35 tot 40 karakters per reël bevat nie, aangesien dit leesbaarheid bemoeilik.

Karamitroglou (1997:7) beveel ook aan dat een lang reël in twee korter reëls omskep word in onderskrifte omdat dit, volgens hom, deur die brein as meer inligting gesien word, wat tot gevolg het dat die brein dit dan vinniger prosessee. Die twee reëls moet so ver as moontlik ewe lank wees om die leesbaarheid te vergemaklik. In gevalle waar een reël langer as die ander is, word verkies om die boonste reël die langer een te maak, sodat dit 'n onderstebo piramide vorm.

Die vertaal van humor in onderskrifte kan problematies wees, omdat humor as van die moeilikste vertaalbare aspekte in gewone vertaling en in oudiovisuele vertaling gesien word. Hockett (1977) skryf dat woordspel in twee kategorieë verdeel kan word, naamlik "prosaïes" en "poëties". "Prosaïese" humor is gekoppel aan wêreldkennis, terwyl "poëtiese" humor homself beperk tot die taal self.

Volgens De Rosa, Bianchi, De Laurentiis en Perego (2014:18) is humor inherent sosiaal van aard. In teenstelling daarmee is die aksie om te lag 'n fisiese fenomeen wat net so min kultuur-spesifiek is as om te nies of hoes.

Wat humor in oudiovisuele tekste problematies maak, volgens De Rosa et al (2014:168) is dat dit in die visuele beeld geanker kan wees, met ander woorde, 'n grap kan wentel om 'n spesifieke element in die beeld van dieselfde teks. In Hoofstuk 4: Data en analise, word 'n voorbeeld getoon van 'n grap wat nie sonder die visuele beeld op die skerm snaaks gevind kan word nie.

'n Verdere kompleksiteit van humor wat gekoppel is aan die visuele beeld, is wanneer die grap nie in die doelkultuur bestaan of vertaal kan word dat die humor steeds behoue bly nie. Dit kan ook nie vir



'n ander kultuurspesifieke grap verruil word nie, omdat daardie grap dan nie met die visuele beeld ooreen sal stem nie en dus ook nie sal sin maak vir die doelkyker nie.

Volgens De Rosa et al (2014:21) is humor in oudiovisuele vertaling wat gebaseer is op nie-standaard uitspraak, baie moeilik vertaalbaar, aangesien dit in die doeltaal 'n ander betekenis kan hê. Daar moet ook versigtig met nie-standaard uitspraak en aksente gewerk word, want in lande soos Suid-Afrika is dit nie gekoppel aan 'n sekere klas nie, maar aan 'n etniese groep wat maklik as rassisme ervaar kan word.

Volgens Chiaro (2005) is daar drie strategieë om verbale humor, of verbaal uitgedrukte humor, te vertaal:

- die uitruiling van verbaal uitgedrukte humor in die brontaal met 'n voorbeeld van verbaal uitgedrukte humor in die doeltaal
- die vervanging van die brontaal verbaal uitgedrukte humor met 'n idiomatiese uitdrukking in die doeltaal
- die vervanging van die brontaal verbaal uitgedrukte humor met 'n voorbeeld van kompenserende verbaal uitgedrukte humor iewers anders in die doelteks.

In die volgende onderafdeling gaan daar gekyk word na moontlike negatiewe gevolge van onderskrifte en of dit die positiewe oorskry.

2.3.2 Negatiewe gevolge van die gebruik van onderskrifte

In die onderstaande onderafdeling word die negatiewe gevolge van onderskrifte ondersoek. Daar word ook nagevors of dit taal-aanleeders in die klaskamer kan help of hinder.

Volgens d'Ydewalle, Praet, Verfaillie en Van Rensbergen (1991) sal kykers wat die gesproke taal verstaan onwillekeurig die onderskrifte lees omdat dit heeldyd opflits teen die skerm. Selfs kykers wat nog nooit in hul lewens met onderskrifte te doen gehad het nie, lees dit en dus is dit nie 'n gewoonte nie, maar 'n dwanghandeling. Onderskrifte dring dus in op die beeld waarna die kyker kyk en dit trek aandag van die gesproke taal af wanneer hy gelyktydig onderskrifte lees en na die dialoog luister.

Weens beperkte skermspasie, kan onderskrifte slegs in een taal op 'n slag op die skerm verskyn om nie steurend vir die kyker te wees nie. Daar kan gevolglik hoogstens twee tale gelyktydig op 'n televisieprogram uitgesaai word, naamlik die gesproke taal en die geskrewe taal. Met uitsondering is dit ook moontlik om soos met die televisie program *50/50*, wat in drie verskillende tale aangebied word, deurgaans Engelse onderskrifte te verskaf, maar selfs dan word in slegs een gesproke taal op 'n slag aangebied.

Onderskrifskrywing is 'n relatief tydrowende werk. Vir 'n ervare onderskrifskrywer vat dit omtrent 8 ure om 'n video van 30 minute te vertaal en te skryf. Dit sluit die redigering van die onderskrifte aan die



einde van die proses in. Dit baat ook wanneer die onderskrifskrywer eers die video deurkyk om konteks te verkry voordat hy of sy daaraan begin werk. Sodoende word 'n beter idee verkry van wat om te verwag en die tipe taalgebruik en jargon wat gebruik gaan word.

Volgens Rokni en Atnaee (2014:717) is die argument teen onderskrifte dat dit die aandag aflei van tweedetaal aanleerders, of steurend kan wees en daarom die vermoë van die kyker om die nuwe taal te bemeester, belemmer.

Zanón (2006) beweer dat baie kykers die gebruik van onderskrifte as steurend beskou omdat dit visuele inligting verskuil, en dit sodoende die geloofwaardigheid van die film verminder.

Bird en Williams (2002) is nie oortuig dat onderskrifte luistervaardighede verbeter nie, intendeel is hulle van mening dat dit luistervaardighede verswak. Hulle argumenteer verder dat alhoewel sekere studies bewys het dat onderskrifte 'n positiewe uitwerking op die verstaan van 'n teks het, dit eerder kan wees dat die beeld die maklikste manier van verstaan kan wees.

Met ander woorde, die verbeterde begrip van 'n video se storielyn, frases en woordeskat kan moontlik toegeskryf word aan goeie lees-, eerder as luistervaardighede.

Reese (1984) is van mening dat onderskrifte óf die kyker steur, óf geen bydrae lewer tot die aanleer van nuwe inligting nie. Hy voer aan dat die rede daarvoor enkel-kanaal prosessering is, waar mense slegs aan een kanaal op 'n slag aandag kan skenk. Die oorskakeling tussen geskrewe- en gesproke taal verlaag die werking van albei wanneer daar hard aan prosessering gewerk moet word en inligting gaan sodoende verlore.

Rokni en Atnaee (2014:722) het wel in hul studie bevind dat studente wat onderskrifte gebruik het baie beter vaar as die wat nie het nie. In hierdie verhandeling word die voordeel van onderskrifte in die onderwys en opleiding van studente ook gesteun.

In die volgende onderafdeling gaan die ontwikkeling en geskiedenis van onderskrifte deur die jare ondersoek en bespreek word.

2.3.3 Die ontwikkeling van die metode van onderskrifskewing

In hierdie onderafdeling word die ontwikkeling van die metode van onderskrifskewing nagevors en bespreek, soos hoofsaaklik deur Ivarsson (1992) beskryf. Gedurende die ongeveer 150 jaar wat onderskrifte al in gebruik is, het dit vele funksies vervul, verskeie vorms aangeneem en is dit met behulp van verskillende tegnologieë aangebring. Die geskiedenis van onderskrifskewing getuig van die aanpasbaarheid van onderskrifte in die verwesenliking van spesifieke doelwitte asook hoe dit die ontwikkeling van tegnologie dryf.

Onderskrifte het sy oorsprong in intertitels in filmteaters. Aanvanklik was daar stilfilms met 'n geskrewe stuk teks tussen die tonele wat op 'n stuk papier of karton gedruk is. Later het die gebruik van stemme



in die films die stukke teks oorbodig gemaak. Daar het egter mettertyd 'n aanvraag ontstaan na onderskrifte vir dowe en hardhorende mense, asook anderstaliges (Ivarsson, 1992:10).

Die eerste onderskrifmetode het 'n aparte filmrol gehad wat net die onderskrifte bevat het en wat dan gelyktydig bo-oor die oorspronklike film geprojekteer was. Die sinkronisasie hiervan was 'n groot uitdaging en dit het nie groot sukses behaal in die bedryf nie (Ivarsson, 1992:12;13).

Tot onlangs toe is die gebruik van 'n "spotter" en 'n vertaler in kombinasie gebruik in die skepping van onderskrifte. Die "spotter" luister na die film en merk die presiese begin- en eindtye af van elke spreekbeurt waarvoor onderskrifte geskryf moet word. Die "spotter" is 'n tegnikus, nie 'n vertaler nie. Daarna vertaal die vertaler die gesproke teks en maak seker dat die teks in die tydgreep inpas. Dit word gevolg deur 'n tweede tegnikus wat die onderskrifte op die film aanbring – 'n taak wat die tegniese vaardigheid van die vertaler oorskry (Ivarsson, 1992:11;12).

Meganiese en termiese onderskrifte is van die eerste metodes wat gebruik is om onderskrifte direk op die film aan te bring. Meganiese onderskrifte het behels dat die emulsielaag van die film saggemaak word deur dit in 'n bad te week en dan die sagte laag weg te skraap om 'n letter te vorm. Nadat dit weggeskraap is, word die film dan drooggemaak om die emulsie weer hard te maak.

Termiese onderskrifte werk op 'n soortgelyke manier, maar sluit die week- en droogmaakproses uit. Die letters word verhit tot 'n temperatuur waarby die emulsie van die film sal smelt en slegs die deursigtige film oorbly. Die lig van die projektor kan dan deur die deursigtige deel skyn en sodoende letters op die skerm vertoon.

Die probleem met hierdie twee metodes is dat die letters nie altyd sigbaar is nie en ook nie altyd eenvormig is nie. Die plekke waar die emulsie verwyder is, het ook veroorsaak dat die film baie maklik verweer en dat stof opgegaan het in daardie areas. Omdat daar meer tegnici betrokke was in hierdie prosesse het daar baie spelfoute ingesluip in die onderskrifte (Ivarsson, 1992: 12).

Fotochemikaliese onderskrifte is geskep deur 'n dun laagie was of paraffien op die emulsielaag van die film te plaas en dan warm letters, met 'n temperatuur van tot 100 °C, op die laagie te plaas om onderskrifte te vorm. Die waslagie smelt dan weg en laat 'n deursigtige emulsie waar die projektor se lig kan deurskyn. Die res van die was, word laastens met bleikmiddels van die film afgewas. Hierdie metode het duidelik leesbare letters gemaak op die film, al was die buitelyne van die letters grof van die paraffien. Hierdie was ook een van die goedkoopste metodes wanneer minder as 10 kopieë van 'n film onderskrifte moet kry (Ivarsson, 1992:13).

Optiese onderskrifte is geskep deur fotografiese onderskrifte direk op die negatiewe van die film in swart aan te bring, sodat wanneer dit na die positiewe toe verwerk word, die onderskrifte wit sal wees. Hierdie metode is eers raampie vir raampie gedoen, maar later is die onderskrif net een keer geskryf



met die hoeveelheid tyd tussenin en is dit oorgedra en gesinchroniseer op die film. Die probleem met hierdie metode was dat die negatiewe gewoonlik nie beskikbaar was nie en daar dan 'n omslagtige proses gevolg moes word om die inter-negatiewe te kry (Ivarsson, 1992:14;15).

Laser onderskrifte het ontstaan in die 1980's en die proses was amper dieselfde as die voriges. Die onderskrifte was vertaal en op die regte plek geplaas deur die raampies te tel of na die tydkode te verwys. Die onderskrifte was dan in so 'n formaat aangebring dat dit deur 'n rekenaaraangedrewe laser gelees kon word, wat dan die onderskrifte in die film kon inbrand. Die laser het die emulsielaag op dele van die film verwyder, maar die onderste laag van die film het onaangeraak gebly. Die laser het onopsetlik 'n donker randjie om die letters veroorsaak, wat die leesbaarheid van die onderskrifte verbeter het (Ivarsson, 1992:17).

Daar is gou besef dat film onderskrifte wat in die bioskoop goed leesbaar was, nie suksesvol was op 'n televisieskerm nie, grotendeels omdat daar minder kontras op 'n televisieskerm is as op die filmteaterdoek. Daar moes dus 'n nuwe formaat van onderskrifte geskep word vir televisieprogramme en films wat op televisie uitgesaai word (Ivarsson, 1992:20;20).

Optiese film onderskrifte vir televisie is geskep deur die onderskrifte op papier te skryf en dan 'n kamera te gebruik om eenraam foto's daarvan te neem. Die negatiewe is dan deur 'n telecine gevoer en het saam met die dialoog op die skerm verskyn. Vir hierdie tegniek is daar donker gekleurde onderskrifbokse onder aan die skerm geplaas sodat die onderskrifte duidelik sigbaar kon wees, selfs teen 'n ligte agtergrond (Ivarsson, 1992:21;22).

Later ontstaan daar opskrifgenereerders wat die doel gehad het om direk op die beeld die opskrif van die spesifieke beeld op die skerm te laat verskyn. Die donker gekleurde agtergrondboks vir die onderskrifte was dus nie meer nodig nie, omdat die skrif hulle eie kleure en agtergrondskadu's kon hê, maar dit was onvanpas vir groot hoeveelhede onderskrifte (Ivarsson, 1992:24).

Teleteks se primêre doel was om inligting en advertensies op 'n geskrewe manier weer te gee, maar die sekondêre doel was om onderskrifte vir gehoorgestremdes te verskaf. Deur 'n dekodeerder te gebruik kon kykers die teleteks aansit. Geslote onderskrifte en ander teleteks word saam met 'n deel van die televisiesein uitgestuur en met behulp van die dekodeerder, word dit ingemeng in die beeld op die skerm (Ivarsson, 1992:24;25).

Elektroniese onderskrif-insluiting deur "keyer" het ontstaan uit die opskrifgenereerders. Dit het 'n rekenaarbeheerde karaktergenereerder gebruik om die onderskrifte te skep en uit te saai. Dit is aan die oudiovisuele sein van die televisie gekoppel om saam uitgesaai te word. Wanneer 'n onderskrif benodig word, is die karakters elektronies gegenereer en saam met die beeld uitgesaai (Ivarsson, 1992:25).



Toe tydkode ontstaan het, het dit 'n rewolusionêre verandering in onderskrifskrywing teweeg gebring. Vertalers kon nou self, deur sagteware op hulle eie rekenaars te installeer, al die tegniese aspekte behartig en sodoende die gehalte van die onderskrifte drasties verbeter. 'n Tydskodekopie video van die produksie asook 'n VCR (video opnemer) is nodig saam met die sagteware (Ivarsson, 1992:26).

Toe bioskoopfilms aanvanklik op televisie uitgesaai is, is bevind dat die bioskoop onderskrifte te vinnig was en moeilik gevolg kon word deur die televisiekykers. Daar is toe besluit om twee stelde onderskrifte te maak, een vir die bioskoop en een vir die televisie (Ivarsson, 1992:26;27).

Digitale onderskrifskrywing beteken dat die kyker met 'n dekodeerder onderskrifte in verskillende tale en groottes kan sien. Die beeldkwaliteit sal ook beter wees en die kyker kan selfs kies of hy eenvoudiger onderskrifte wil sien of selfs meer gedetailleerde onderskrifte vir die dowe mense. Video DVD kan vier oorgeklankte klankbane hê asook tot 34 verskillende weergawes onderskrifte. Dit kan elk op sy eie gebruik word of dit kan gekombineer word met mekaar om die ervaring vir die kyker te verbeter (Ivarsson, 1992:29;30).

Hedendaagse onderskrifte kan geskep word op enige rekenaar of skootrekenaar waarop die onderskrifskrywing sagteware geïnstalleer is. 'n Baie goeie onderskrifskrywingsprogram is Aegisub en dit is gratis beskikbaar vir enigiemand wat onderskrifte wil skryf.

Wat Aegisub baie goed maak is die glyskaal op die tydsaanduier. Die een kant van die glyer kan aan die begin van die uiting geplaas word en die ander glyer aan die einde van die uiting. Dit sal die perfekte verskyn- en verdwyntye vir die onderskrifte gee en daar kan herhaaldelik na die gedeelte tussen die twee glyers geluister word om seker te maak dat die onderskrif akkuraat is.

Aegisub dui ook aan hoeveel karakters gebruik is deur die karakterhoeveelheid pienk of rooi te kleur en sodoende kan die gebruiker sien of daar te veel karakters per onderskrif is.

Die onderskrifte wat deur Aegisub geskep word, word in 'n '.ass' lêer gestoor. Dit kan dan oopgemaak word saam met die video wat die beeld en klank bevat en sal dan gesinchroniseer speel. Die '.ass' lêer kan ook in 'n '.txt' dokument omskep word indien 'n vervaardiger dit in daardie formaat verlang. Enige video kan deur Aegisub van onderskrifte voorsien word.

Vervolgens gaan daar gekyk word of onderskrifskrywing as vertaling gesien kan word.



2.3.4 Kan onderskrifskrywing as vertaling beskou word?

In hierdie onderafdeling word daar nagevors of onderskrifskrywing as vertaling gesien kan word en of dit slegs 'n verwerking van die oorspronklike gesproke taal is.

As gevolg van die oudiovisuele aspekte, soos die tydelike en ruimtelike beperkings van onderskrifskrywing, voel baie dat dit eerder verwerking as normale vertaling is (Díaz-Cintas en Remael, 2007:9).

Volgens Törnqvist (1998) is daar vier hoofverskille tussen normale vertaling en onderskrifskrywing naamlik:

1. Die leser van gedrukte literatuur vergelyk nie die doelteks met die bronteks nie, terwyl die leser van onderskrifte dit outomaties deurentyd doen, veral wanneer die kyker die brontaal goed verstaan.
2. Die vertaler van gedrukte media het meer ruimte om ingewikkelde konsepte te verduidelik, soos deur voetnotas te gebruik, terwyl dit heeltemal onmoontlik vir die onderskrifskrywer is.
3. Die vertaling van gedrukte literatuur word ook vanuit gedrukte literatuur gedoen, terwyl onderskrifskrywing vanuit gesproke taal na geskrewe taal vertaal moet word.
4. In onderskrifte moet uitgerekte boodskappe verdig word waar gedrukte literatuur nie daardie probleem het nie.

Volgens Palmer (2005) is daar 'n tendens, selfs onder onderskrifskrywers, om film onderskrifskrywing as 'n verwerking, eerder as 'n vertaling te sien. Hy argumenteer voorts dat die uitsluiting van film onderskrifskrepping nie billik is nie en dat die houding teenoor film onderskrifskrepping verander moet word.

Met verwysing na buitelandse films, is die nuwe term "verwerkings" oorbodig verwarrend. Film onderskrifskrepping, wanneer die proses uitsluitlik oorgang van een taal na 'n ander behels, is vertaling (Palmer, 2005:9).

Volgens Palmer (2005:9) word strategieë soos kulturele uitruiling, weglating en opmaak, deur professionele vertalers gebruik. Hierdie strategieë is net so van toepassing op vertaling en onderskrifskrepping van film en fiksie. Algemene vertaalteorie akkommodeer outomaties onderskrifskrepping saam met literêre vertaling, die raamwerk vir albei.

Volgens Chaume (2018:89) is twee vertalings in twee variëteite van dieselfde taal, soos Europese Portugees en Brasiliaanse Portugees, nie dieselfde teks nie. So, die term "vertaling" impliseer nie die oordrag van 'n teks in slegs een taalvariëteit nie.

Verder skryf Chaume (2018:89) dat daar geen twyfel is in watter kategorie onderskrifte vir dowe en



hardhorende kykers val nie. Mens kan argumenteer dat die gesproke dialoog aangepas word en naastenby dieselfde weergegee word in die onderskrifte. Onderskrifte en die gesproke dialoog bevat nie dieselfde inligting nie omdat onderskrifte as 'n opsomming van die gesproke uitings gesien kan word. Onderskrifte kan eenvoudig nie al die gesproke taal weergee nie. Hy skryf ook dat onderskrifte, veral intertalige onderskrifte, outomaties 'n verdigting impliseer.

Chaume (2018:89) argumenteer dan dat onderskrifte vir dowe en hardhorende kykers nie heeltemal onder 'n verwerkings val nie, omdat die dialoog nie netso weergegee word nie en heelwat aanpassing verg. Hy skryf voorts dat sulke onderskrifte in vier verskillende kodes geskep word wat dit te kompleks maak vir slegs verwerkings. Hy postuleer dat sommige onderskrifte vir dowe en hardhorende kykers intertalig is en dat daar geen twyfel is dat dit wel 'n vertaling is nie.

Volgens Neves (2005) is daar 'n meer omvattende term nodig wat al die oudiovisuele vertalingsmetodes insluit, veral die gesproke 'onderskrifte' vir blinde mense. Die term is vertaalverwerkings (transadaptation) en sluit alle vertaal- en verwerkingsaspekte in.

In die volgende onderafdeling word daar wegbeweeg van vertaalteorie af en word die verwysingsraamwerk nagevors en verduidelik.

2.4 Verwysingsraamwerk

In hierdie onderafdeling word die verwysingsraamwerk, wat bestaan uit die ekwivalensie teorie, die funksionele teorie en die semiotiese teorie, bespreek en uitgebrei.

2.4.1 Ekwivalensie

Die eerste teorie wat bespreek word in hierdie onderafdeling is die ekwivalensie teorie, terwyl nie-ekwivalensie ook ondersoek word.

Jakobson (1959:126-131) glo dat daar drie tipes vertaling is, naamlik intratalig, intertalig en intersemioties. Volgens Jakobson (1959:162-131) behels intertalige vertaling die uitruiling van 'n boodskap in een taal, nie vir losstaande kode eenhede nie, maar met 'n hele boodskap van 'n ander taal.

In Jakobson (1959:162-131) se bespreking fokus die probleem van betekenis en ekwivalensie op die verskille in struktuur en terminologie van taal eerder as op die onmoontlikheid om 'n boodskap wat geskryf of gesê is in 'n ander taal te verstaan.

Die Sapir-Whorf hipotese stel dat die verskille in taal 'n verskil in konseptualisering van die wêreld skep (Munday, 2016:60). Hierdie hipotese is egter later verkeerd bewys, wanneer sprekers van verskillende tale steeds 'n konsep, waarvoor daar nie 'n woord in hul taal bestaan nie, kan verstaan en net 'n frase gebruik om dit te omskryf.



Chomsky se generatiewe vertaalmodel analiseer sinne in 'n reeks vlakke met spesifieke reëls (Chomsky, 1957/1965). Dit kan opgesom word as 'n proses waartydens frasestruktuurreëls aangewend word om 'n onderliggende- of dieptestruktuur te genereer, wat getransformeer word deur transformasiereëls wat onderliggende strukture verbind om 'n finale oppervlakstruktuur te produseer (Munday, 2016:62;63).

Volgens Nida en Taber (1969:39) word basiese strukturele elemente waarop taal gebou word ondersoek deur die generatiewe transformasiegrammatika se vier tipes funksionele klasse. Die vier klasse is as volg:

1. gebeurtenisse
2. voorwerpe
3. abstrakte
4. verhoudings

Betekenis word opgebreek in drie kategorieë: linguistieke betekenis, referensiële betekenis en emotiewe of konnotatiewe betekenis (Munday, 2016:65;66). Linguistieke betekenis is die verhouding tussen die verskillende linguistieke strukture. Referensiële betekenis is die denotatiewe betekenis, of die woordeboek betekenis. Emotiewe of konnotatiewe betekenis is dit wat geassosieer word met die woord wat geproduseer word (Munday, 2016:66).

Formele ekwivalensie fokus op die boodskap in beide vorm en inhoud (Nida, 1964a:159). Formele ekwivalensie is later formele korrespondensie genoem (Nida en Taber, 1969:22-28). Die mees tipiese van hierdie vertalings is die sogenaamde "gloss" vertalings wat na aan die brontaalstruktuur bly en dikwels gepaard gaan met voetnotas. Hierdie tipe vertaling word die meeste gebruik in akademiese skryfwerk of regsdokumente (Munday, 2016:68).

Dinamiese ekwivalensie, later funksionele ekwivalensie, is gebaseer op die beginsel van die ekwivalensie effek, waar die verhouding tussen die ontvanger en die boodskap dieselfde as die verhouding tussen die oorspronklike ontvanger en boodskap is (Nida, 1964a:159). Die natuurlikheid van die vertalings is die belangrikste vir Nida (Munday, 2016:68).

Nida (1964a:164) het vier basiese vereistes vir 'n vertaling, naamlik:

1. dit moet sin maak
2. dit moet die gees en die wyse van die oorspronklike oordra
3. dit moet 'n natuurlike en maklike manier van uitdruk hê
4. dit moet 'n soortgelyke reaksie uitlok.



Voorbeelde van ekwivalensieverskille kom voor in die graad van geslag, byvoorbeeld 'n deur is vroulik in Duits, die graad van aspek en die graad van semantiese velde, soos in verwantskapsterme (Munday, 2016:61).

Die probleem van nie-ekwivalensie is dat daar soms geen direkte ekwivalent is vir 'n woord in die brontaal nie. Daar is soms slegs superordinate en hiponieme in die doeltaal beskikbaar vir die woord in die brontaal (Baker, 1992:17).

Daar bestaan nie-ekwivalensie op woordvlak en nie-ekwivalensie bokant woordvlak (Baker, 1992). Algemene probleme met nie-ekwivalensie op woordvlak kan soos volg gelys word (Baker, 1992:18-23):

- a) Kultuurspesifieke konsepte
- b) Die brontaal konsep is nie geleksikaliseer in die doeltaal nie
- c) Die brontaal woord is semanties kompleks
- d) Die brontaal en doeltaal maak verskillende onderskeidings in betekenis
- e) Die doeltaal het nie 'n superordinaat nie
- f) Die doeltaal het nie 'n spesifieke term nie (hiponiem)
- g) Verskille in fisiese of interpersoonlike perspektief
- h) Verskille in ekspressiewe betekenis
- i) Verskille in vorm
- j) Verskille in die gereeldheid en doel van die gebruik van 'n spesifieke term
- k) Die gebruik van leenwoorde in die bronteks

Die onderstaande lys is algemene strategieë om nie-ekwivalensie op woordvlak op te los volgens Baker (1992:23-44):

- a) Vertaling deur 'n meer algemene woord te gebruik (superordinaat)
- b) Vertaling deur 'n meer neutrale/minder ekspressiewe woord te gebruik
- c) Vertaling deur kulturele uitruiling
- d) Vertaling deur net 'n leenwoord of 'n leenwoord saam met 'n verduideliking te gebruik
- e) Vertaling deur te parafraseer en die verwante woord te gebruik
- f) Vertaling deur te parafraseer en onverwante woorde te gebruik
- g) Vertaling deur weglating



h) Vertaling deur illustrasie

Probleme met nie-ekwivalensie bo woordvlak wat te doen het met kollokasies kan as volg gelys word (Baker, 1992:58-67):

- a) Die onvertaalbare effek van brontaal struktuur
- b) Die wanvertolking van 'n brontaal kollokasie
- c) Die spanning tussen akkuraatheid en natuurlikheid
- d) Kultuurspesifieke kollokasies
- e) Gemerkte kollokasies in die bronteks

Onderstaande word 'n lys met probleme met nie-ekwivalensie bo woordvlak wat te doen het met idioome en vaste uitdrukkings gelys (Baker, 1992:71-75):

- a) 'n Idioom of vaste uitdrukking het moontlik geen presiese ekwivalent in die doeltaal nie
- b) 'n Idioom of vaste uitdrukking mag 'n soortgelyke pasmaat in die doeltaal hê, maar die konteks waarin dit gebruik word kan verskil, die twee uitdrukkings kan verskillende konnotasies hê of hulle kan nie pragmaties oorgedra word nie
- c) 'n Idioom kan in die brontaal gelyktydig in sy letterlike en idiomatiese sin gebruik word
- d) Die konvensie om idioome in geskrewe taal te gebruik, die konteks waarin dit gebruik kan word en die gereeldheid waarmee dit gebruik word kan verskil in die bronteks en doelteks

Die onderstaande lys bestaan uit vertaalstrategieë vir idiomatiese taalgebruik volgens Baker (1992:76-86):

- a) Die gebruik van 'n idioom met soortgelyke betekenis en vorm
- b) Die gebruik van 'n idioom met soortgelyke betekenis, maar 'n verskil in die vorm
- c) Die leen van 'n brontaal-idioom
- d) Vertaling deur te parafraseer
- e) Vertaling deur die vermyding van die spelling van 'n idioom se betekenis- dus deur slegs die letterlike betekenis van 'n idioom toe te laat
- f) Vertaling deur die vermyding van die hele idioom

In oudiovisuele vertaling is dit belangrik dat die verrassing van die boodskap nie bederf moet word deur 'n ekwivalente vertaling te maak nie.



Kritiek teen die ekwivalensie teorie is dat dit subjektief is en dat Nida se vertalingsteorie nie wetenskaplik is nie. Verdere kritiek teen Nida is dat die dinamiese ekwivalensie teorie ontwerp is om die ontvangers van die teks te bekeer en te oortuig van die dominante idees van Protestantse Christendom (Gentzler, 1993/2001). Dus is die manier waarop die Bybel vertaal en herskryf word 'n baie kontroversiële onderwerp.

Koller (1979a:186-191) onderskei vyf tipes ekwivalensie verhoudings:

- a) denotatiewe ekwivalensie
- b) konnotatiewe ekwivalensie
- c) teksnormatiewe ekwivalensie
- d) pragmatiese ekwivalensie
- e) formele ekwivalensie

Denotatiewe ekwivalensie, in ander literatuurinhoud slegs ekwivalensie genoem, het te doen met ekwivalensie van die buitetalige inhoud van 'n teks.

Konnotatiewe ekwivalensie handel met die leksikale keuses, veral tussen amper sinonieme woorde.

Teksnormatiewe ekwivalensie het te doen met die teks tipes en dat verskillende tipes tekste verskillend sal optree.

Pragmatiese ekwivalensie, of kommunikatiewe ekwivalensie volgens Newmark (1981) en dinamiese ekwivalensie volgens Nida (1964a), is gefokus op die ontvanger van 'n teks of 'n boodskap.

Formele ekwivalensie, deur ander uitdrukkings ekwivalensie genoem, het te doen met die vorm en die estetiese eienskappe van die teks. Dit sluit in woordspeling en individuele stilistiese eienskappe van die bronteks (Munday, 2016:75).

In masjienvertaling word daar ook twee verskillende tipes ekwivalensie gevind: A) natuurlike ekwivalensie kom voor waar die fokus val op die identifisering van terme wat natuurlik voorkom in die brontaal en doeltaal. Vertaalglossariums en termbasisse soek gereeld natuurlike ekwivalensie in die relevante tale. B) gerigte (directional) ekwivalensie is waar die fokus val op die analisering en lewering van die brontaal betekenis in 'n ekwivalente vorm in die doeltaal. Die gebruik van vertalingsgeheues behels die werk op 'n korpus bestaande uit klaar vertaalde materiaal. Dit stel reeds bestaande ekwivalente aan die vertaler voor deur die opsporing van presiese of benaderde (*fuzzy*) pasmaats in die databasis (Munday, 2016:78).

In die volgende onderafdeling word die funksionele vertaalteorie kortliks uiteengesit.



2.4.2 Funksionele vertalings

In die onderstaande onderafdeling word die tweede teorie, die funksionele teorie, uiteengesit met verwysing na die skoposteorie en hoe dit in vertaling gebruik kan word.

Die funksionele teorie is gebou op die ekwivalensieteorie, maar die funksionele teorie soek 'n ekwivalent vir die teks as 'n geheel, anders as die ekwivalensieteorie. Dit probeer ook 'n sisteem skep vir die assessering van vertaling (Reiss, 1977/1989).

Die funksionele teorie is ook gebaseer op die drie taalfunksies van Bühler (1934) wat die informatiewe funksie, die uitdrukkingsfunksie en die appèlfunksie is. Dit stem baie ooreen met die teorie van Reiss, waar die appèlfunksie verander in die operatiewe funksie.

Die informatiewe funksie verteenwoordig voorwerpe en feite, die taaldimensie is logies, die teks is gefokus op inhoud, die referensiële inhoud moet oorgedra word en die vertalingsmetode is gewone prosa wat duidelik gemaak moet word wanneer nodig.

Die ekspressiewe funksie druk die sender se houding uit, die taaldimensie is esteties, die teks is gefokus op die vorm, dit moet 'n estetiese vorm oordra en die vertalingsmetode is die identifiseringsmetode, wat die perspektief van die brontaalouteur aanneem.

Die operatiewe funksie (appèlfunksie volgens Bühler, 1934) is appellerend en maak dus 'n appèl op die teksontvanger, die taaldimensie is dialogies, die teks is appèl gefokus, dit moet die gewenste reaksie uitlok en die vertaalmetode is aanpassend met ekwivalente effek (Reiss, 1971/2000) (Munday, 2016:115).

Onderstaande word die vier hoofeienskappe van elke tekstipe volgens Reiss (1976:108;109) gelys:

- a) Informatiewe tekstipe: gewone kommunikasie feite
- b) ekspressiewe tekstipe: kreatiewe komposisie/samestelling
- c) operatiewe tekstipe: veroorsaak 'n gedragsreaksie
- d) oudio-mediale tekste: onder andere films en visuele en gesproke advertensies wat die ander drie funksies ondersteun (Munday, 2016:115;116).

Die kritiek teen hierdie teorie is dat daar slegs drie kategorieë is en dat daar sekere tekste is wat nie in een van die drie kategorieë sal pas nie. Oudiovisuele vertaling sal in 'n vierde kategorie, multimodale vertaling, pas. Nord (1988/2005) onderskei verskillende teks-eksterne faktore en teks-interne faktore wat in ag geneem moet word in die ontleding van 'n bronteks en vertaalopdrag om te bepaal of 'n doelteks wel moontlik sal wees. In die onderstaande lys word teks-eksterne faktore in die ontleding van 'n bronteks genoem:

- a) Sender
- b) Bedoeling (intensie)



- c) Ontvanger
- d) Medium
- e) Plek
- f) Tyd
- g) Motief
- h) Teksfunksie

Die onderstaande lys benoem teks-interne faktore in die ontleding van 'n bronteks:

- a) Onderwerp
- b) Inhoud
- c) Voorveronderstellings / voorafkennis
- d) Opbou van die teks
- e) Nieverbale elemente
- f) Leksis
- g) Sinsbou
- h) Suprasegmentele eienskappe

Skoposteorie is 'n onderafdeling van die funksionele teorie en is ontwerp deur Hans Vermeer as 'n tegniese term vir vertaling en die aksie van vertaling. Dit fokus op die aksie van vertaling wat te doen het met die bronteks (Munday, 2016:126).

Die onderliggende reëls van die skoposteorie volgens Reiss en Vermeer (2013:94) word in die lys hieronder genoem (Munday, 2016:127):

- a) 'n Vertalingsaksie word bepaal deur sy skopos
- b) Dit is 'n aanbod van inligting in 'n doelkultuur en doeltaal wat te doen het met 'n aanbod van inligting in 'n bronkultuur en brontaal
- c) Die doeltteks inisieer nie 'n aanbod van inligting in 'n duidelik omkeerbare manier nie
- d) 'n Doeltteks moet intern koherent wees
- e) 'n Doeltteks moet koherent wees met die bronteks
- f) Die bogenoemde vyf reëls staan in hiërargiese volgorde met die belangrikste reël heel bo.

Nord (1988/2005) verduidelik daar is twee basiese tipes vertalings naamlik dokumentêr en



instrumenteel. 'n Dokumentêre vertaling dien as 'n dokument van 'n bronkultuur se kommunikasie tussen die skrywer en die doelteksontvanger. 'n Instrumentele vertaling dien as 'n onafhanklike boodskapoordraende instrument in 'n nuwe kommunikerende aksie in die doelkultuur en is bedoel om sy kommunikerende doeleindes te vervul sonder dat die ontvanger bewus is dat hy 'n teks lees wat voorheen in 'n ander vorm was.

In die volgende onderafdeling gaan die semiotiese teorie in omvangryke detail bespreek word omdat dit die hooftorie is wat in die verhandeling gebruik gaan word.

2.4.3 Semiotiek

Die bogenoemde teorieë is nie genoegsaam om die oudiovisuele veld te beskryf nie, dus word 'n semiotiese raamwerk benodig. In hierdie onderafdeling word Saussure en Peirce se teorieë van semiotiek ondersoek, alhoewel Peirce se teorie die hooftorie is wat in hierdie verhandeling gebruik word.

2.4.3.1 Saussure

In hierdie onderafdeling word daar net 'n kort oorsig oor Saussure se semiotiese teorie gegee omdat dit nie die fokus is van hierdie verhandeling nie.

Saussure het 'n ander manier om tekens te klassifiseer as Peirce in die volgende onderafdeling: aanduiers en aangeduide. Die aanduier (*signifier*) is die vorm wat die teken aanneem. Die aangeduide (*signified*) is die konsep wat die teken voorstel (Chandler, 2017). Volgens Saussure is 'n teken 'n kombinasie van die twee (Saussure, 1983; Saussure, 1974). Die verhouding tussen die twee word aanduiding, (*signification*) genoem (Chandler, 2017). 'n Teken is 'n herkenbare kombinasie van 'n aanduier met 'n spesifieke aangeduide.

Die Saussureaanse model met sy beklemtoning van die interne struktuur binne 'n tekensisteem ondersteun die mening dat taal nie die realiteit reflekteer nie, maar dit eerder konstrueer (Chandler, 2017).

In die onderstaande onderafdeling gaan Peirce se semiotiek in meer detail bespreek word.

2.4.3.2 Peirce

Peirce se semiotiek word in hierdie onderafdeling in groot detail beskryf en nagevors om 'n beter oorsig en begrip van die teoretiese raamwerk te skep wat in hierdie verhandeling gebruik gaan word om onderskrifte te analiseer.

Peirce het 'n teorie ontwikkel wat terselfdertyd algemeen, driedelig- en pragmaties is (Everaert-Desmedt, 2011). Dit staan in kontras teenoor Saussure se model en bestaan uit drie dele: *representamen*, *interpretant* en *object* (Chandler, 2017).



Die *representamen* is die vorm wat die teken aanneem en dit is nie noodwendig materieel nie. Dit is amper dieselfde as Saussure se aanduier (Silverman, 1984). Die *interpretant* is nie die interpreteer van 'n teken nie, maar eerder die sin maak van die teken. Dit is weer amper dieselfde as Saussure se aangeduide, maar anders as by die aangeduide is die *interpretant* self ook 'n teken in die menslike brein. Die *object* verteenwoordig dit wat deur die teken aangewys word (Chandler, 2017).

Die interaksie tussen die *representamen*, *interpretant* en *object* word deur Peirce *semiosis* genoem. Peirce se *semiosis* staan in teenstelling met Saussure se beklemtoning van struktuur. Peirce glo dat alle denke dialogies in vorm is (Hartshorne en Weiss, 1931-35, Burks, 1958). Hierdie siening integreer al die aspekte van semiotiek: pragmatiek (*interpretant*) is onskeikbaar van semantiek (*object*) en sintaksis (*representamen*) (Chandler, 2017).

Peirce onderskei ook tussen die dinamiese voorwerp en die onmiddellike voorwerp. Die dinamiese voorwerp (*dynamical object*) is die voorwerp soos hy in realiteit bestaan. Die onmiddellike voorwerp (*immediate object*) is die voorwerp soos voorgestel deur die teken (Chandler, 2017).

Anders as Saussure definieer Peirce 'n teken nie as die kleinste eenheid van belang nie. Peirce verdeel tekens wel in twee kategorieë: eenvoudig en kompleks.

'n Baie gewilde weergawe van Peirce se semiotiese driehoek bestaan uit: tekervoertuig (*sign vehicle*), begrip (*sense*) en die referent (*referent*). Die tekervoertuig is die vorm van die teken. Die begrip is die sin wat gemaak word van die teken. Die referent is dit waarvoor die teken staan (Chandler, 2017).

Peirce verduidelik ook die verskille tussen ikoontekens, indekstekens en simbole soos bo genoem, maar sy definisie van simbool verskil van Saussure s'n. Saussure gebruik nie die woord simbole om na taal te verwys nie (Chandler, 2017). Peirce sê dat 'n simbool geïnterpreteer word deur 'n reël of gewoontes te gebruik (Hartshorne en Weiss, 1931-35, Burks, 1958).

Hierdie teorie gaan gebruik word om die navorsingsvraag te beantwoord deurdat dit die multimedia aspek van die vraag aanspreek. Dit gaan aspekte soos leestekens en inkrimping van woorde identifiseer en beskryf.

Volgende gaan daar gekyk word na taalpolitiek in die buiteland asook in Suid-Afrika. Daar sal gekyk word na 'n verskeidenheid van taalbeleide en hoe onderskeie taalgroepe in verskillende lande teen mekaar diskrimineer op grond van taal.



2.5 Taalpolitiek

2.5.1 Taalpolitiek in Suid-Afrika

In hierdie onderafdeling gaan die taalpolitiek in Suid-Afrika ondersoek word. Suid-Afrika het 'n menigte argumente oor taalpolitiek omdat daar 11 amptelike tale is wat elkeen veg om groter bestaansreg.

In Suid-Afrika het elke persoon die reg om sy moedertaal te praat en om verteenwoordiging van sy moedertaal te ontvang, maar daar is 'n ongeskrewe hiërargie van tale wat tot gevolg het dat sommige afgeskeep word. Volgens 6.2 in die Suid-Afrikaanse Konstitusie (1996:4) moet die staat die histories benadeelde inheemse tale deur praktiese en positiewe maniere opbou en hul status verhoog en die gebruik van hierdie tale bevorder. Volgens 6.4 van die Suid-Afrikaanse Konstitusie (1996:4) moet alle tale as gelyk behandel word.

In die SABC kry slegs sekere tale voorkeur om in programme, maar ook in onderskrifte, gebruik te word. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die uitsluitlike gebruik van Engelse onderskrifte op die SABC se programme. Die SABC speel 'n baie belangrike rol in die verteenwoordiging van verskillende tale in Suid-Afrika omdat daar 11 amptelike tale is wat almal verteenwoordig moet word. Dit is problematies dat die SABC nie werklik daardie rol vervul nie. Die SABC tref nie eens 'n onderskeid tussen onderskrifte vir dove of hardhorende mense en vir horende mense van 'n ander taal nie.

Volgens die SABC (2004) se taalbeleid streef hulle daarna:

- a) om Suid-Afrikaners in te lig, op te voed en te vermaak in hul moedertale
- b) om 'n begrip en aanvaarding van en tussen verskillende linguistieke en kulturele groepe te bevorder
- c) om by te dra tot die voortdurende ontwikkeling van al 11 amptelike tale asook Suid-Afrikaanse gebaretaal
- d) om meertaligheid in Suid-Afrika te bevorder.

Wanneer die beleid en sy implementering volgens die inhoud van die SABC kanale krities beskou word, is dit duidelik dat daar nie geslaag word in die strewende nie.

Gebaretaal kom slegs voor in die nuus en daar is net een program wat spesifiek op die dove en hardhorende gehoor gerig is, naamlik *DTV*. Verder is daar heelwat programme wat geen onderskrifte het nie en dus 'n dove en hardhorende gehoor heeltemal vervreem. Die programme wat wel onderskrifte het, se onderskrifte is bedoel vir Suid-Afrikaners wat die gesproke taal wel verstaan, maar dit is nie genoeg om heeltemal by te hou met die inhoud nie. Suid-Afrikaanse gebaretaal en Suid-Afrikaners wat doof of hardhorend is, geniet by uitstek die minste verteenwoordiging.



Verder blyk dit dat ongeag watter gesproke taal in 'n program voorkom, die onderskrifte by verstek in Engels is. Dit sluit Engels as 'n gesproke taal in. Daar kan geargumenteer word dat Engels die Lingua Franca van Suid-Afrika is en dat dit dus makliker en goedkoper is om vir alle programme slegs Engelse onderskrifte te skep. Dit is reglynig teen die SABC se beleid om almal in hul moedertaal te onderrig, op te voed en te vermaak.

Die swak implementering van die SABC se beleid bevorder eerder eentaligheid as meertaligheid en hulle neem nie deel aan bewusmaking deur begrip en aanvaarding van ander tale nie. Dit kan selfs die indruk skep dat die SABC sekere tale voortrek deur slegs daardie tale te akkommodeer in hul programme en met onderskrifte.

Volgens Kruger, Kruger en Verhoef (2007:40) is daar op die SABC kanale gedurende kyker spitstyd op SABC 1 slegs 25% van al die programme voorsien van onderskrifte en op SABC 2 slegs 21%. Kruger et al. (2007:41;42) het ook tereg gesê dat aangesien daar so min programme uitgesaai word met onderskrifte, dit daarop dui dat die SABC nie werklik ernstig is om by hul taalbeleid te hou nie.

Programme waar daar in meer van die 11 tale gepraat word, soos *50/50*, het al 'n beter verteenwoordiging van die verskillende tale in Suid-Afrika- die vraag is of dit nie beter is om meer tale in eie reg te verteenwoordig deur aparte programme, eerder as om een program in soveel tale te beelddsaai nie.

In vroeër jare is baie oorsese televisieprogramme en -reekse oorgeklank in 'n Suid-Afrikaanse taal. Omdat oorklanking so duur is, is onderskrifte die logiese keuse, maar die meeste oorsese programme wat in Suid-Afrika uitgesaai word, het geen onderskrifte nie. As sulke programme voorsien kan word van onderskrifte in Suid-Afrikaanse tale, sal dit 'n baie groter deel van die gemeenskap betrek as slegs Engelssprekendes of persone wat Engels goed magtig is.

Navorsing het getoon dat onderskrifte geletterdheid kan bevorder, kinders kan help lees en ook kan help met die aanleer van 'n tweede en derde taal. Dit kan ook 'n effektiewe en ekonomiese manier wees om die taalbeleid, taaldiversiteit en taalregte aan te spreek (Kruger en Rafapa, 2002:3).

'n Verdere hindernis is dat uitsaaikorporasies nie professionele persone aanstel vir onderskrifskewing nie. Dit is 'n baie algemene tendens om aan 'n videotegnikus die werk van onderskrifskewer te gee omdat die werkgewers glo dat dit maar dieselfde werk is. Die probleem daarmee is dat tegnici nie formele opleiding het in die veld van onderskrifskewing nie en dus ook nie die onderskrifskewingsreëls ken nie. Die tweede probleem is dat tegnici nie vertalers is nie en dat hulle taalgebruik en kennis van hoe teks in 'n ander taal en kultuur vertaal behoort te word, ver tekort skiet.



Volgens Alexander (2004:122;123) is die volgende probleme gekoppel aan 'n hoofsaaklik Engels of totale Engelse beleid:

- dit verhoed die meeste van die mense om toegang tot noodsaaklike inligting te verkry en dus ook om volledig aan die demokratiese proses deel te neem;
- dit ondermyn en breek die selfvertroue van tweedetaalsprekers af, veral vir die wat die taal nog aanleer;
- dit versmoor die kreatiwiteit en spontaniteit van sprekers wat in 'n taal wat nie hul eie is nie en wat hulle nie heeltemal vlot kan praat of verstaan nie, moet praat;
- op ekonomiese vlak en in die werksplek veroorsaak dit onnodige blokkasies wat 'n groot negatiewe impak op produktiwiteit en doeltreffendheid het.

Verder ondersoek Webb (2002) die strategiese beplanning van taal en skryf dat dit ook te doen het met die beplanning van die hulpbronne van 'n land en dus gebaseer is op die ideale van daardie land. Suid-Afrika se ideale is uitgedruk in die SA Konstitusie en sluit die volgende in:

- om demokrasie te vestig
- om gelykheid en menseregte te bevorder
- om die mense van die land te ontwikkel
- om regstellende aksie te implementeer
- om die land effektief te administreer
- om nasionale integrasie te bevorder en om wedersydse verdraagsaamheid en respek tussen verskillende kulturele-, linguistieke-, geloofs-, rasse- en sosio-politiese groepe te bevorder om die land se kulturele diversiteit te behou.

Vervolgens word daar gekyk na die taalpolitiek in die buiteland met die fokus op Soedan, die Verenigde State van Amerika en die Europese Unie.

2.5.2 Taalpolitiek in die buiteland

In hierdie onderafdeling word daar gefokus op taalpolitiek in die buiteland. Weens die omvangrykheid van die onderwerp wêreldwyd, word die studie beperk tot drie lande.

Volgens Abdelhay, Makoni en Makoni (2011:4) is Soedan verdeel in Noord Soedan en Suid Soedan. Die Suide word gekenmerk deur die Christelike geloof, Engels en ander inheemse tale. In die Noorde word die Arabiese taal en die Islam geloof grotendeels aangehang. Die post-koloniale regering forseer die Arabiese taal en Islam geloof op die Suide af om die verdeling wat deur die kolonialisering veroorsaak is, te verwyder.



Die vyf hoofstellings in die Soedanse taalbeleid is as volg:

1. dat alle inheemse tale nasionale tale is en dat dit gerespekteer, ontwikkel en bevorder moet word
2. Arabies is die wydgesproke nasionale taal van Soedan
3. Arabies is die hooftaal op nasionale vlak en Engels is die amptelike taal van die Nasionale Regering en die taal van onderrig in tersiêre instansies
4. Saam met Arabies en Engels kan die sub-nasionale regeringsvlak enige van die nasionale tale as addisionele amptelike werkstale op hul vlak gebruik
5. Daar sal nie gediskrimineer word teen die gebruik van enige een van die tale op enige vlak van regering of onderrig nie Abdelhay, Makoni en Makoni (2011:6).

Verder skryf Abdelhay, Makoni en Makoni (2011:6) dat, ten spyte van die feit dat alle inheemse tale as nasionaal geklassifiseer word, hulle nie gelyk behandel word nie. In die ondertekende dokument tussen die twee partye, Noord Soedan en Suid Soedan, word die woord “shall” gebruik in terme van respek, ontwikkeling en bevordering van inheemse tale. Daar word verder uitgewys dat die dokument nie aandui “wie” verantwoordelik is vir die respektering, ontwikkeling en bevordering van inheemse tale nie, en dat die persepsie dat die tale ongelyk behandel word, verrassend is.

Die tweede stelling impliseer dat Arabies die dominante taal in Soedan is sonder om die woord “dominant” te gebruik. Dit is om Arabies in ’n meer positiewe lig te stel en sodat daar nie besef kan word dat kleiner inheemse tale dalk agter sal bly of verlore kan gaan deur die dominante Arabies nie (Abdelhay, Makoni en Makoni, 2011:7).

Die derde stelling plaas Arabies en Engels op dieselfde vlak in die regering en in hoër onderwys, maar volgens Abdelhay, Makoni en Makoni (2011:8) is dit onwaar, aangesien Arabies reeds as ’n ‘wydgesproke taal’ en ’n ‘hooftaal’ benoem is vroeër in die verklaring.

Die vierde punt dui op die hiërargie van tale in Soedan. Die eerste twee tale is die hooftale, met Arabies wat hoër as Engels geag word, en as ’n nagedagte mag daar nog ’n nasionale taal gebruik word in sub-nasionale regeringsvlakke (Abdelhay, Makoni en Makoni, 2011:9).

In die vyfde punt word die Engelse woord “either” gebruik, ’n aanduiding dat die bedoeling Arabies of Engels is in teenstelling met inheemse tale. Dit is dus maklik om teen die ander inheemse tale te diskrimineer sonder nagevolge (Abdelhay, Makoni en Makoni, 2011:9).

Daar word deurgaans van die lydende vorm gebruik gemaak in hierdie dokument wat deur die twee partye, Noord Soedan en Suid Soedan, onderteken is, veral waar verwys word na wie verantwoordelik is vir die navolging daarvan. Dit bring mee dat niemand verantwoordelikheid neem in die verband nie.



Daar kan ook uit die data afgelei word dat die Arabiese party die dokument opgestel het, omdat alles subtiel in hulle guns geskryf is.

Soedan se taalpolitiek stem baie ooreen met Suid-Afrika se taalpolitiek in die sin dat al Soedan se tale nasionale tale is, net soos Suid-Afrika 11 nasionale tale het. In Soedan is Arabies eintlik die hooftaal met Engels in die tweede plek, terwyl Engels in Suid-Afrika die meeste gebruik word, met Afrikaans in die tweede plek. In beide Soedan en Suid-Afrika word die res van die inheemse tale opsy geskuif en afgeskeep.

In 1989 het 37 Amerikaanse state oorweeg om in hulle grondwetlike wysiging te verklaar dat Engels die enigste amptelike taal is (Zentella, 1989:39). In die publikasie van Amerikaanse Engels word daar geglo dat een taal nodig is om die interne eenheid te onderhou wat nodig is vir politieke stabiliteit.

Die bewegings wat poog om Engels die enigste amptelike taal in Amerika te maak, word bedek met patriotiese slagspreuke en vrees vir terroriste-aanvalle. Dit bring mee dat Amerikaanse burgers nie die beweging kan teëstaan of selfs bevraagteken nie, aangesien hulle patriotisme en kontraterroristiese ingesteldheid dan betwyfel word (Zentella, 1989:40).

Die ironie is dat die bogenoemde artikel gepubliseer is voor die terroriste-aanval van 11 September 2001. Die aanval het plaasgevind in 'n eentalige Amerika, mens kan dus die gevolgtrekking maak dat tweetaligheid nie outomaties terrorisme bevorder nie, net soos eentaligheid nie terrorisme verhoed nie.

Volgens Zentella (1989:41-43) word vroue erger as mans deur die alleenlik Engelse beleid geraak omdat vroue met kinders dikwels nie hul kinders by versorgers kan laat nie, wat tot gevolg het dat hulle nie werkseleenthede wat opleiding verskaf, kan benut nie. Dit het tot gevolg dat vroue tuisbly waar daar geleenthede ontbreek om Engels aan te leer of te verbeter. Omdat die uitsluitlik Engelse beleid die beskikbaarstelling van federale dokumente in ander tale verbied, is dit volgens Zentella (1989:42) diskriminerend teen vroue, kinders en bejaardes.

Zentella (1989:43;44) voer verder aan dat alhoewel alle tweetalige sprekers en nie-Engelse sprekers onder die beleid ly, dit hoofsaaklik gerig is teen Spaans-sprekendes. Spaans het saam met Engels in Amerika bestaan sedert 1565, wat eintlik voor die aankoms van Engelse kolonialiste was.

Die rede vir die beweging om slegs Engels te erken as amptelike taal, volgens Zentella (1989:45), is dat die aanvaarding van buitelandse tale in Amerika wissel na gelang van die land se militêre en ekonomiese sekuriteit. Daar ontstaan dan 'n gevoel dat mense van 'n ander nasionaliteit en etnisiteit wat verband hou met daardie tale, verdring moet word.

Volgens Zentella (1989:48) word ouers deur sekere onderwysers wysgemaak dat die aanleer van meer as een taal verwarring skep by kinders. Daar word aangevoer dat die menslike brein net een



taal kan hanteer – al is dit al telkemale verkeerd bewys. 'n Tweede taal kan ewe goed as 'n moedertaal aangeleer word, terwyl die moedertaal help om die tweede taal te vestig.

Zentella (1989:49) voeg ook by dat 'n land wat slegs een amptelike taal wil handhaaf, nie geleentheid bied vir burgers en toekomstige immigrante om die lingua franca aan te leer nie.

In die Europese Unie (EU) word daar na 'n oplossing gesoek waar gemakliker in 'n lingua franca gepraat kan word terwyl die EU se taalbeleid steeds gevolg word, naamlik om alle diverse tale in ag te neem (Ammon, 2006:319). Ammon skryf hierdie artikel as 'n reaksie op Theo van Els (2005) se artikel wat voorstel dat die EU se werkende taal slegs Engels moet wees.

Volgens Ammon (2006:320) argumenteer elke lid in die EU vir die belang van sy of haar eie (tipe) taalgemeenskap, maar sien sy eie mening as ooreenstemmend met die algemene EU se belange. Hy sê verder dat hy glo dat beide hy en von Els probeer om objektief te wees in hul argumente en nie hul persoonlike vooroordeel en belang probeer bevorder nie, maar dat dit outomaties deel word van hul argumente.

Ammon (2006:320) meld dat die EU taalhandves bepaal dat enige land wat deel is van die EU kan versoek dat enige van sy tale amptelike EU taalstatus kan verkry. Hierdie status vereis onder andere dat alle regulasies en algemene dokumente in al die amptelike EU tale vertaal moet word. Enige amptelike EU taal mag gebruik word in debatte in die parlement en formele raadsverrigtinge, wat geïnterpreteer word in alle ander EU tale.

Daar word volgens Ammon (2006:321) geskryf dat alle EU tale gelyk is, maar hy sê dat dit in werklikheid nog nooit so was nie. In die reëls staan daar dat die institusie kan besluit watter tale gebruik kan word. Hy skryf verder dat die tale altyd Engels en Frans is, party keer Duits en nou en dan Italiaans en Spaans. Hy sê wel dat die ander tale nie opsetlik uitgesluit word nie.

Hierdie bogenoemde tale staan informeel bekend as die EU se werkende tale, terwyl al die ander EU tale bloot as 'n formaliteit bekend staan as amptelike tale. Daar is ook 'n hiërargie in die werkende tale van die EU met Engels heel bo-aan (Ammon, 2006:321).

Ammon (2006:321) sê dat daar na al die verskillende tale as 'chaoties' verwys kan word. Die gebruik van al die amptelike tale van lidlande en formele sessies vereis grootskaalse vertaling en tolking. Die gebruik van meer as een werkende taal vir mondelinge kommunikasie in informele vergaderings, waar geen tolking plaasvind nie, kan sake bemoeilik.

Verskeie tale soos Esperanto en Latyn is voorgestel vir 'n eentalige gebruikstaal, maar Engels is die enigste taal wat ernstig oorweeg is.

Die EU se taalkundige diversiteit word ook gesien as hinderlik vir ekonomiese vooruitgang, politieke integrasie en ware demokrasie. Om hierdie probleme te oorkom, word daar voorgestel dat daar 'n



enkele institusionele taal gebruik word, maar ook dat 'n enkel lingua franca buite die instansie gebruik moet word om die groei van streeksmobilititeit en interaksie in algemene publieke sferes, veral in die media, te verbeter (Ammon, 2006:322).

'n Voordeel van Engels as enkel gebruikstaal is dat alle lede Engels moet verstaan en sodoende die 'chaos' verminder. 'n Nuwe-effek van Engels as enkel gebruikstaal is dat die EU duisende vertalers en tolke in diens het, asook 'n groot aantal vryskutvertalers. Hulle skep meer werk vir vertalers en tolke as enige ander regering of politiese organisasie wêreldwyd (Ammon, 2006:328).

Die lang voortbestaan van veeltaligheid kan toegeskryf word aan 'n konflik van belange, aldus Ammon (2006:328). Hy meen verder dat van Els (2005) dit miskyk en dat sy voorstel vir die kleiner taal gemeenskappe baie aantreklik lyk omdat hulle geen kans staan om die enkele gebruikstaal te word nie, terwyl die groter taalgroepe vrees om hulle laaste aandeel aan die gebruikstaal-funksie te verloor as hulle nie as die enkele gebruikstaal verkies word nie.

Volgens Ammon (2006:329) sal die geringste verlaging van een van die groot taalgroepe se status die aantreklikheid om die taal oorsê te leer verminder, veral as studies reeds bewys dat daardie taal se buitelandse aanleer verminder het. Dit maak dat sulke taalgroepe glad nie van Els (2005) se voorstel sal ondersteun nie. Die onderstaande tabel uit Ammon (2006:331) gee van die getalle weer:

Tabel 1: Die vyf numeriese sterkste EU lande.

Die vyf numeriese sterkste EU lande, gebaseer op 'n EU opname in Mei-Junie 2005			
Taal	% EU populasie	% moedertaalsprekers	% buitelandse taal sprekers
Engels	47	13	34
Duits	30	18	12
Frans	23	12	11
Italiaans	15	13	2
Spaans	14	9	5

In die onderstaande lys word die hoofvoordele wat lande hoop om te kry deur hul taal suksesvol oorsê te versprei, genoem:

- bevorder internasionale kommunikasie (met vreemdelinge wat die taal praat)
- verbeterde ekonomiese kontakte oorsê (met vreemdelinge wat die taal praat)
- verbeter die beeld van die land oorsê (deur individue wat die taal studeer en hul uitkyk op die land verbeter)
- verspreiding van die land se kultuur en waardes (deur individue wat die taal ken en met die



land se media omgaan)

- vermeerder menslike kapitaal (individue wat die taal ken sal eerder in of vir die land werk)
- verdere aanloklikheid van die taal as 'n studierigting (die taal se verbeterde kommunikasie funksie en prestige status vermeerder sy aanloklikheid vir buitelandse taalstudies en stig 'n selfverbeterende terugvoer)
- ekonomiese profyt deur die taalindustrie (hoër verkope in onderwysmateriaal en dienste en kommoditeite aan die taal verbonde)
- versterking van die nasionale identiteit en trots (die hoë internasionale stand van die taal is 'n bron van trots vir die nasie en kultuur) (Ammon, 2006:332;333).

Volgens Ammon (2006:334) sal enige taalbeplanners bevooroordeel wees omdat hulle afkomstig is van die lande, en tale, wie se toekoms bepaal moet word. Hy glo dat die taalbeplanners moontlik sal probeer om objektief op te tree, maar dat elkeen wel sy eie taal en land sal wil laat voordeel trek. Hy sê ook verder dat elke regverdig en volledig aanvaarde oplossing vergoeding gaan benodig.

Ammon (2006:334) sê dat een moontlike oplossing kan wees dat die werkende taalgemeenskappe die kostes vir vertaling en interpretasie moet dra vir die EU se vertaal en interpretasie dienste. Die uitgesluite state kan dan die geld wat hulle spaar met vertaaldienste gebruik om hulle eie tale te bemark. Die moontlikheid vir 'n taalgemeenskap om 'n plek tussen die werkende tale te koop, moet nie bestaan nie.

Volgens Ammon (2006:336) moet die twee hoofkriteria vir die kies van EU werkende tale die volgende wees:

- numeriese krag in terme van die hoeveelheid huistaal- en nie-huistaal sprekers in die EU,
- internasionale stand buite die EU.

Ammon (2006:336) wil wel hê dat die volgende veranderinge en verbetering gemaak moet word aan die hedendaagse sake:

- vergoeding vir die uitgesluite tale,
- stabiliteit (deur regulasies wat gemoniteer sal word),
- eenstemmigheid tussen lidlande in plaas van 'n voortslepende debat en wantroue.

Uit die bogenoemde kan mens tot die gevolgtrekking kom dat daar in Suid-Afrika en elders in die wêreld 'n tendens is om sekere tale te bevoordeel ten koste van ander tale, ten spyte van die wetgewing wat gelyke behandeling van die tale vereis. In Suid-Afrika word Engels bevoordeel by die gebruik van onderskrifte aangesien die meerderheid programme se onderskrifte in Engels geskep



word.

In die volgende onderafdeling word verskillende kultuurkwessies in vertaling bespreek en nagevors.

2.6 Kultuurkwessies

In hierdie onderafdeling word die verskillende kultuurkwessies in vertaling bespreek wat as een van die belangrikste aspekte in vertaling gesien kan word omdat dit die doelleser of doelkyker kan intrek by die vertaling of hom heeltemal kan vervreem.

Kultuur kan binne die funksionele benadering tot vertaling, gedefinieer word as 'n gedeelde mentale model op 'n kaart van die wêreld; 'n sisteem van ooreenstemming en interverwante oortuigings, waardes, strategieë en kognitiewe omgewings wat 'n gedeelde basis van optrede lei. Elke aspek van kultuur is verbind in 'n sisteem om 'n eenvormende konteks of kultuur te vorm (Katan, 1999:17).

Volgens Snell-Hornby (1990:82) kan die nuwe benadering tot vertaling beskryf word as 'n oriëntasie tot 'n kulturele oordrag in plaas van 'n linguistieke oordrag; 'n siening van vertaling as 'n aksie van kommunikasie in plaas van 'n transkoderingsproses; 'n oriëntasie tot die funksie van die doelteks en die teks as 'n integrale deel van die wêreld en nie as 'n geïsoleerde spesimen van taal nie. Verder sien Vermeer (1989) vertaling as primêr 'n inter-kulturele oordrag en ook as 'n inter-kulturele gebeurtenis (Bedecker en Feinauer, 2006:134).

In Suid-Afrika en sy veeltalige en multikulturele gemeenskap kan onderskrifte 'n stap in die regte rigting wees om kultuurverskille te verstaan en verskillende tale aan te leer. Suid-Afrika kan nie bekostig om televisieprogramme te hê sonder intertalige onderskrifte nie.

Programme wat veeltalige gesproke taal het gee nie net verskillende Suid-Afrikaanse tale weer nie, maar beeld ook outomaties die verskillende kulture uit in Suid-Afrika. Kultuurgebonde probleme in taal self kom baie oor. Volgens Nedergaard-Larsen (1993:210) kan dit aspekte soos grammatikale kategorieë wees wat slegs in een taal voorkom of die gebruik van sekere retorika, metafore en idiome.

Wanneer films die kultuur waarin dit geskep is uitbeeld, kan dit volgens Nedergaard-Larsen (1993) 'n probleem veroorsaak as die film in 'n ander kulturele konteks verskyn, soos oorsee. Sy ondersoek ekstra linguistieke kultuurgebonde probleme in onderskrifskewing wat sy uitbrei met voorbeelde van Franse films met Deense en Sweedse onderskrifte.

In teenstelling met die algemene persepsie, vermeerder die kultureelgebonde probleme nie met onderskrifte as in tradisionele tekste nie, maar is daar in onderskrifskewing 'n vermindering van kultuurgebonde probleme (Nedergaard-Larsen, 1993:237).

Die onderstaande tabel van Nedergaard-Larsen (1993:211) beeld die tipes buitetalige kultuurgebonde probleme uit.



Tabel 2: Buitetalige kultuurgebonde probleemtipies.

Buitetalige kultuurgebonde probleemtipies		
Geografie ens.	Geografie meteorologie Biologie	berge, riviere weer, klimaat flora, fauna
	kulturele geografie	streke, dorpe paaie, strate ens.
Geskiedenis	Geboue	monumente, kastele ens.
	gebeurtenisse	oorloë, revolusies, vlag dae
	Mense	wel bekende historiese persone
Samelewing	industriële vlak (ekonomie)	handel en industrie Energievoorsiening, ens.
	sosiale organisasies	verdediging, regsisteem polisie, tronke plaaslike en sentrale owerhede
	Politiek	staatsbestuur, ministeries verskiesingstelsel, politieke partye politici, politieke organisasies
	sosiale omstandighede	groepe, subkulture lewensomstandighede, probleme
	manier van lewe, Gebruike	behusing, vervoer, kos, maaltye klere, alledaagse artikels familie-verhoudings
Kultuur	Geloof	kerke, rituele, morele waardes dominees, biskoppe godsdienstige vakansiedae, heiliges
	Onderwys	skole, kolleges, universiteite tipies onderwys, eksamens
	Media	TV, radio, koerant, tydskrifte
	kultuur, ontspanningsaktiwiteite	museums, kunswerke literatuur, skrywers teaters, flieks, akteurs musikante, ikone restaurante, hotelle nagklubs, kafees. sport, atlete

Daar moet volgens Nikolić (2011:201) meer aandag geskenk word aan die hantering van kulturele gapings in onderskrifskepping, want 'n bolangse hantering kan gapings in die idees en gedagtes van die doeltaalkykers skep. Vertalers en onderskrifskrywers is een van die brûe tussen verskillende kulture wat verskillende kulture nader aan mekaar bring en nader aan mekaar moet hou.



In die onderstaande onderafdeling word vorige navorsing in vertaling en oudiovisuele vertaling bespreek.

2.7 Wat is al gedoen in die veld ten opsigte van vertaling en oudiovisuele vertaling?

2.7.1 Internasionaal

Terwyl sekere lande meer van oorklanking gebruik maak, is daar ander lande waar onderskrifskrywing meer algemeen gebruik word. Onderskrifte is baie goedkoper as oorklanking en dus makliker beskikbaar.

Daar is heelwat teoretici wat reëls en regulasies vir die skryf van onderskrifte geskep het. Karamitroglou (1997) het 'n artikel geskryf met reëls vir die plasing van onderskrifte, leestekens in onderskrifte asook ander reëls met betrekking tot vertaling en taal.

Carroll en Ivarsson (1998) het ook 'n lys van reëls en regulasies opgestel waarvan 'n paar van Karamitroglou (1997) verskil. Carroll en Ivarsson (1998) meen dat by die onderskrifte wat in twee reëls geskryf is, die kortste reël bo moet wees, waar Karamitroglou (1997:8) argumenteer dat die kortste reël onder moet wees en dan 'n onderstebo piramide vorm.

Díaz-Cintas en Remael (2007) het 'n nuwer stel reëls geskep asook van die bestaande reëls uitgebrei en verander. Sommige van die reëls, byvoorbeeld of dialoog 'n aandagstreep voor elke spreekbeurt moet kry, verskil van Karamitroglou (1997) se reëls.

Sokoli (2011) ondersoek die verskille tussen onderskrifskrywing in Spanje en in Griekeland. Sy het bevind dat die algemene onderskrifskrywingspraktyk in Griekeland gekarakteriseer kan word deur die volging van norms van die doelkultuur. Daar is geen reëlmatighede in die ooreenstemmende Spaanse uitslae nie, wat dus dui dat 'n aanvanklike norm nie in hierdie geval geformuleer kan word nie.

Nikolić (2011) meld in sy doktorsale tesis hoeveel Europeërs, spesifiek Kroasiërs, van die Britse en Amerikaanse kulture leer deur slegs onderskrifte te lees uit daardie lande. Hy skryf dat onderskrifte 'n belangrike rol speel in die oordra van inligting en dus ook 'n groot impak het op hoe die kykers se idee oor ander kulture gevorm word.

In die onderstaande onderafdeling gaan daar navorsing gedoen word oor bestaande navorsing in Suid-Afrika met betrekking tot vertaling en onderskrifskrywing.

2.7.2 Plaaslik

In hierdie onderafdeling word die vorige navorsing ondersoek om 'n beter idee te kry oor waar Suid-Afrika staan teenoor die res van die wêreld in terme van vertaling- en onderskrifskrywing navorsing.

Kruger (2012) het gekyk na die ideologie en onderskrifte van Suid-Afrikaanse sepies soos *Generations*, *7de Laan*, *Muvhango* en *IsiDingo*. Daar is ondersoek of dialoog in al die gesproke tale



in onderskrifte weergegee word of slegs gesproke taal wat nie Engels is nie. Twee van die sepies, *7de Laan* en *Muvhango*, skeep onderskrifte vir al die gesproke uitings in al die gesproke tale. Die ander twee sepies, *Generations* en *IsiDingo* skeep onderskrifte slegs vir gesproke tale wat nie Engels is nie.

Dit kan dus dui dat Engels as die norm beskou word en dat gesproke Engels nie van onderskrifte voorsien hoef te word nie. Die laasgenoemde twee sepies is ook glad nie geskik vir dowe en hardhorende mense nie omdat die Engelse dialoog nie in die onderskrifte weergegee word nie.

Daar is volgens Morden (2014:8) al voorheen navorsing oor onderskrifte en onderskrifskopping in Suid- Afrika gedoen deur Kruger en Kruger (2001 en 2005). Daar is ook al navorsing oor *7de Laan* en hul onderskrifte deur Fernandes (2003), Stell en Feinauer (2005) en Morden (2014) gedoen.

Morden (2014) ondersoek die figuurlike taal en uitdrukkings in *7de Laan* en hoe dit vertaal is in die onderskrifte. Sy ondersoek die metodes van vertaling en gee ook 'n evaluering van hoe suksesvol die vertalings was. Uit haar data blyk dit dat die meeste vertaling van gesproke idioome en uitdrukkings suksesvol was en dat slegs 'n paar vertalings onderstandaard of verkeerd is.

Wehrmeyer (2014) ondersoek oogvolgingstegnieke by dowe en hardhorende kykers en hoe hulle onderskrifte gebruik. Vir dowe mense om te kan lip lees, moet hulle die taal waarin die nuus aangebied word of die onderhoud gevoer word, verstaan.

Die tale waarin daar tolke vir nuusuitsendings gebruik word, is Siswati, Ndebele, Zulu, Xhosa, Suid-Sotho en Engels. Al kan die meeste dowe en hardhorende kykers Afrikaans verstaan, word dit nie aangebied met 'n tolk nie (Wehrmeyer, 2014:4).

Kyle (2007), Stone (2009) en Wehrmeyer (2013) postuleer dat navorsing bewys het dat dowe en hardhorende kykers onderskrifte as kommunikasie op televisie nuusuitsendings verkies. Volgens Wehrmeyer (2014:11) wys dit dat onderskrifte, of 'n alternatiewe teks op die skerm, ekstra inligting vir die dowe en hardhorende kykers bied, veral as hulle nie die gesproke taal verstaan nie.

Nadat Wehrmeyer (2014:11) haar navorsing voltooi het, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat dowe en hardhorende kykers die tolke die meeste gebruik as kommunikasie in die kyk van televisie, in teenstelling met van die vorige inligting, omdat hulle vir lang periodes vir die tolk moet kyk en min ander bronne van kommunikasie, soos onderskrifte, in ag neem.

Ndimande-Hlongwa en Ndebele (2017:78) beweer dat ten spyte van die 11 amptelike tale in Suid-Afrika, Afrikaans en Engels steeds voorkeur geniet bo ander inheemse tale. Hulle is ook van mening dat die Universiteit van KwaZulu Natal op die regte spoor is deur nie-Nguni huistaalsprekers Zulu klasse te laat neem as volwassenes.

Hefer (2011) ondersoek die lees van moedertaal onderskrifte en Engels as tweede taal onderskrifte deur Suid- Afrikaners. Sy stel dat die Afrikaans-Engelse tweetalige gemeenskap 'n baie spesifieke



gemeenskap is omdat hulle amper totaal tweetalig is en dus albei tale op moedertaalvlak kan lees, skryf en praat. Sy voer aan dat die rede daarvoor is dat Afrikaans moedertaalsprekers die geleentheid het om in hul moedertaal skool te gaan van kleins af tot op tersiêre vlak. Engels word ook van kleins af tuis en in skole as tweede taal aan hierdie groep geleer.

Ander taalgroepe in Suid-Afrika is volgens Hefer (2011:176) minder geletterd in hul moedertaal en in Engels, wat soms 'n tweede taal en soms 'n derde of vierde taal is. Sy skryf dit toe aan die feit dat hierdie groep mense van kleins af in Engels of Afrikaans skool gaan omdat daar nie moedertaal-onderrig in al die amptelike tale bestaan nie. Die rede vir die ongeletterdheid of baie lae geletterdheid is omdat leerders in 'n tweede taal onderrig ontvang voordat moedertaalvaardighede volkome ontwikkel kan word.

In die onderafdelings wat volg gaan die vier aspekte waarvolgens data geanaliseer gaan word (genre, gehoor, kinematografie en styl) bespreek word.

2.8 Genre

Eerstens sal genre bespreek word in data en analise en in die onderstaande onderafdeling gaan eienskappe van genres bespreek word in terme van vertaling.

Berkenkotter en Huckin (1995) meen dat vir 'n genre om suksesvol te wees, moet dit soepel, dinamies en aanpasbaar wees volgens die retoriese eienskappe van die situasie. Tot in die middel van die agtiende eeu is genre gebruik om literêre tekste in die drie-deel genre paradigma, poësie, fiksie en drama, te klassifiseer (Caballero, 2008:16).

Die genre perspektief sluit die omskrywing van die doel en situasie kontekste van die teks variëteit in, maar sy linguistieke analise fokus op die konvensionele strukture wat gebruik is om 'n volledige teks in die variëteit te konstrueer (Biber en Conrad, 2009:2).

Die volgende is karaktereieskappe van genre volgens Biber en Conrad (2009:16):

- teksfokus: volledige tekste
- taaleienskappe: gespesialiseerde uitdrukkings, retoriese organisasie, formatering
- verspreiding van taaleienskappe: gewoonlik kom dit een keer voor in die teks, op 'n spesifieke plek in die teks
- vertolking: word konvensioneel geassosieer met die genre (die verwagte formaat, maar is baie keer nie funksioneel nie).

Volgens Martin (1985) word genre gesien as 'n sosiale proses waar deelnemers binne 'n kultuur, taal gebruik in voorspelbare opeenvolgende strukture om kommunikatiewe doeleindes te bereik.

Volgens Nedergaard-Larsen (1993:221) is dit nuttig vir die onderskrifskrywer om te weet in watter



genre 'n program val wanneer dit vertaal word. Sy verdeel visuele media in genres as volg:

- waar taal sentraal is (satire, komedie, liedjie programme)
- waar mense sentraal is (portrette, drama, rolprente, vertonings)
- waar gebeurtenisse sentraal is (dokumentêre programme, nuus, sport).

Sy argumenteer voorts dat dit in baie gevalle nie noodwendig help om te weet wat die genre van 'n program is nie, omdat genres soms gemeng voorkom, soos wanneer 'n karakter na die nuus kyk in 'n film (Nedergaard-Larsen, 1993:221).

In die volgende onderafdeling gaan die gehoor bespreek word in terme van onderskrifte en taalgebruik.

2.9 Gehoor

In hierdie onderafdeling gaan die teikengehoor van die televisieprogramme en onderskrifte bespreek word in terme van spesifiekheid.

Die teikengehoor vir onderskrifte moet spesifiek wees sodat die onderskrifte duidelik op hulle van toepassing is.

Wanneer onderskrifte geskep word vir dove en hardhorende kykers, sal agtergrondklanke soos 'n geweerskoot, 'n telefoon wat lui en 'n klop aan die deur ook weergegee word. Die dialoog word ook gewoonlik in twee verskillende kleure, wit en geel, geskep om die verskillende sprekers aan te dui. Daar moet baie meer inligting weergegee word in die onderskrifte as vir horende kykers.

Wanneer onderskrifte vir horende Engelssprekende kykers geskep word wat wel 'n bietjie Afrikaans verstaan kan woorde soos "kuier", "braai" en "potjie" ingesluit word. Wanneer die onderskrifte gemik is op kykers in die buiteland wat geen Afrikaanse konteks het nie, moet sulke woorde nie ingesluit word nie.

Die onderskrifskrywer moet ook sensitief wees wanneer onderskrifte uit een kultuur in 'n ander in vertaal word, sodat daar nie per ongeluk iets aanstootliks teenoor een van die kulture ingesluit word nie. Minder ernstige gevalle kan ook voorkom waar iets vreemds en onbekend in die doelkultuur is, maar doodnormaal in die bronkultuur.

Volgens Nedergaard-Larsen (1993:223) moet elke element individueel beoordeel word om te verseker dat die doelgehoor dit sal verstaan. Sekere kultuurgebonde terme is bekend oorsee en kan dus netso gebruik word, maar ander kultuurgebonde terme is onbekend en moet eksplisiet omskryf word of geparafraseer word om nie die doelkultuur te verwar nie.

Die onderskrifte moet van so 'n gehalte wees dat die gehoor wat dit gebruik om 'n tweede taal aan te leer of om sy taalvaardighede te verbeter, suksesvol daarin sal wees en nie iets verkeerd leer as



gevolg van foutiewe onderskrifte nie. Dus moet die sinskonstruksie, die taalgebruik, leestekengebruik en spelling van die onderskrifte korrek wees.

Die gehoor moet ook in ag geneem word wanneer vakspesifieke terme gebruik word. As die gehoor van die gesproke taal die program kyk, behoort hulle 'n minimale kennis van die vertaalde terme te hê, maar die terme moet reg vertaal word sodat, indien hulle nie die terme in die doeltaal ken nie, hulle dit kan aanleer.

Dit is van kardinale belang dat die gehoor gerespekteer word in die manier en gehalte waarin die onderskrifte geskryf word. Dit behoort 'n outomatiese uitvloeisel te wees wanneer die onderskrifskrywer moeite doen met die onderskrifte en 'n hoë gehalte handhaaf.

In die volgende onderafdeling word kinematografie in die skryf van onderskrifte nagevors en bespreek.

2.10 Kinematografie

In hierdie onderafdeling word die kinematografie wat gepaard gaan met die onderskrifskrywing bespreek asook van die reëls en regulasies wat gevolg moet word om suksesvolle onderskrifte te skep.

Oudiovisuele vertaling het ontstaan as deel van die post-produksie proses in stilfilms, dit het vir 'n kort tydperk 'n integrale deel van die produksieproses in veeltalige weergawes geword, waarna dit deel geword het van die verspreidingsproses (Romero-Fresco, 2013:206).

Volgens Romero-Fresco (2013:206) bestee film skole geen aandag aan vertaling en oudiovisuele vertaling nie en nagraadse oudiovisuele vertalingskursusse gee weer geen aandag aan filmvervaardiging nie. Daar bly dus 'n gaping tussen die twee aspekte, terwyl samewerking 'n beter eindproduk sou lewer.

Kreatiewe onderskrifte is onderskrifte wat by die estetiese gevoel van die film pas deur die normale tekstipe en tekskleur te ignoreer en met meer vryheid die onderskrifte te skep (Romero-Fresco, 2013:210). Die onderskrifte van *DEKATv*, in Hoofstuk 4 bespreek, sal dus onder hierdie kategorie van onderskrifskrywing val.

Kinematografie strek baie wyer as bloot kamera-hoeke. Dit sluit in die beligting van die stel, die visuele taal, die lenstaal, die filmruimte, kleurteorie en vele ander aspekte. Die veld is so wyd dat hier slegs op die aspekte wat oorvleuel met onderskrifte gefokus word.

Die kameraman moet die stel op so 'n manier afneem dat daar aan die onderkant van die skerm 'n agtergrond van neutrale kleur is, om leesbaarheid te bevorder.

Onderskrifte mag weer nie van een toneel na 'n ander op die skerm bly nie. Die onderskrifte moet so



geskryf word dat genoeg tyd verloop voor die toneeloorgang sodat die onderskrif vroegtydig verwyder kan word.

Daar is ook ander kinematografiese aspekte waar sekere inligting op die beeld ingelas word met spesiale effekte, soos wanneer 'n teksboodskap op 'n foon se skerm op die beeld geplaas word, sodat dit beter leesbaar is.

Toeganklike filmvervaardiging moet die volgende aspekte, wat gereeld geïgnoreer word volgens Romero-Fresco (2013:215), in ag neem:

Pre-produksie stadium:

- die beskikbaarheid van metadata vir vertalers, insluitend die draaiboek, transkripsies, navorsing ens.
- kleredrag se kleure wanneer onderskrifte geskep gaan word (nie te helder, donker of te bont nie)
- samewerking tussen die onderskrifskrywer en die kreatiewe span wanneer onderskrifte as deel van die oorspronklike film geskep word.

Produksie stadium:

- die raam van kameraskote as daar beplan word om onderskrifte te gebruik. Dit is veral belangrik by naby skote wat gepaard gaan met dialoog.

Post-produksie stadium:

- samewerking tussen die vertaler en die post-produksiespan
- oplet na titels op die skerm asook teks op die skerm, veral wanneer 'n verteller daarmee gekombineer word (tensy die skoot uitgerek word, gaan die kykers van die vertaalde film of op die teks of op die vertelling, nie genoeg tyd hê om die onderskrifte te lees nie)
- toegang tot die klankredigeerders of die klankredigeringsproses, kan baie help vir onderskrifskrywers van onderskrifte vir dove en hardhorende kykers (hulle kan terme vir die beskrywing van musiek, spesiale effekte en atmosfeer vir dove en hardhorende kykers verkry) (Romero-Fresco, 2013:215).

In die volgende onderafdeling word styl en register bespreek by die skryf van onderskrifte.



2.11 Styl

Styl en register is nie slegs in vertaling belangrik nie, maar ook in onderskrifskrywing. In hierdie onderafdeling gaan daar gekyk word na die verskille tussen styl en register en hoe dit gebruik word.

Volgens Wales (1989) is styl die manier van uitdrukking in gesproke of geskrewe taal. Dit kan gesien word as 'n variasie in taalgebruik, literêr of nie-literêr. Styl hang baie af van woordkeuse, grammatiese struktuur, die gebruik van literêre aparate ens.

Die stylperspektief se linguistieke fokus analiseer die gebruik van fundamentele linguistieke elemente wat versprei deur teksvoorbeelde van 'n verskeidenheid (Biber en Conrad, 2009:2).

Volgens Biber en Conrad (2009:16) is die onderstaande lys karaktereienskappe van styl:

- teksfokus: 'n gedeelte van teksuittreksels
- linguistieke karaktereienskappe: enige leksiko-grammatiese eienskappe
- verspreiding van linguistiese eienskappe: gereeld en deurdringend in 'n verskeidenheid van tekste
- interpretasie: is nie direk funksioneel nie; hulle kry voorkeur omdat hulle van estetiese waarde is.

Kwantitatiewe sosiolinguistiek in die Labov (1996, 1972) tradisie gebruik die term styl om na taal, wat gebruik word vir verskillende doeleindes gedurende 'n sosiolinguistiese onderhoud, te verwys. Sosiolinguistiese style is geïnterpreteer as 'n reflektoring van produksie-omstandighede wat verskillende grade van aandag tot spraak vereis (Biber en Conrad, 2009:22).

Volgens Wales (1989) is register gereeld gebruik in sistematiese variansie in linguistieke eienskappe in nie-literêre situasies, soos advertensies, regstaal en sportkommentaar.

Die registerperspektief kombineer die analise van die linguistiese eienskappe wat algemeen in 'n teksvariëteit is, met die analise van die situasie waarin die teks verstaan word en die toepassing. Die onderliggende aanname van die registerperspektief is dat fundamentele linguistieke eienskappe soos voornaamwoorde en werkwoorde, funksioneel is en dus word sekere eienskappe gereeld gebruik in assosiasie met kommunikasie kontekste en die situasie waarin die teks ervaar word (Biber en Conrad, 2009:2).

Die groot verskil tussen die registerperspektief en die stylperspektief, is dat die gebruik van hierdie eienskappe nie funksioneel gemotiveer is deur die konteks van situasie in styl nie, maar eerder styleienskappe wat die estetiese voorkeur reflekteer, wat met sekere skrywers of historiese periodes geassosieer word (Biber en Conrad, 2009:2).

Volgens Biber en Conrad (2009:16) is die onderstaande lys karaktereienskappe van register:



- teksfokus: 'n gedeelte van teksuittreksels
- linguistieke karaktereienskappe: enige leksiko-grammatiese eienskappe
- verspreiding van linguistiese eienskappe: gereeld en deurdringend in 'n verskeidenheid van tekste
- interpretasie: dit het 'n belangrike kommunikatiewe funksie in die register.

Volgens Martin (1985) word register gekenmerk deur die uitdrukkingsvlak van genre en gaan dit meer oor die tipiese taalkeuses wat binne verskillende genres gemaak word.

Metafore, metaforiese taalgebruik, idiome en beeldspraak val ook onder hierdie kategorie. Tensy die spreker 'n grap maak of woordspeling gebruik kan die volgende nie volgens Baker (1992:67) met 'n idioom gedoen word nie:

1. verander die volgorde van die idioom
2. laat 'n woord weg uit die idioom
3. sit 'n woord by die idioom
4. vervang een woord met 'n ander
5. verander sy grammatikale struktuur.

Volgens Baker (1992:69-71) is daar twee redes waarom 'n idioom maklik misinterpreteer kan word as mens nie die betekenis daarvan ken nie:

1. Party idiome is misleidend. Dit lyk asof die letterlike betekenis bedoel kan word, maar dan is daar 'n ekstra idiomatiese betekenis aangeheg.
2. Daar kan 'n idioom in die doeltaal wees wat baie na aan die idioom in die brontaal is, maar wat gedeeltelik of totaal 'n ander betekenis het.

Al die bogenoemde inligting in die literatuuroorsig sal in ag geneem word in Hoofstuk 3: Metodologie en veral in Hoofstuk 4: Data en analise. Die bogenoemde hoofstuk dra by tot die beter begrip van die navorsing wat gedoen word asook die navorsing wat reeds in Suid-Afrika en die wêreld in die veld van vertaling en spesifiek oudiovisuele vertaling gedoen is.

Die volgende afdeling is Hoofstuk 3: Metodologie, waar die agtergrond van verskillende metodologieë asook elkeen se sterk- en swak punte nagevors en beskryf gaan word. Daarna gaan 'n metode ontwerp word om die data te verkry en dit te analiseer.



Hoofstuk 3: Metodologie

In hierdie hoofstuk word die verskillende navorsingsmetodologieë wat in hierdie verhandeling gebruik gaan word, bespreek.

Volgens Saldanha en O'Brien (2013:13) is 'n metodologie 'n algemene benadering om fenomene te bestudeer terwyl 'n metode 'n spesifieke navorsingstegniek is. Saldanha en O'Brien (2013:13) skryf dat metodologie die wetenskap van metodes is.

Saukko (2003:8) meen dat metode verwys na die praktiese gereedskap wat gebruik word om sin te maak van die empiriese werklikheid; metodologie verwys na die wyer pakket van beide die gereedskap asook 'n filosofiese en politiese toewyding wat gepaard gaan met 'n spesifieke navorsingsbenadering.

Saldanha en O'Brien (2013:16) skryf verder dat navorsing ook evaluerend kan wees wanneer dit poog om die waarde van 'n spesifieke inisiatief te bepaal, na implementering daarvan en dit kan die beoogde en onbeoogde effekte asook die oordrag van 'n inisiatief evalueer.

In die onderstaande onderafdeling gaan die literatuuroorsig as navorsingsmetodologie bespreek word.

3.1 Literatuuroorsig

In die vorige hoofstuk is die literatuuroorsig gedek. Die doel van die oorsig was om bestek te neem van literatuur wat handel oor die onderwerp van intertalige onderskrifte en om belangrike konsepte wat in die huidige studie voorkom, te definieer.

Die literatuuroorsig help ook om die veld beter te verstaan en vas te stel wat al voorheen gedoen is. Dit kan voorts gebruik word as riglyne om die episodes te ontleed en betekenisverskille te identifiseer. Uit al die navorsing vir die literatuuroorsig gaan kriteria ontwikkel word wat gepas sal wees vir Afrikaans na Engelse vertaling.

Soortgelyke taalprobleme sal geïdentifiseer en saam groepeer word sodat oplossings daarvoor gevind kan word. Daar gaan gekyk word of daar 'n oplossing vir elke vertaalprobleem voorgestel kan word en daar gaan ook deur middel van evaluasie gekyk word of die oplossing bruikbaar is. Die analise asook die resultate gaan opgeteken word in die navorsingsopstel.

Saldanha en O'Brien (2013:19) skryf dat 'n literatuuroorsig vir navorsers 'n geleentheid bied om hul motiverings en potensiële bydrae te verduidelik. Fink (2005:3) sê die literatuuroorsig is 'n sistematiese, uitdruklike en herhaalbare metode vir die identifisering, evaluering en sintese van die bestaande, volledige en opgeneemde werk, wat deur navorsers, geleerdes en praktisyns geproduseer is. Volgens Saldanha en O'Brien (2013:20) identifiseer 'n literatuuroorsig alle relevante werke en sintetiseer dit



fundamentele konsepte en bevindinge.

Die literatuuroorsig is volgens Saldanha en O'Brien (2013:20) 'n belangrike medium waardeur navorsers die mees relevante teoretiese raamwerk vir hul eie navorsing kan identifiseer en beskryf. Een van die belangrikste kriteria waaraan 'n literatuuroorsig moet voldoen is dat dit krities moet evalueer.

Die skryf van 'n literatuuroorsig moet drie doelwitte dien, naamlik: uiteensetting van die teoretiese agtergrond, identifisering van gapings in die literatuur en definiëring van sleutelkonsepte wat in die artikel gebruik sal word (Nakano en Muniz, 2018:4).

In die onderstaande onderafdeling word die sterk- en swakpunte van 'n literatuuroorsig vergelyk.

3.1.1 Sterk-/Swakpunte van 'n literatuuroorsig

In hierdie onderafdeling word die verskillende sterk- en swakpunte van 'n literatuuroorsig bespreek.

Volgens Nakano en Muniz (2018:3) is die sterkpunte van 'n sistematiese literatuuroorsig dat dit 'n samevatting van 'n groot aantal bronne is. Dit lig ook kruis-dissiplinêre temas uit. Dit verhoog die deursigtigheid van die oorsig asook die herhaalbaarheid van die studie.

Die sistematiese aard daarvan, skep 'n gevoel van nougesetheid. Dit help ook die proses van sintetisering, wat die akkurate weergee van inligting vanuit 'n verskeidenheid bronne behels, aan deur 'n vergrote omvang (Nakano en Muniz, 2018:3).

Nakano en Muniz (2018:3) skryf dat 'n literatuuroorsig 'n fundamentele rol speel in die onthulling van 'n teorie, of teorieë, wat die argumente van die artikel vestig, of as daar nie so 'n teoretiese agtergrond is nie, te meld wat die verwante kennis is. Dit stel grense vir bespreking en dit definieer en verduidelik die hoofkonsepte wat in die empiriese afdeling gebruik gaan word (Nakano en Muniz, 2018:3).

Volgens Boote en Beile (2005) is 'n omvattende en deeglike literatuuroorsig die basis vir enige goeie navorsingsprojek en 'n goed geskryfde literatuuroorsig die fondasie wat noodsaaklik is om enige argument of bydrae te ondersteun. Volgens Nakano en Muniz (2018:3) is die swakpunte van 'n sistematiese literatuuroorsig dat dit kreatiwiteit en intuïsie kan beperk. Dit kan moontlik belangrike 'grys literatuur', soos verslae, miskyk. Dit is beperk tot die beskikbaarheid van bronne.

Sleutelwoord-soektogreekse moet identifiseerbaar wees. Dit maak staat op die databasis wat die sleutelwoordsoektog ondersteun en ook op die kwaliteit van die opsomming wat gereeld beperk word tot 100 woorde (Nakano en Muniz, 2018:3).

In die onderstaande onderafdeling word die vergelykende teksstudie as metodologie bespreek.



3.2 Vergelykende teksstudie

Die hoofmetodologie wat gebruik word, is 'n vergelykende teksstudie. In hierdie onderafdeling word dit as metodologie bespreek.

Daar word gekyk na verskillende televisieprogramme in verskillende genres wat in Afrikaans uitgesaai word met Engelse onderskrifte, soos *Voetspore: Reünie*, *50/50*, *DEKATv*, *7de Laan*, *Die Boland Moorde*, *Spyskaart* en *Swartwater*. 'n Paar episodes van elke program word gekies, waar die verskillende betekenis en betekenisverskille asook onreëlmatighede, foute en interessante verskynsels geïdentifiseer en ondersoek sal word. Die gesproke taal van die episode gaan met die bestaande geskrewe onderskrifte vergelyk word.

Daar word ondersoek of alle gesproke taal wel in die onderskrifte voorkom en of daar groot verskille in die betekenis is. Daar word voorts gekyk of die gesproke Afrikaanse taal reg geïnterpreteer en dus reg vertaal is. Daar word spesifiek gekyk na die idiomatiese en figuurlike taalgebruik en hoe dit vertaal is. Die vergelykende teksstudie gekombineer met 'n literatuuroorsig sal dus gebruik word om die navorsing te doen en die data te ontleed.

Volgens Chesterman (2000) word vergelykende modelle gebruik om reëls met betrekking tot taalpaarvertalings te ontdek, kontraste tussen taalsisteme aan die lig te bring, of die universele eienskappe van vertaalprodukte te identifiseer. Volgens Azarian (2011:115) is vergelykende teksstudies 'n benadering wat gereeld gesien word as 'n metode van eksplisiete kontras tussen twee of meer gevalle om parallelle en verskille te ondersoek.

Azarian (2011:115) skryf dat die hoofdoel van 'n vergelykende teksstudie is om by die tipologie, gebaseer op die observasie van verskille en ooreenkomste tussen gevalle, uit te kom, al dra beter begrip van enkele gevalle baie by tot die resultaat in vergelykende teksstudies.

Vergelyking is volgens Kocka (1996:197;198) nie die eindpunt van die navorsing nie, maar dit dien 'n ander doel. Dit is ook nie 'n eensydige metodologie nie; vergelyking bestaan uit 'n verskeidenheid van benaderings wat elk 'n spesifieke stel funksies en doelwitte het. Azarian (2011:118) noem dat 'n vergelykende teksstudie gedoen moet word wat genoegsame ooreenkomstige entiteite insluit, maar ook verskille moet probeer vind in die fenomeen.

Vergelyking sluit ook in volgens Azarian (2011:119) redelik hoë ambisie om oorsaaklike teorieë te ontwikkel wat baie algemeen is en 'n wye reeks toepassings het.

Volgens Azarian (2011:119) word daar geglo dat die vergelykende benadering nie moet eindig by die beskrywing van verskille en ooreenkomste en die ontwikkeling van tipologieë nie. Vergelyking kan en moet eerder gebruik word om insigte oor die oorsaaklike verhoudings verantwoordelik vir die waargeneemde ooreenkomste en verskille te verkry.



In die volgende onderafdeling word daar gekyk na die sterk- en swakpunte van 'n vergelykende teksstudie.

3.2.1 Sterk-/swakpunte van 'n vergelykende teksstudie

In hierdie onderafdeling word die sterk- en swakpunte van 'n vergelykende teksstudie ondersoek.

Die sterkpunte van 'n vergelykende teksstudie is dat die verskille en ooreenkomste in die ondersoek baie duidelik sigbaar is en dus is dit 'n baie akkurate ondersoek. Volgens Azarian (2011:117) is die algemene refleksiewe funksie van vergelyking, die funksie om die navorser se uitkyk te verbreed, sy horisonne te verbreed en om dinge in perspektief te sien.

Azarian (2011:118) skryf ook dat vergelyking die afwykings en variasies binne dit wat geglo word 'n eenheid en dieselfde kategorie van eenhede is, uitwys.

Die swakpunte van 'n vergelykende teksstudie is dat, om dit in diepte te ondersoek, dit eintlik getranskribeer moet word. Die feit dat tyd beperk is, maak dit onprakties wat daartoe lei dat die studie dan oppervlakkig kan wees. Volgens Azarian (2011:115), kwalifiseer 'n vergelykende teksstudie nie as wetenskaplik nie, tensy 'n vergelykende manier van analise toegepas is volgens die beginsels van die produsering van wetenskaplike uitslae.

Azarian (2011:120) meen vergelyking is 'n veeleisende metode wat baie dinkwerk en versigtige oorweging vereis. Nog 'n probleem met vergelykende teksstudies volgens Azarian (2011:121) is die keuse van die eenhede wat vergelyk word. Die vergelyking is nie 'n onskuldige of eenvoudige taak nie; die vergelyking van eenhede is 'n kritiese en moeilike saak. Kocka (1999:49) sê die navorser moet dit duidelik maak tot watter mate die resultate van 'n vergelyking afhanklik is van die keuse van voorwerpe van vergelyking.

In die onderstaande onderafdeling word die gevallestudie as metodologie bespreek.

3.3 Die gevallestudie as navorsingsontwerp

In hierdie onderafdeling word daar gekyk na die gevallestudie as metodologie en navorsingsontwerp.

Volgens Yin (2001) is 'n gevallestudie 'n empiriese navraag wat 'n kontemporêre fenomeen in diepte en binne werklike kontekste ondersoek, veral as daar nie duidelike grense tussen die fenomeen en die konteks is nie.

Gillham (2000:1) definieer 'n geval as 'n eenheid van menslike aktiwiteit in die werklike wêreld, wat slegs in konteks bestudeer of verstaan kan word, wat slegs bestaan hier en nou, wat saamsmelt met sy konteks sodat presiese grense moeilik is om te onderskei.

Volgens Saldanha en O'Brien (2013:209) behoort die gevallestudie tot 'n groep kwalitatiewe navorsingsmetodes wat 'n bydrae kan lewer tot kennis in drie scenario's: 1) in beantwoording van die



vrae *hoe* en *hoekom*, 2) vir hipotese formulering (teenoor hipotese toetsing) en 3) vir toetsing van die lewensvatbaarheid van 'n teoretiese raamwerk.

Volgens Saldanha en O'Brien (2013:212) kan data van verskeie soortgelyke gevalle help om kumulatiewe bewyse van 'n enkele fenomeen aan te bied. Wanneer soortgelyke gevalle heterogeen is, is dit 'duur' om meer as een geval te bestudeer aangesien 'n wyer reeks faktore in ag geneem moet word. Dit is ook moeiliker om betekenisvolle vergelykings te maak, omdat dit wat in een geval relevant is, nie noodwendig in die ander relevant is nie (Saldanha en O'Brien, 2013:209).

Gevallestudies daag ook gevestigde teorieë uit en kan leemtes uitwys wat nie ondersoek is in gevestigde teorieë nie. Dit gee dus terugvoer aan die teoretikus en kan byvoegings en veranderings tot gevolg hê, na gelang van die geval (Saldanha en O'Brien, 2013:210).

In die volgende onderafdeling word die sterk- en swakpunte van 'n gevallestudie bespreek.

3.3.1 Sterk-/swakpunte van 'n gevallestudie

In hierdie onderafdeling word die sterk- en swakpunte van 'n gevallestudie as metodologie bespreek en die gevare van 'n gevallestudie uitgewys.

Een van die gevare van 'n gevallestudie is dat die navorser betrokke kan raak by 'n web van teenstrydige redes en tussenverhoudings (Koskinen, 2010). Omdat elke gevallestudie so uniek is, is dit ook moeilik om data en gevolgtrekkings te veralgemeen (Saldanha en O'Brien, 2013:209).

Volgens Johnson (1994) is daar kritiek teen gevallestudies vir 'n gebrek aan wetenskaplike nougesetheid en betroubaarheid en dat dit nie die probleem van veralgemening aanspreek nie.

Die sterkpunte van 'n gevallestudie is dat dit baie spesifieke data kan verskaf. Dit werk direk met die teks of instansie en is 'n kwalitatiewe manier van dataverkryging. Gillham (2000:211) skryf dat gevallestudies 'n oop einde het en buigbaar is in terme van navorsingsvrae en ontwerp, met ander woorde, aanpassings kan gemaak word soos die navorsing vorder.

Behalwe dat dit 'n goeie manier is om die betroubaarheid van die bevindinge uit drie bronne te verifieer, kan die kombinerings van verskillende bronne data opmaak vir die onvermydelike vooroordeel van die verskillende bronne self, of dit individuele onderwerpe of regeringstatistiek is (Saldanha en O'Brien, 2013:217).

Dit laat die navorser toe om 'n holistiese uitkyk oor 'n sekere fenomeen of reeks gebeurtenisse te kry en kan 'n volledige beeld skep omdat 'n groot aantal verskillende bronne gebruik is (Gummesson, 1991). 'n Gevallestudie kan gebruik word om die opkomende en fundamentele eienskappe van die lewe in organisasies en die beweging van 'n georganiseerde aktiwiteit, veral waar dit vinnig verander, uit te beeld (Hartley, 1994).



Volgens Noor (2008:1603) laat gevallestudies ook veralgemening toe omdat daar soveel verskillende bronne en gevalle gebruik en ondersoek word om bevindings te kry wat op een of ander manier herhaalbaar is.

In die onderstaande onderafdeling word daar gekyk na die verskil tussen kwalitatiewe navorsing en kwantitatiewe navorsing.

3.4 Kwalitatief teenoor kwantitatief

In hierdie onderafdeling word die verskillende eienskappe van kwalitatiewe navorsing teenoor kwantitatiewe navorsing genoem en beskryf.

Volgens Litosseliti (2010:52) gaan kwalitatiewe navorsing oor strukture en patrone en die toestand van iets, terwyl kwantitatiewe navorsing fokus op hoeveel van 'n spesifieke karaktereenskap of item daar is.

Litosseliti (2010:52) noem dat kwantitatiewe data dit moontlik maak om groot hoeveelhede data te vergelyk. Dit kan geanaliseer word deur statistiese metodes, en spesifiek wiskundige aspekte te gebruik.

Kwalitatiewe studies is induktief van aard: die teorie is afgelei van die navorsingsresultaat. Kwantitatiewe navorsing is deduktief: gebaseer op 'n teorie wat alreeds bekend is, word 'n hipotese ontwikkel, wat poog om bewys of teenbewys te word deur die loop van die empiriese ondersoek (Litosseliti, 2010:52).

Cobley (2001) meen dat taalkundiges dokumente bestudeer om te verstaan wat gesê word; hulle interpreteer die etimologie van die individuele woorde en grammatiese struktuur van sinne en analiseer die vergelykende veranderinge in patrone van spraak en taalgedrag.

Die volgende basiese beginsels word deur die meerderheid van analitiese metodes gedeel (Nicholls, 2009:643;644):

- Die skep van 'n teks vanuit rou data- soos data uit die veld as veldnotas, oudio- en videomateriaal, of dokumente wat algemeen geskrewe teks is, kan geles en geanaliseer word.
- 'n Aanvanklike lesing volgens Colaizzi (1978) waar die rou teks geles word, of herhaaldelik na geluister of gekyk word.
- Van hier af word die teks van nader af bestudeer en die vroeër idees van die navorser kan gedeel word met kollegas of navorsingsdeelnemers om seker te maak dat die navorser se idees redelik gebaseer is op die data. Daarna word dit hersien en meer detail word gebruik om dit aan te vul.



- Sommige navorsers sal voorts kyk na bestaande navorsing en teorieë om hul eie teks beter te probeer verstaan, dit staan bekend as teoretiese sensitiviteit in gegronde teorieë (Price, 2002).
- Daarna word verdere data ingesamel en die navorser begin oplet na patrone in die tekste.
- Negatiewe gevalle (Finch en Mason, 1990) is 'n noodsaaklike deel van die proses en moet ernstig opgeneem word op hierdie stadium; gevalle wat vroeë teoretisering negeer kan nuwe idees wat gevorm word verfyn of verander. Namate negatiewe gevalle ingesluit word, word die teorieë meer gesofistikeerd en verfyn.

Die onderstaande tabel van Nicholls (2009:645) kan gebruik word om kwalitatiewe navorsing te evalueer en te verbeter.

Tabel 3: Nougeseheid in kwalitatiewe navorsing.

Nougeseheid in kwalitatiewe navorsing	
Strategieë wat gebruik word in 'n navorsingstudie	
Kategorieë	Hoe dit voorkom
Navorsers se reaksie	Bewyse van die aktiewe bestuur van die projek. Die navorser gebruik kennis en ervaring om die projek te lei, maar laat die rigting van die studie deur die deelnemers dryf – sensitiviteit.
Kontroleringstrategieë	Bewyse dat die navorser bevindinge deurgaans nagaan en bevestig. Aanhoudende wisselwerking tussen data invordering en analise, literatuur, werwing en teorie.
Metodologiese koherensie	'n Duidelike verband tussen vraag, filosofie, metodologie en metode.
Genoegsame steekproefneming	Dit verwys nie na groot getalle nie, maar eerder die versekering van doeltreffende en effektiewe dataversadiging (Morse et al, 2002). Genoegsaam om alle aspekte van die fenomeen te dek. Bewyse dat negatiewe gevalle gebruik is.



Gelyktydige teks-skepping en analise	Bewyse dat die navorser beweeg vanaf wat bekend is na wat onbekend is. Teks-skepping en analise begin vanuit die staanspoor.
Teoretiese denke	Bewyse van gelydelike beweging na 'n teoretiese verstaan van die data, nie rou data wat bolangs geanaliseer is nie. Nuwe teorieë bewys of verwerp deur nuwe data. Nuwe data/teorieë lei die ontwikkeling van nuwe stappe. Bou induktief.
Strategieë wat gebruik word om die nougetheid van kwalitatiewe navorsing te toets	
Geloofwaardigheid	Aktiwiteite van die moontlikheid van geloofwaardige bevindinge bevorder. Bevindinge versoenbaar met die deelnemers se persepsie deur: Verlengde betrokkenheid in die veld. Aanhoudende waarneming. Triangulering van data en metodes. Deelnemer kontroliering- waar deelnemers ontwikkelde kodes, kategorisering en teoretisering nasien. Portuur deling- deel ontwikkelde analise met portuurgroep.
Oordraagbaarheid	Bewys dat dit moontlik is om ontwikkelde teorieë van een inhoudsgroep na 'n ander oor te dra. Bewys van gedetailleerde of uitgebreide beskrywing en doelgerigte steekproefneming waar deelnemers gekies word vir hul vermoë om die studie se doel te bevorder.
Getrouheid	Bewys van konsekwentheid en akkuraatheid in data insameling, teks-skepping en analise. 'n Ouditspoor van besluitneming en bewyse van portuur navraag oudit.



Bekostigbaarheid	Duidelike bewyse dat die resultaat afgelei is van die teks, nie deur die selektiewe lees van die skrywer nie. Daar moet 'n deursigtige besluitnemingspoor en bewyse van reflektiwiteit wees.
Egtheid	Toepaslike strategieë vir getroue verslagdoening van die deelnemers se idees.

In die onderstaande onderafdeling word die bogenoemde teorieë prakties toegepas.

3.5 Ontwerp 'n metode

In 3.3 is daar na die navorsingsontwerp in gevallestudies verwys, terwyl 3.1 die literatuuorsig beskryf het. Hoofstuk 2 handel ook oor die literatuuorsig en die belang van 'n literatuuorsig as navorsingsmetode. In 3.2 is die belang van 'n vergelykende teksstudie as navorsingsmetode genoem.

In hierdie onderafdeling gaan die bogenoemde teoretiese navorsingsmetodes prakties op die data en analise van hierdie verhandeling toegepas word, deur te wys hoe die data en analise in Hoofstuk 4: Data en analise, gedoen gaan word. Daar word gewys hoe die data ingesamel en geanaliseer gaan word.

Volgens Litosseliti (2010:57) kan navorsingsontwerp die beste verstaan word as 'n raamwerk waarom die studie georganiseer word, maar dit verwys nie na die eintlike 'gereedskap' wat gebruik word om die navorsing uit te voer nie. Daar word nie slegs 'gereedskap' benodig om data te verkry nie, maar daar moet ook gedink word aan 'n koherente en soliede raamwerk waarom die ingesamelde data georganiseer kan word.

Om die navorsing te kan doen moet die episodes van elke program bekom word. Aanvanklik is die genres wat nagevors gaan word geïdentifiseer, waarna daar op YouTube gekyk is watter verteenwoordigende televisieprogramme uit elke genre beskikbaar is. Voorts is daar uit die beskikbare televisieprogramme op YouTube gekyk watter programme onderskrifte het en hoeveel episodes van elke program beskikbaar is vir navorsing.

Een genre wat slegs op *Showmax* vertoon word, is heel laaste behandel.

DEKATv is eerste gekontak aangesien geen episodes op daardie tydstip op YouTube beskikbaar was nie. *DEKATv* is in hierdie verhandeling ingesluit weens die vreemde en ongewone onderskrifte wat in die program voorkom en die verhandeling nie volledig sou wees daarsonder nie. *DEKATv* het twee episodes beskikbaar gestel aan die navorser met voorbehoud dat dit slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word.

'n Paar maande na die korrespondensie met *DEKATv* is waargeneem dat 19 episodes van die program op YouTube gelaai is. Hierdie episodes is saam met die twee wat aanvanklik gestuur is vir



navorsing gebruik in die leefstyl genre.

Die kos-program *Spyskaart* Seisoen 1 se 13 episodes is op YouTube beskikbaar gestel. Hierdie genre is eerste bestudeer.

Uit die drama genre verskyn slegs 'n paar episodes per televisieprogram op YouTube en die meeste van die episodes is nie opeenvolgend nie. Die televisieprogram met die meeste episodes, *Swartwater*, is geïdentifiseer, waar daar van seisoen twee 'n paar episodes nagevors is.

Voetspore: Reünie is volledig op YouTube beskikbaar en is ook een van die eerste televisieprogramme wat nagevors is. *Voetspore* val onder die natuurprogram genre. Daar is ook opgelet voordat die verhandeling geskryf is, dat *50/50* baie groot en leesbare onderskrifte het, maar omdat dit ook 'n natuurprogram is, kon dit nie in eie reg as 'n genre bestudeer word nie. Daar is ook slegs twee episodes van *50/50* op YouTube beskikbaar wat dus nie genoeg inligting sou verskaf nie.

Voetspore: Reünie is om hierdie rede gekies as die hoofprogram wat nagevors word in die natuurprogram genre, terwyl die twee episodes van *50/50* gebruik is om met *Voetspore* te vergelyk. Dit is die enigste genre waar meer as een televisieprogram bespreek is.

7de Laan is die televisieprogram wat in die sepie genre bestudeer is. Die *7de Laan* episodes wat op YouTube voorkom is benoem volgens die datum waarop hulle uitgesaai is. Sommige episodes is wel genommer, maar aangesien die nommers relatief klein is, word aangeneem dat dit na 'n spesifieke jaar se episodenommer verwys.

'n Poging is aangewend om Danie Odendaal Produksies te kontak om inligting oor die episodenommers te kry asook om 'n paar episodes aan te vra, maar die e-posadres en selfoonnommer bestaan blykbaar nie meer nie.

Die SABC is voorts gekontak vir nuwe kontakbesonderhede vir Danie Odendaal Produksies, sonder sukses. *7de Laan* is daarna op sosiale media soos Facebook en Twitter gekontak vir meer onlangse kontakbesonderhede, maar die navraag is nie beantwoord nie.

As gevolg hiervan is besluit om in hierdie verhandeling na die *7de Laan* episodes te verwys deur die datum waarop hulle uitgesaai is om enige verwarring te voorkom.

Die laaste kategorie is die misdaadprogram kategorie, waar die program *Die Boland Moorde* gekies is. Hierdie program word slegs op *Showmax* uitgesaai, en daar is dus van 'n gratis inskrywing vir 14 dae gebruik gemaak om dit na te vors.

Die televisieprogramme is nagevors deur elke episode te kyk, kort-kort die episode te stop en die onderskrifte te lees en dit dan met die gesproke uiting te vergelyk. Daar is ook skermgrepe geneem sodat dit later in die verhandeling gevoeg kon word. Daarna is alle foute en onreëlmatige aspekte wat



waargeneem is, in 'n navorsingsnotaboek aangeteken. Die navorsing is voorts opgedeel in genre, gehoor, kinematografie, styl en ander. Die finale stap was die optekening van die navorsing in die verhandeling.

Die teorieë wat in Hoofstuk 2: Literatuuroorsig genoem is, is tussen die data neergeskryf om die reëls wat oortree of nagekom is, beter uit te beeld.

In die volgende onderafdeling word die navorsingsinstrumente genoem.

3.6 Navorsingsinstrumente

In hierdie onderafdeling word gekyk na die verskillende navorsingsinstrumente wat in hierdie verhandeling gebruik gaan word.

Die hoofpunte wat ondersoek sal word in al die onderskrifte is:

- Genre
- Gehoor
- Kinematografie
- Styl

Die kriteria waarvolgens die data ondersoek word, is 'n kombinasie van kriteria van die Noord Wes Universiteit en die punte genoem in Karamitroglou (1997) se artikel oor die reëls van onderskrifskrywing.

Die navorsing sal aan die volgende vertaalaspekte gemeet word:

- Die vlak van ooreenstemming tussen die onderskrifte en die dialoog
- Die indeling van die onderskrifte op die skerm
- Spelling en grammatikale korrektheid
- Leestekengebruik
- Die tydsduur van die onderskrifte
- Die onderskrif kleur teenoor die agtergrond
- Onderskrifte wat nie dialoog is nie
- Idiome en gesegdes
- Tussenwerpsels (um, wel, né)
- Taboe woorde en frases
- Kultuurspesifieke linguistieke elemente

Verdere punte waarvolgens die navorsing geanaliseer sal word, is die volgende:

- Ekwivalensie op woordvlak
- Ekwivalensie bokant woordvlak



- Nie-ekwivalensie

In die volgende onderafdeling word die verskillende beperkings genoem.

3.7 Beperkings

In hierdie onderafdeling word daar na die verskillende beperkings verwys met betrekking tot hierdie verhandeling.

Die beperkings in die oudiovisuele vertaling het te doen met die feit dat die onderskrifte nie slegs vertaal moet word nie, maar dat dit ook meer kompak moet wees vir die plasing op 'n skerm. Dit kan slegs vir 'n kort tyd op die skerm verskyn en moet dus kort en maklik leesbaar wees. Dit moet ook saam met die dialoog of gesproke taal verskyn (gesinchroniseer wees).

Ander beperkings soos die vertaling van kultuurspesifieke uitings, idiomatiese taalgebruik, die vertaal van humor en onvertaalbaarheid kom ook voor.

Die gebrek aan televisieprogramme op YouTube asook die gebrek aan opeenvolgende episodes op YouTube is ook beperkend.

Nog 'n beperking is die hoeveelheid onbeantwoorde navrae tydens die insameling van ekstra inligting oor episodes, veral van die SABC en Danie Odendaal Produksies.

Die feit dat sekere programme slegs op *Showmax* beskikbaar is en 'n inskrywingsfooi van R100 per maand betaal moet word om navorsing oor daardie episodes te doen of die 14 dae gratis tydperk te gebruik vir navorsing, is ook 'n beperking.

'n Groot aantal Afrikaanse televisieprogramme het nie onderskrifte nie. Baie populêre televisieprogramme met selfs meer as 13 seisoene, het nie onderskrifte nie, al is daar al opgemerk dat kykers versoeke gerig het vir Engelse onderskrifte sedert 2013.

'n Ander beperking is dat daar om sekuriteitsredes nie deur 'n skootrekenaar skermgrepe vanaf *Showmax* geneem kan word nie. Daar moes dus 'n ander metode gebruik word om in die misdaadprogram genre ook visuele inligting te verkry en die verhandeling eenvormig te kan hou.

In die volgende onderafdeling word die etiese klaring genoem.

3.8 Etiese klaring

Daar is geen etiese kwessies nie omdat daar nie direk met mense gewerk word nie.

In hierdie hoofstuk is daar drie metodologieë bespreek wat gebruik is om data in te samel en te analiseer, asook om 'n beter idee en agtergrond van die teorieë van metodologieë te gee. In die onderstaande hoofstuk, Hoofstuk 4: Data en analise, gaan die data ingesamel gedurende die navorsing geanaliseer word.



Hoofstuk 4: Data en analise

In hierdie hoofstuk gaan die data ondersoek en geanaliseer word.

4.1. Hoe is die data ingesamel

Die data is ingesamel deur na 'n aantal episodes van elke televisieprogram te kyk en dan vas te stel of onderskrifskrywingsreëls oortree of nagekom is. Daar is ook gekyk na ander abnormaliteite en vreemde verskynsels in die onderskrifte. Daarna is die verskillende aspekte geanaliseer en gegroepeer volgens die kategorieë.

4.2. Hoe gaan die analise gedoen word

In hierdie verhandeling gaan die analise van die data gedoen word deur die data in vyf kategorieë te verdeel naamlik genre, gehoor, kinematografie, styl en ander aspekte. Dit word dan vergelyk met teorieë en reëls wat nagekom of oortree word. Dit sal voorts uitgebrei word met voorbeelde en skermgrepe. Aan die einde van elke genre gaan daar dan 'n evaluasie van die onderskrifte in daardie program gedoen word.

In die onderstaande onderafdeling word die analise van al die data gedoen.

4.3. Analise

4.3.1. Natuurprogramme

Die eerste genre wat ondersoek word, is die natuurprogram genre. In die natuurprogramme kategorie gaan *Voetspore: Reünie* bespreek word en daarna gaan *50/50* vergelyk word daarmee.

In die volgende onderafdeling word natuurprogramme as genre ondersoek.

4.3.1.1. Genre

Voetspore: Reünie is 'n natuurprogram wat ook onder avontuur as genre geklassifiseer kan word. Dit is 'n baie populêre genre omdat dit die natuurskoon uitbeeld en die kyker op 'n avontuur neem sonder om die huis te verlaat.

50/50 is 'n natuurprogram met opvoedkundige aspekte. Dit verskaf baie inligting oor belangrike gebeure in die natuur en op aarde. Dit het 'n groot verskeidenheid afdelings wat verskillende natuurkwessies dek, soos "Veldfokus" en "Wildewêreld".

Omdat *Voetspore* en *50/50* al redelike ou programme is, kan dit voorkom of die genre baie verander het. *50/50* se leuse het onlangs verander en gee deesdae meer inligting oor omgewingsgevaar, soos mynbou, asook meer oor die gemeenskap en nedersettings weer, as aan die begin toe die program



grootliks oor die natuur gehandel het.

Voetspore het ook verander omdat hulle onlangs na Madagaskar en Indië getoer het, waar hulle voorheen net in Afrika getoer het.

Voetspore wys steeds, soos voorheen, die natuur en wêreld met sy vreemde plekke vir die kyker. 50/50 gaan steeds oor 50% natuur en 50% die mens, net soos toe die program begin het.

'n Ander natuurprogram is *Kom ons kamp*. Dit handel oor 'n aanbieder wat sy avonture met sy tent met die kyker deel.

In die volgende onderafdeling word natuurprogramme se gehoor ondersoek.

4.3.1.2. Gehoor

Die teikengehoor en teikenleser is veronderstel om baie spesifiek te wees, maar in die geval van programme wat deur die SABC aangebied word, is dit baie generies sodat een stel onderskrifte vir enige gehoor gebruik kan word. Dit is deels waarom die onderskrifte beskou word as van swak gehalte.

Voetspore: Reünie se onderskrifte is bedoel vir 'n gehoor wat nie Afrikaans goed genoeg verstaan om die gesprekke te kan volg nie, maar wat wel genoeg Afrikaans moet verstaan omdat daar soms tipiese Afrikaanse woorde soos "kuier" in aanhalingstekens in die Engelse onderskrif geskryf word. Dus sal 'n Britse of Amerikaanse gehoor nie die onderskrifte in daardie opsig kan verstaan nie.

Daar word in baie van die spreekbeurte glad nie onderskrifte vertoon nie en dus is die onderskrifte ook nie gepas vir 'n dove of hardhorende gehoor nie.

Sekere woorde en frases is verkeerd vertaal. In episode 6 word daar gepraat van verkoue, maar in die onderskrif staan daar "flu" wat eintlik die vertaling vir griep is. Daar is ook die frase "vir ou laas" wat in die onderskrif as "for good measure" vertaal is, terwyl "for old times' sake" 'n meer akkurate vertaling sou wees.



Figuur 1: *Voetspore: Reünie*, verkeerd vertaalde onderskrif vir “vir ou laas”.

In ander dele is slegs die helfte van die gesproke uiting in die onderskrif weergegee, byvoorbeeld in Episode 6 waar Johan Badenhorst na “n man en ’n vrou en twee kinders” verwys, maar in die onderskrif staan daar slegs “a woman and two children”. Dit dra onakkurate inligting oor aan die Engelse leser.



Figuur 2: *Voetspore: Reünie*, slegs ’n gedeelte van die gesproke uiting “n man en ’n vrou en twee kinders” is weergegee.

In Episode 6 noem hulle vir Gideon Swart op sy bynaam “Giepie”, maar in die onderskrif staan sy volle naam “Gideon”. Dit verander nie aan die betekenis van die uiting nie, maar dit is ’n onnodige verandering wat gemaak is en kan die onderskrifte onbetroubaar laat voorkom. Dit kan wel wees dat die onderskrifskrywer gedink het dat Engelssprekende mense nie dadelik die konneksie tussen “Gideon” en “Giepie” sal maak nie en dit dus verander het om die verstaanbaarheid te bevorder.



Die verkeerde vertaling van die woord “onheil” is gebruik in die onderskrif van Episode 9. Daar staan “mischief”, terwyl “misfortune” ’n beter vertaling sou wees. In Episode 1 is die woord “sinkplaatpad” direk in Engels vertaal na “corrugated iron road”, in plaas van “corrugated road”.



Figuur 3: *Voetspore: Reünie*, verkeerd vertaalde onderskrif vir “sinkplaatpad”.

Al die vertaalfoute sal maklik reggemaak kan word deur ’n goeie tweetalige woordeboek te gebruik. Dit is ook nie moeilik om dit in die klaargestryfde onderskrifdokument te korrigeer nie.

In Afrikaans word party naamwoorde soms in die verkleiningsvorm gesê sonder dat die verkleining bedoel word. Daar word in episode 1 en 6 gereeld gepraat van “olifantjies” soos in die sin “Waar is die olifantjies?” wat dan in die onderskrif as “little elephant” geskryf is. Dit is glad nie wat bedoel word nie en daar gaan van die betekenis verlore. Daar is ook in episode 9 gepraat van “’n sousie” wat ook vertaal is as “little sauce”, maar “sousie” moet nie in die verkleiningsvorm gesien word nie.

Verder word daar op ’n ander deel weer “olifantjies” gesê, maar dit word vertaal as “some elephant”, so die woord “olifantjies” word nie konsekwent vertaal nie, al is die betekenis in Afrikaans presies dieselfde elke keer wanneer dit gesê word.

Hierdie gebruik van verkleinwoorde is ’n baie spesifieke aspek van Afrikaans wat onvertaalbaar is in ander tale. Daar word iets gesê wat op ’n ander manier bedoel word en deur dit direk te vertaal gaan die oorspronklike betekenis verlore en word daar ’n nuwe onakkurate betekenis aan die sin geheg. Dit sou beter gewees het om die verkleinvorm heeltemal uit te laat, dat daardie betekenis, wat onvertaalbaar is, verlore gaan sonder dat daar verkeerde betekenis aan die uitings geheg word.



Figuur 4: *Voetspore: Reünie*, verkeerde gebruik van die verkleining van “sousie” in die onderskrif.

Figuur 5: *Voetspore: Reünie*, verkeerde gebruik van die verkleining van “olifantjies” in die onderskrif.

’n Vreemde verskynsel in hierdie onderskrifte kom voor waar die Dal van 10 000 Donnerse Dansende Duiwels direk vertaal is in die onderskrif as “The Dale of 10 000 Damn Dancing Devils”, en toe ook die amptelike Engelse naam, “the road to Hell and back”, verskaf is.

50/50 se teikengehoor is meer divers deurdat die program in drie gesproke tale aangebied word en Engelse onderskrifte het vir al drie tale. Die gesproke tale is Afrikaans, Engels en nog ’n inheemse Suid-Afrikaanse taal.

In hierdie verhandeling word slegs die Engelse onderskrifte wat uit die Afrikaanse gesproke taal geskep is, ondersoek. Daar word wel ook oorweging geskenk aan sinskonstruksie en ander nie-vertalingsaspekte in die Engelse gesproke taal en onderskrifte.

Dowe en hardhorende mense sal baie baat by die onderskrifte al is dit nie spesifiek vir hulle geskryf nie. Die gehoor is dus hoofsaaklik vir horende Afrikaans en Engelse sprekers en die sprekers van nog ’n inheemse Afrika taal wat wel Engels kan lees en verstaan.

Daar moet in ag geneem word dat daar gereeld tonele in *50/50* verskyn wat nie gepas is vir sensitiewe kykers nie. Daar is in amper elke “Veldfokus” afdeling ten minste een vangs tussen ’n roofdier en sy prooi wat sensitiewe kykers kan ontstel, dus is *50/50* nie vir ’n sensitiewe gehoor bedoel nie.

Die teikengehoor is natuur liefhebbers wat omgee vir die aarde en belangstel in aardverwarming en ander natuur- en omgewingskwessies. *50/50* leer die gehoor hoe om meer ekovriendelik te lewe en maak die gemeenskap meer bewus van die slegte omstandighede waarin sekere gemeenskappe lewe asook van die toestand van die aarde en die natuur.



Aan die begin van Episode 38 in Seisoen 9 is daar 'n klomp onnodige ellipse. Wanneer een sin in 'n ander oorgaan, word daar soms ellipse gebruik om dit aan te dui, alhoewel Karamitroglou (1997:5) beweer dat dit glad nie so gebruik moet word nie en net die onderskrif sonder 'n leesteken moet laat oorgaan in die volgende een.



Figuur 6: 50/50, onnodige ellips aan die einde van die onderskrif.

Later, in dieselfde episode, is daar 'n gedeelte wat glad nie onderskrifte het nie. Dit is belangrik om die kyker wat slegs die onderskriftaal verstaan, te respekteer en nie gedeeltes uit te laat nie.

In Episode 38 is daar 'n gedeelte wat te veel verdig is, in so 'n mate dat daar belangrike inligting verlore gaan. Dit sou beter gewees het om twee onderskrifte te skep en die inligting meer akkuraat weer te gee.

Daar is twee hoofteorieë naamlik, verdig so veel as moontlik teenoor, gee so veel as moontlik inligting weer (Szarkowska, 2016). Dit is beter om so veel as moontlik inligting te verskaf, sodat die lesers so maklik as moontlik die program kan verstaan.

In die volgende onderafdeling word die kinematografiese aspekte van natuurprogramme veral ten opsigte van die onderskrifte bespreek.

4.3.1.3. Kinematografie

In Episode 1 is die onderskrif bo-oor die onderste deel van die parknaam in die beeld geskryf. Hierdie onderskrif breek talle konvensies en is onaanvaarbaar omdat dit beide die beeldmateriaal en die onderskrif onleesbaar maak; tog het dit so op televisie verskyn. In hierdie geval is dit steeds minimaal leesbaar, maar definitief steurend.



Alhoewel die onderskrifskrywer die onderskrif dalk eerder bo aan die skerm kon plaas, is dit nie net sy fout nie, maar eerder die kameraman wat die program geskiet het sonder om onderskrifte in ag te neem. Dit is baie belangrik dat die kameraman die program so verfilm dat daar 'n redelike neutrale agtergrond area is vir die onderskrifte, anders raak die onderskrifte onleesbaar. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet alle belangrike inligting in die beeld, soos kennisgewingborde en tekens, vertaal word in die onderskrif.



Figuur 7: *Voetspore: Reünie*, onderskrif is gedeeltelik bo-oor die parknaam geskryf.

In Episode 38 van Seisoen 9 van *50/50* is daar gedeeltes waar die onderskrifte in wit op 'n wit agtergrond geskryf is, maar omdat die skrif so groot en duidelik is, is die onderskrifte steeds leesbaar. Wanneer 'n wit onderskrif op 'n wit agtergrond verskyn moet die onderskrif 'n donker skadu of buitelyn hê wat leesbaarheid vergemaklik. Indien dit nie help nie moet daar gebruik gemaak word van 'n grys agtergrond (Díaz-Cintas en Remael, 2007:84).

Daar is ook dele in Episode 38 waar die onderskrifte bo-oor 'n besige agtergrond geskryf is en alhoewel dit steeds leesbaar is, is dit moeilik leesbaar.



Figuur 8: 50/50, die onderskrif is bo-oor 'n besige agtergrond geskep.

In die onderstaande onderafdeling word die styl van die gesproke en geskrewe taal in die natuurprogram genre bespreek.


4.3.1.4. *Styl*

Daar kom registerverskille voor wanneer Johan Badenhorst met die gebruik van 'n agtergrondstem vertel waar hulle orals in die episode gereis het, teenoor wanneer hulle om die kampvuur kuier. Johan Badenhorst se taalgebruik is meer neutraal tot formeel en die res van die span s'n is meer neutraal tot informeel. In die onderskrifte is al die taalgebruik oor die algemeen neutraal.

'n Vreemde verskynsel by die onderskrifskrywing wat daar vir hierdie program gedoen is, kom voor wanneer 'n woord wat op die skerm verskyn, wat in Afrikaans en Engels presies dieselfde geskryf en dieselfde betekenis het, wel ook as 'n onderskrif geskryf word.

'n Voorbeeld hiervan kom voor in Episode 9 waar die woord "Venda" as 'n opskrif op die skerm verskyn, en dan ook 'n onderskrif het wat presies dieselfde is. Daar verskyn ook die pad se naam "Hunter's Road" op die skerm en in die onderskrif, maar "Oos Botswana" wat in Afrikaans op die skerm verskyn, word nie in Engels in die onderskrifte weergegee nie. Dit is nie noodwendig 'n fout nie, want dit kan gesien word as oortollig en onnodig, maar belangrike inligting kan sodoende onvertaald bly.

Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet alle belangrike inligting in die beeld, soos kennisgewingborde en tekens, vertaal word in die onderskrif en volgens Karamitroglou (1997:7) moet tekens wat op die skerm verskyn in hoofletters in die onderskrif weergegee word.



Figuur 9: *Voetspore: Reünie*, “Hunters Road” word netso in die onderskrif weergegee waar “Oos Botswana” eerder as “East Botswana” in die onderskrif weergegee moes word.

In een van die *Voetspore: Reünie* episodes word daar beeldmateriaal van ’n vorige reeks, *Voetspore: Van die Grottes*, vertoon waar die onderskrifte aan die linker- en regterkante van die skerm afgesny word.



Figuur 10: *Voetspore: Reünie*, die onderskrif word aan die linker- en regterkante afgesny.

Soms som die onderskrifskapper die gesproke uiting op, eerder as om die hele uiting te vertaal. Dit is verstaanbaar dat dele soos tussenwerpsels en herhaling uitgelos word. Dit help ook met die probleem waar daar ’n monoloog gelewer word wat baie lank is, om die belangrike eenhede bymekaar te hou.

Die styl van 50/50 se gesproke taal is neutraal tot formeel en is baie inligtingryk en het dus ’n groter kognitiewe lading. Dit maak dit nie minder verstaanbaar nie, maar laat die kyker se brein harder werk (Szarkowska, 2016).



Die styl van 50/50 se onderskrifte is ook neutraal en inligtingryk. Die onderskrifte kom natuurlik voor en nie geforseerd nie. Daar word nie baie metaforiese taalgebruik gebruik in die gesproke taal nie en dus ook nie in die onderskrifte nie.

In die volgende onderafdeling word die aspekte en eienskappe wat nie by die bogenoemde kategorieë inpas nie, bespreek.

4.3.1.5. Ander

Voetspore: Reünie se onderskrifte is in die standaard puntgrootte, omtrent 36 puntgrootte, en in 'n standaard lettertipe, skreefloos, geskryf.

Aspekte wat onder die tegniese deel van oudiovisuele vertaling val, is die posisie op die skerm waar die onderskrifte verskyn, die tempo van die onderskrifte asook wanneer die onderskrif verskyn op die skerm. Dit sluit ook aspekte soos die omgekeerde piramide teorie in, asook geskrewe aspekte van die film wat as onderskrifte weergegee word of waar 'n onderskrif verkort word.

'n Groot probleem kom voor wanneer een van die persone op die program praat en die onderskrif eers daarna verskyn. 'n Voorbeeld hiervan is in Episode 1 waar die spreker sy sin sê en eers wanneer hy dit amper klaar gesê het, verskyn die onderskrif. Volgens die reëls van onderskrifskewing van Karamitroglou (1997:4) moet die onderskrif 'n kwart van 'n sekonde later as die aanvang van die uiting op die skerm verskyn. Daar is ook opgemerk dat die onderskrifte gereeld uit ritme is met die gesproke uiting.

Die meeste van die onderskrifte volg wel die omgekeerde piramide-teorie en waar dit nie die geval is nie, kan daar duidelik gesien word dat die reël gebreek is om sintaktiese eenhede bymekaar te hou. Volgens Karamitroglou (1997:8) moet daar eerder twee korter onderskrifte wees as een lang onderskrif en dat die langer onderskrif bo moet wees omdat dit makliker lees.

In Episode 6 kom daar humoristiese woordspeling voor, wat heeltemal verlore gaan in die Engelse onderskrif. Die mense van *Voetspore* sien 'n trok wat vasgeval het in die modder, waarop een persoon dan vra: "Sit hulle vas?" en 'n ander antwoord "Waaroor?". In die onderskrifte is dit vertaal na "Are they stuck?" en die tweede spreekbeurt lui dan: "Why would they be?". Die humor van die Afrikaanse uiting gaan heeltemal verlore, maar omdat die woordspeling so spesifiek Afrikaans is, is daar nie eintlik 'n manier waarop dit op dieselfde manier oorgedra kan word in 'n Engelse onderskrif nie.



Dit is dus taalgebonde humor wat deur Zabalbeascoa (1996:253) gedefinieer word as 'n grap wat op eienskappe van natuurlike taal staat maak vir humor. Volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:222) val dit ook onder Chiaro (2005) se konsep van 'verbaal uitgedrukte humor' wat woordspeling insluit.

Dit is grappig in die gesproke taal omdat die tweede spreker se uiting nie verwag word nie. Daar kon besluit word of die grappie direk vertaal gaan word, wat dan nie sin sal maak in Engels nie omdat dit taalspesifiek is, en of dit met 'n Engelse grappie vervang gaan kan word, wat dan dalk nie met die grappie in die beeld ooreen gaan stem nie (Díaz-Cintas en Remael, 2007:227)

In hierdie geval is die voertuie wat vassit in die modder 'n baie belangrike aspek tot die verstaan van die grappie in die gesproke taal en daar kan dus nie 'n ander Engelse grappie wat niks met die beeld te doen het, gebruik word nie. Dit help ook nie om die grappie direk te vertaal nie, want dan is dit glad nie grappig in die Engelse onderskrifte nie. Daar is gevolglik nie 'n ideale oplossing vir die vertaling van hierdie grappie nie.

Die onderskrifskrywer het dus sy beste gedoen met die vertaling. Die grap is gelukkig nie absoluut noodsaaklik vir die storielyn of verhaal nie, maar dit dra tog by tot die atmosfeer van die program.



Figuur 11: *Voetspore: Reünie*, die vertaling van humor in onderskrifte.

In Episode 9 sê Streicher Badenhorst: "Ek dink vandag se weer is die regte weer vir sop, 'n stoute movie en net lekker in die bed." Dit word in die Engelse vertaling geskryf as "Today's weather is good for soup, a naughty movie and being snugly in bed." Die frase "stoute movie" word vertaal as "naughty movie" wat dit laat klink na 'n pornografiese film, maar kommunikasie deur sosiale media met Streicher Badenhorst het dit laat blyk dat hy bedoel het dat dit 'n lui dag is en dat hy ander goed het wat gedoen moet word, maar dat hy "stout" is en eerder 'n film wil kyk.



Na baie gesprekke met jong Afrikaanse mense, die meeste manlik, het daar ook nog 'n betekenis van die woord “stoute” na vore gekom: dit kan gesien word as 'n vinnige aksie. Dit sluit aan by Streicher Badenhorst se betekenis dat daar eintlik nie tyd is vir die aksie nie, maar dat dit tog vinnig ingepas kan word deur stout te wees.

In Afrikaans kon mens die ander betekenis tot 'n mate aflei, maar in die Engels kan mens glad nie. Dit sou dalk beter gewees het as die onderskrif was “a quick movie” of die sinskonstruksie verander en skryf “being naughty by watching a movie”. Daar gaan dus betekenis verlore en omdat dit so 'n nuwe betekenis vir 'n bestaande woord is, is dit nie wyd bekend nie en is daar nie 'n akkurate vertaling daarvoor nie.



Figuur 12: *Voetspore: Reünie*, verwarrende vertaling.

In teenstelling met *Voetspore: Reünie* is 50/50 se lettertipe groter as normaal, omtrent 50 puntgrootte, en vetgedruk. Dit maak dat die onderskrifte besonder leesbaar is, selfs op 'n groot afstand.

Omdat die lettertipe so groot is, moet daar minder woorde in een reël wees en dus moet die onderskrif vroeër gebreek word in twee reëls. Die onderskrifskrywer het dit nie gedoen nie en dit het abnormale lang onderskrifte tot gevolg sonder om in 'n regop of onderstebo piramide verdeel te wees. Dit sou beter gewees het om die onderskrif in twee korter reëls op te deel as om een lang reël te gebruik, omdat dit bewys is dat die kyker makliker twee korter reëls lees as een lang reël (Karamitroglou, 1997:8).

Daar is sekere vertaalfoute in die onderskrifte, byvoorbeeld in Episode 38 van Seisoen 9 waar die woord “versmoor” met “strangled” vertaal word, terwyl “smothered” of “asphyxiated” 'n meer korrekte vertaling sou wees. Die frase “heel beste” word met “coolest” vertaal wat eerder “the best” kon wees.



Die regte vertalings kan nageslaan word in 'n woordeboek en dan kan die onderskrifte geredigeer word.

Daar kom in Episode 38 'n tikfout voor, waar daar twee spasies tussen woorde gesit is in plaas van slegs een. Die bogenoemde spel- en tikfoute kan maklik reggemaak word deur die onderskrifte te redigeer.

Die name van die verskillende afdelings in *50/50* soos "Wonderwêreld" en "VeldFokus" word in die onderskrifte netso geskryf en nie vertaal nie. Dit kan wees omdat dit 'n naam van 'n afdeling is en dus nie vertaal kan word nie, maar omdat dit so maklik vertaalbaar is en dan Engelse kykers soveel meer kan help, is dit 'n vreemde keuse om dit in Afrikaans te hou.

In die volgende onderafdeling word daar 'n evaluasie geskep oor die bevindinge van hierdie genre se onderskrifte.

4.3.1.6. Evaluasie

Die onderskrifte van *Voetspore: Reünie* en *50/50* verskil baie in terme van hoe dit lyk en geskryf is. Die inhoud wat in die onderskrifte weergegee word, is redelik verskillend al het albei programme met die natuur te doen. Dus verskil die onderskrifte van programme in dieselfde genre.

Die gehoor kan in albei programme dieselfde gehoor wees behalwe dat *Voetspore* se gehoor meer Afrikaans behoort te wees en amper glad nie sprekers wat nie Engels of Afrikaans magtig is, akkommodeer nie. Kykers van *Voetspore* hoef ook nie bang te wees vir sensitiewe beeldmateriaal nie, waar *50/50* kykers wel bewus moet wees dat daar sensitiewe beeldmateriaal voorkom.

Nie *Voetspore* of *50/50* is geskiet met onderskrifte in gedagte nie, omdat daar nie by een van die twee programme spasie gelos is vir onderskrifte nie. Albei programme het wel onderskrifte geskep, maar *50/50* se onderskrifte is baie meer leesbaar as *Voetspore* s'n.

Albei die natuurprogramme se onderskrifte is inligtingryk, maar *50/50* se onderskrifte is meer formeel as die van *Voetspore*.

Albei programme het gevalle waar vreemde, of moeilik hoorbare aksente in onderskrifte weergee moet word, wat in beide gevalle relatief goed gedoen is.

Daar is baie meer taal- en vertaalfoute gemaak in *Voetspore: Reünie* se onderskrifte as in die van *50/50*. Daar kom ook meer tegniese foute voor in *Voetspore: Reünie*. Met al die bogenoemde inligting in ag geneem, is *50/50* se onderskrifte beter geskryf as die van *Voetspore: Reünie*.



In die onderstaande onderafdeling word kosprogramme bespreek.

4.3.2. Kosprogramme

Die kosprogram wat bestudeer word, is *Spyskaart*. In *Spyskaart* is daar hoofsaaklik tegniese foute gemaak met die skepping van onderskrifte, alhoewel daar wel ook vertaalfoute voorkom. In die onderstaande afdeling word dit in diepte bespreek.

4.3.2.1. Genre

In hierdie onderafdeling word kosprogramme bespreek volgens hul genre.

Die televisieprogram *Spyskaart* val onder die kosprogram genre. In hierdie genre is daar verskillende programme wat op diverse maniere benader word. Sommige programme is redelik formeel en fokus slegs op die kosmaakproses terwyl ander meer informeel is en ander aspekte soos die kweek van groente en vrugte of selfdoenprojekte bevat.

Dit wil voorkom of die kosprogram genre 'n redelike jong genre is. Daar is nie baie ou kosprogramme nie en die meeste van die programme het naasteby op dieselfde tyd begin.

Spyskaart is as 'n geheel redelik informeel en het onderhoude met boere en sjefs tussendeur die kosvoorbereidings. Daar is ook een deel in elke episode waar daar vir die kyker gewys word hoe om 'n sekere plant te kweek wat in kosmaak gebruik kan word.

Die kosprogram genre is 'n populêre genre omdat dit vermaak en ontspanning bied, maar ook inligting en opleiding oor hoe om kos te maak. Dit inspireer ook kykers om self nuwe koskombinasies te probeer.

Ander programme in die genre is *Koskaskenades*, wat 'n baie informele kosprogram is met 'n selfdoen afdeling. *Proefessioneel* is 'n kosmaak kompetisie met beoordelaars. *Geure uit die vallei* is 'n kosprogram met baie insetsels van die Franschhoek natuurskoon.

In die volgende onderafdeling word die gehoor van kosprogramme bespreek.

4.3.2.2. Gehoor

Die gehoor vir die onderskrifte in die televisieprogram *Spyskaart* is horende Engelssprekende kosentoesiaste wat 'n redelike kennis van Afrikaans het. Dit is ook vir Afrikaanssprekende kykers, kykers wat gehoorgestremd is of kykers wat sukkel om vreemde aksente mooi te hoor of te verstaan.



Dit is moontlik dat meer jongmense kosprogramme begin kyk het om hulself te leer kook in 'n besige samelewing. Omdat huishoudkunde nie meer verpligtend op skool is nie, is daar baie jongmense wat nie kan kosmaak nie of dalk net die basiese kosmaak tegnieke ken en dus sal dit hulle bevoordeel om kosprogramme te kyk.

Kosprogramme kan ook voordelig wees vir die aanleer van 'n taal met vakspesifieke terme, soos om die Engels of Afrikaans van bestanddele, prosesse en disse te leer.

Dit is moontlik dat swak onderskrifte die gehoor tot so 'n mate kan afsit dat hulle liever nie die spesifieke program wil kyk nie. Swak onderskrifte maak ook dat al die voordele daarvan om die program te kyk en so die taal aan te leer, verdwyn.

Omdat *Spyskaart* se leestekengebruik so swak is, vermoelik dit die lees van onderskrifte, veral vir mense wat nie vertrou is met die taal nie.

Een van die grootste vertaal- of taalfoute wat daar in hierdie program gemaak is, is om leestekens en hoof- en kleinletters tot 'n groot mate te ignoreer. In baie gevalle is die leestekens heeltemal uitgelaat en in ander gevalle is die verkeerde leestekens gebruik. Volgens Karamitroglou (1997:5;6) is dit steeds belangrik om leestekens soos punte, kommas en vraagtekens in onderskrifte te gebruik. Sommige leestekens soos oorbodige uitroepetekens, aanhalingstekens, ellipse en hakkies kan wel steurend wees.

In al die episodes word die eerste paar onderskrifte, wat vertel wat in die spesifieke episode gaan gebeur, sonder punte aan die einde van elke sin geskryf. Die opeenvolgende sin word wel met 'n hoofletter geskryf.

In teenstelling met die bogenoemde punt is daar in Episode 1 heelwat onderskrifte wat elkeen met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig, al is dit in die middel van 'n sin. Hierdie fout is gelukkig net in episode 1 opgemerk.

In episode 4 begin 'n nuwe sin met 'n kleinletter. Volgens Karamitroglou (1997:7) moet leestekens en hoof- en kleinletters gebruik word net soos in gedrukte literatuur.



Figuur 13: *Spyskaart*, sin begin met 'n kleinletter.

Daar word ook gereeld 'n ellips gebruik in plaas van 'n punt om geen goeie rede nie, soos in episode 3 waar 'n punt netso goed sou werk en minder steurend sou wees. Dit is steurend omdat die kyker dink die sin is nie voltooi nie en skep sodoende verwarring.

Wanneer die onderskrifte verskillend vertaal word vir dieselfde sin, kan dit die gehoor verwar. Dit lyk ook onprofessioneel en asof die onderskrifskrywer nie 'n keuse kon maak en daarby hou nie.

Inkonsekwensie is ook 'n vertaalfout wat gereeld voorkom, byvoorbeeld direk voor die advertensiebreuke wanneer daar 'n bordjie op die skerm verskyn wat lees "NOG OP SPYSKAART ..." en daardie bordjie is op 'n hele paar verskillende maniere vertaal. Partykeer is die bordjie op verskillende maniere vertaal in een episode. Die vertaling is ook op plekke glad nie gedoen nie en slegs uitgelaat.

Dit is op die volgende maniere vertaal: "Still on Spyskaart..." (Episode 2), "Still on SPYSKAART-" (Episode 3), in Episode 4 was daar geen vertaling, "Still to come..." (Episode 5), "Still to come..." asook "Still on SPYSKAART..." (Episode 6), "Still on SPYSKAART" asook "Still to come..." (Episode 9) en in Episode 11 het die "NOG OP SPYSKAART" bordjie na die onderkant van die skerm verskuif.





Figuur 14: *Spyskaart*, die eerste manier waarop die frase “NOG OP SPYSKAART” vertaal is.

Figuur 15: *Spyskaart*, die tweede manier waarop die frase “NOG OP SPYSKAART” vertaal is.

Nog 'n aspek wat die gehoor kan vervreem en afsit van die program is dat die onderskrifte so verkort word dat dit belangrike inligting uitlaat en dus nie meer ooreenstem met die gesproke taal nie. Die Afrikaanse kyker kry meer inligting as die Engelse kyker en dus word die Engelse gehoor nie gerespekteer nie.

In Episode 3 sê die spreker: “Ek sien baie uit na die smaak-kombinasie.” Dit is vertaal as: “I’m looking forward to this”. Daar was meer as genoeg plek op die skerm om daardie vertaling meer uit te brei en dit dus getrouer aan die brontaal te hou. Die onderskrifskrywer kon die uiting meer getrou vertaal het soos volg “I’m looking forward to this flavour combination.”

Wanneer daar geen onderskrifte op die skerm verskyn nie, kan die gehoor wat nie horende Afrikaanssprekendes is nie, dus nie verstaan wat daar gesê word nie.

Daar is dele van die gesproke taal wat glad nie van onderskrifte voorsien is nie. Daar is 'n groot deel van ongeveer 5 minute in Episode 5 waar daar geen onderskrifte is nie. Die episode het begin met onderskrifte, maar dit het verdwyn en eers na die eerste advertensiebreuk weer begin. Die Engelse kykers verloor dus daardie hele deel van die episode waar hulle slegs op die beeld kan staatmaak omdat hulle nie die gesproke taal kan verstaan nie.

In die volgende onderafdeling word die kinematografiese aspekte en eienskappe van die kosprogram veral ten opsigte van die onderskrifte bespreek.

4.3.2.3. Kinematografie

Kinematografie speel 'n baie belangrike rol in onderskrifskrywing, soos om die toneel uit so 'n hoek te skiet dat daar genoeg plek op die skerm is vir onderskrifte en te verseker dat dit nie 'n besige agtergrond het nie.

'n Steurende aspek van die onderskrifte van hierdie program is dat die program glad nie geskiet is vir onderskrifte nie. In die spatie waar die onderskrifte moet voorkom, is 'n aktiewe skerm wat 'n woelige agtergrond skep en wat die onderskrifte “insluk”. Die onderskrifte word nie teen 'n grys boksie vertoon nie, aangesien dit die gebeure in die toneel sal wegsteek.

Daar is 'n aantal gevalle waar die onderskrifte onleesbaar is. In die eerste geval sluit dit aan by die bogenoemde probleem met kamerahoeke wat maak dat die agtergrond die onderskrif oorheers.



In ander gevalle is die agtergrond wit of silwer, wat veroorsaak dat die wit onderskrif heeltemal saamsmelt met die agtergrond. Wanneer 'n wit onderskrif op 'n wit agtergrond verskyn moet die onderskrif 'n donker skadu of buitelyn kry wat leesbaarheid sal vergemaklik. Indien dit nie help nie moet daar gebruik gemaak word van 'n grys agtergrond (Díaz-Cintas en Remael, 2007:84). Daar is ook gevalle waar die onderskrifte bo-oor kennisgewingborde geskryf is, soos in Episode 4. In so 'n geval is beide tekste onleesbaar.



Figuur 16: *Spyskaart*, wit onderskrif is geskryf op 'n wit agtergrond.

Dit is ook belangrik om aspekte soos die beeld wat sny van een toneel na 'n ander in ag te neem wanneer onderskrifte geskryf word om te verseker dat dieselfde onderskrif nie na 'n volgende toneel oorgaan nie.

Die laaste onderskrif in 'n paar episodes word afgesny deur die beeld te sny van een toneel na 'n ander wat in die slot van die episode oorgaan. Die onderskrif is dan vinnig afgehaal, sodat die bogenoemde reël nie gebreek word nie. In party gevalle is dit gedoen voordat die onderskrif heeltemal gelees kon word.

Volgens Karamitroglou (1997:5) moet onderskrifte nie oor kameraskote geskryf word wat 'n tematiese verandering het nie. Volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:91) is daar 'n studie gedoen oor oogvolging wat gedui het daarop dat, wanneer die kameraskoot verander terwyl die onderskrif op die skerm bly, die kyker outomaties weer die onderskrif lees.

'n Interessante aspek in hierdie program is die spyskaart wat voor elke gereg op die skerm verskyn om die verskillende disse aan te dui.



Figuur 17: *Spyskaart*, die spyskaart verskyn voor elke gereg wat gemaak word, op die skerm.

Gedurende die redigering van die video moet daar seker gemaak word dat al die verskillende tonele chronologies op mekaar volg en nie per ongeluk herhaal word nie.

In Episode 7 is die middelste deel van die episode, wat die hoofgereg behels, heeltemal weg terwyl die voorgereg herhaal is. Die probleem lê egter nie soseer by die onderskrifte nie, maar by die redigering van die episode tydens produksie.

In die volgende onderafdeling word die styl van die gesproke en geskrewe taalgebruik in die kosprogram bespreek.

4.3.2.4. *Styl*

Die televisieprogram *Spyskaart* se onderskrifte is in 'n neutrale tot formele styl geskep, maar daar is sekere woorde wat te informeel klink vir die styl.

Van die onderskrifte se sinsbou voel ook te geforseerd. Daar is sekere vertalings wat onnatuurlik en lomp voorgekom het. Die vertaling is nie verkeerd nie maar dit kan beter gedoen word. In Episode 1 sou die onderskrif "I'd have" beter klink as "I would've". In Episode 4 is die vertaling "He travels lots" waar "He travels a lot" meer natuurlik sou wees. Dieselfde geld vir "people's person" wat natuurliker sou klink as "people person".

Die onderskrifskrywer se vertaalstyl is op plekke baie vreemd. Daar word gereeld woorde of frases in die onderskrifte gebruik wat informeel klink om by die gesproke taal te pas. In Episode 1 sê iemand "Dit proe soos nog." en dit is vertaal met "Smacks like more", maar "Tastes like more" sou meer gepas gewees het en natuurliker geklink het.



In Episode 10 word ‘hulle gaan die dis “mooimaak” vertaal met die woord “zhoosh”. ’n Beter vertaling sou dalk “garnish” gewees het. Die lae register in die onderskrif kan wees omdat daar in die gesproke taal ook ’n laer register gebruik is deur “mooimaak” in plaas van “garneer” te gebruik. In episode 11 word “lekker” met “yummy” vertaal waar “tasty” of “delicious” meer gepas sou wees.

Die onderskrifskrywer vertaal ook gereeld metaforiese taalgebruik verkeerd of op ’n onnatuurlike manier. Daar is sekere uitings wat ook op ’n beter manier gestel kan word. In Episode 3 sê iemand “kyk oor my skouer” wat toe vertaal is met “watching on” in die onderskrif, maar “looking over my shoulder” sal ’n beter metaforiese vertaling wees.

In episode 5 word die intensiewe vorm “stroopsoet” vertaal na “sweet as syrup” wat nie ’n erkende uitdrukking in Engels is nie. ’n Beter uitdrukking sou wees “sweet as sugar” of “sweet as honey”.

Omdat metafore en idiome baie selde ’n presiese ekwivalent vanaf die brontaal na die doeltaal het, is daar sekere strategieë wat gebruik kan word om die beste moontlike vertaling te kry. In die geval van “stroopsoet” moes daar in plaas van ’n direkte vertaling eerder ’n vertaling wat gelyk is in betekenis en vorm (Baker, 1992) gebruik word om uit te kom by “sweet as sugar” of “sweet as honey”.



Figuur 18: *Spyskaart*, die idioom “Stroopsoet” is verkeerd en direk vertaal in die onderskrif.

In Episode 11 sê die spreker “die niks staan blou in die blom” en dit is vertaal met “Nothing grows easily here”. Daardie vertaling laat dit klink of niks daar groei nie, wanneer dit meer metafories bedoel kan word. ’n Beter vertaling kan wees “The nothingness grows easily here.” of “Here’s a whole lot of nothing.”



In hierdie geval moet die brontaal se idioom in die doeltaal geleen word (Baker, 1992:79) omdat daar nie 'n gelyke idioom in die doeltaal bestaan nie. Daar moet dus net goed opgelet word dat die betekenis nie verander word in die doeltaal nie.

In die volgende onderafdeling word die aspekte en eienskappe wat nie by die bogenoemde kategorieë ingepas het nie, bespreek.

4.3.2.5. Ander

Die onderskrifskrywer het baie goeie werk gedoen waar dit kom by moeilik hoorbare aksente. Daar is sekere dele waar die gesproke taal byna onhoorbaar was as gevolg van die spreker se aksent en tog was die onderskrifte daar om die kyker te help.

Vanaf Episode 6 is daar 'n groter teksgrootte sowel as teks in vetdruk gebruik. Dit het wel tot gevolg dat al die episodes in die seisoen nie eenvormig lyk nie, maar dit was 'n positiewe verandering omdat dit die onderskrifte meer leesbaar gemaak het.

Daar is geen spelfoute opgemerk nie en die onderskrifskrywer het goed by Britse Engels gehou en nie per ongeluk Amerikaanse Engels in die onderskrifte gebruik nie.

Die meeste foute wat opgemerk is, is tegniese foute wat maklik reggestel kan word. Die mees opmerklike fout, as gevolg van die hoeveelheid kere wat dit gemaak is, is die probleem met tydkodes. In die eerste paar episodes is die verskyn- en verdwyntyte baie uit ritme met gesproke taal, dit verbeter in die middelste episodes en word dan weer erger in die laaste paar episodes. Dit is gelukkig 'n maklike fout om reg te maak in 'n program soos Aegisub, al is dit tydrowend.

Die onderskrifte verskyn te laat of te vroeg op die skerm en verdwyn dan weer te laat of te vroeg. Soms is die onderskrif so uit ritme dat dit glad nie saam met die gesproke taal op die skerm verskyn nie. Dit sal outomaties reg wees as die tydkodes gekorrigeer is, dan moet daar net verseker word dat die onderskrifte wel so lank as nodig op die skerm verskyn as wat nodig is om dit te lees. Volgens Karamitroglou (1997:4) moet die onderskrif 'n kwart van 'n sekonde na die gesproke uiting op die skerm verskyn. Die doel hiervan is om die kyker geleentheid te gee om die beeld te registreer voor hy begin lees.

'n Tweede groot fout wat gemaak is in die skrywing van onderskrifte gaan gepaard met die eerste fout– dit is die lengte van die onderskrifte, asook die tekort aan breuke tussen die onderskrifte. Die onderskrifte word glad nie in 'n piramide of onderstebo piramide opgedeel nie en is dus inkonsekwent wanneer die reël lank genoeg word om vanself op te breek. Volgens Karamitroglou



(1997:7) moet daar eerder twee korter onderskrifte wees as een lang onderskrif en dat die langer onderskrif bo moet wees omdat dit makliker lees.

Daar is ook gevalle waar die onderskrif heeltemal te lank vir een reël is, maar omdat dit nie verdeel is nie, bly dit een lang reël in plaas van twee korter reëls wat makliker leesbaar sou wees. Dit is ook 'n maklike fout om te redigeer deur 'n keuse te maak of daar piramiedes of onderstebo piramiedes gebruik gaan word en dan die reëlbreuke in te sit. Dit sou beter gewees het om die onderskrif in twee korter reëls op te deel as een lang reël, omdat dit bewys is dat die kyker makliker twee korter reëls lees as een lang reël (Karamitroglou, 1997:7).

Daar is ook 'n geval waar die dialoog se spreekbeurte in dieselfde reël geskryf is. Dit het gebeur as gevolg van 'n naambord wat op die skerm verskyn het en sal ook opgelos word as die onderskrifte verskuif word vir naamborde soos hier onder genoem. Volgens Karamitroglou (1997:6) moet dialoog links belyn word met aandagstrepe voor elke spreekbeurt. Elke spreekbeurt moet ook op sy eie reël wees en daar mag nie meer as twee spreekbeurte per onderskrif wees nie.



Figuur 19: *Spyskaart*, spreekbeurte is in dieselfde reël geskryf.

Byna elke keer wanneer 'n naambordjie van 'n aanbieder, gas of plek op die skerm verskyn, neem dit die onderskrif 'n rukkie om saam met die bordjie te verskyn in plaas van om saam met die gesproke taal op die skerm te verskyn. As die bordjie in terme van tydkode net geïgnoreer is, sou die onderskrifte baie beter en meer professioneel voorgekom het.

Volgens Karamitroglou (1997:4) moet die onderskrif 'n kwart van 'n sekonde na die uiting op die skerm verskyn. Die onderskrifte moet altyd redelik saam met die uiting op die skerm verskyn en verdwyn.



Telkens wanneer die naambordjie verskyn word die onderskrifte geskuif tot net bo die bordjie. Dit sou dalk beter gelyk het as onderskrifte wat saam met 'n bordjie op die skerm verskyn, ondergeposisioneer word en net effens plat gedruk word om te pas, of dat dit op die gewone plek net meer na regs geskuif word. Sodoende pas albei op die skerm sonder om die leser te veel te steur deur die teks op die skerm rond te skuif.

Daar is ook vertaalfoute gemaak in die skryf van die onderskrifte. Party onderskrifte is heeltemal verkeerd vertaal. In Episode 1 sê die spreker "uie posjeer" wat toe in die onderskrif vertaal is na "simmering", wat glad nie dieselfde aksie is nie. Die regte vertaling sal wees "onions poach". Dit kon reggemaak word deur die woord in 'n woordeboek na te slaan en dit dan te redigeer.

In Episode 1 sê die spreker "tamatiesmoor" maar die onderskrif lees verkeerdelik "tomato stew". Dit kan dalk vertaal word met "tomato relish". Dit kon verbeter word deur 'n goeie woordeboek te gebruik en die vertaling van "smoor" na te slaan.

In die volgende onderafdeling volg daar 'n evaluasie oor die bogenoemde genre se onderskrifte.

4.3.2.6. *Evaluasie*

Wanneer al die bogenoemde aspekte in ag geneem word, is dit duidelik dat die onderskrifte nie van 'n baie hoë gehalte is nie. Daar is wel dele en afdelings wat baie goed geskep is, maar die meerderheid is onderstandaard.

Daar kom baie vertaalfoute voor wat toegeskryf kan word daaraan dat die onderskrifskrywer nie opgelei is in vertaling nie, of dat die onderskrifskrywer te haastig was in die skryfproses, of nie die veld goed genoeg ken of navorsing gedoen het nie. Daar kom ook tegniese foute voor soos die lang onderskrifte wat nie in twee reëls verdeel is nie, maar dit is onduidelik of dit die voorkeur van die vervaardigers kon wees.

Die feit dat die onderskrifskrywer enigiets kon skryf wanneer daar in sommige aksente gepraat word, bewys dat die onderskrifskrywer 'n goeie oor het vir transkripsies. As die onderskrifskrywer dalk meer tyd aan redigering spandeer het kon die onderskrifte se gehalte baie verbeter het. Daar word wel ook in ag geneem dat baie onderskrifskrywers teen tyd werk wat eintlik heeltemal onredelik is en dus glad nie tyd het vir ekstra redigering nie.

In die volgende onderafdeling word drama as 'n genre bespreek.



4.3.3. Dramas

Die televisieprogram wat in die drama genre bespreek gaan word, is *Swartwater*. Daar is 'n paar episodes uit Seisoen 2 nagevors.

4.3.3.1. Genre

Die drama genre is een van die oudste Afrikaanse genres en daar word weekliks 'n Afrikaanse drama op SABC 2 uitgesaai sedert die aankoms van televisie in Suid-Afrika. In sommige Afrikaanse dramas word daar baie donker temas aangepak, soos in *Geraamtes in die Kas* waar daar onder andere met pedofilie gewerk word.

Die drama genre kon verander het deur die jare om nuwer temas in te sluit soos LGBTQ+ karakters en hulle stryd vir gelyke regte, asook temas van geweld teen vroue en kinders.

Omdat die genre met werklike temas, soos gesinsgeweld, kriminele oortredings en ontrouheid, te doen het, is dit baie populêr en trek dit kykers in die karakters se lewens en probleme in, in plaas van hul eie probleme. Dus kan die kyker ontsnap uit sy eie lewe, deur die karakters se lewens deur die program te lewe.

Ander programme in hierdie genre is *Onder die Suiderkruis*, *Geraamtes in die Kas* en *Erfsondes*. Daar is bevind dat baie van die akteurs en aktrises in al die verskillende dramas speel.

In die volgende onderafdeling word die gehoor van dramas bespreek.

4.3.3.2. Gehoer

Die gehoor van hierdie genre is horende Afrikaanssprekende kykers wat onderskrifte gebruik om hulle Engels te verbeter of om dele van die gesproke taal wat hulle gemis het op te vang. Die gehoor kan ook horende Engelse sprekers wees wat 'n bietjie Afrikaans verstaan om die onderskrifte aan te vul. Die onderskrifte word veral gebruik wanneer van die karakters in inheemse Afrikatale praat wat Afrikaans- en Engelssprekende kykers nie verstaan nie, asook wanneer karakters met sterk aksente praat wat onhoorbaar of onverstaanbaar kan wees.

Die kykers van hierdie program moet aanhangers van die drama genre wees wat donker temas en cliché storielyne waardeur of kan hanteer. Die gehoor is mense wat van deurlopende spanning in verhale hou.

Die sinne eindig nie met 'n leesteken nie, behalwe vraagsinne, maar nuwe sinne begin wel met 'n hoofletter. Daar word oor die algemeen min leestekens gebruik. Volgens Karamitroglou (1997:5;6) is dit steeds belangrik om leestekens soos punte, kommas en vraagtekens in onderskrifte te gebruik.



Dit dui op 'n voltooide gedagte wat kykers kan help om 'n meer akkurate voorspelling te maak.

As 'n onderskrif nie met 'n leesteken eindig nie, neem die kyker outomaties aan dat die sin verder gaan in die volgende onderskrif. Wanneer die volgende onderskrif dan met 'n hoofletter begin, kan dit die kyker verwar en laat voel of hy per ongeluk dalk 'n onderskrif misgekyk het.

In Episode 14 van Seisoen 2 word die gesproke uiting "Gee pad!" glad nie in die onderskrifte weergegee nie. Dit is baie vreemd omdat dit wel Afrikaans is en Engelssprekende kykers nie noodwendig gaan weet wat dit beteken nie. Die karakter herhaal dit wel 'n paar keer, maar dit gee die kykers meer vertroue in die onderskrifte as daar 'n onderskrif vir elke gesproke uiting is.

Daar is geen onderskrifte geskep vir gesproke Engels nie. Dit kan wees omdat Engelse onderskrifte vir Engelse gesproke taal onnodig is, of omdat daar gefokus is op intertalige onderskrifte. Omdat dit ook nie vir dowe of hardhorende mense geskep is nie kan dit dus uitgelaat word.

Dit lyk wel of daar iets kort wanneer die onderskrifte skielik verdwyn en baie volledig tweetalige kykers sal dit skaars beseef dat die gesproke taal na Engels verander. Vir konsekwentheid kon daar dus eerder vir beide Afrikaanse- en Engelse gesproke taal Engelse onderskrifte geskryf word.


In Episode 15 van Seisoen 2 word die onderskrif te veel verdig deur die uiting "Hou nou op asseblief." te vertaal met slegs "Please." Daar gaan baie konteks en aanmaning verlore in die Engelse onderskrif en dit is onakkuraat. Dit veroorsaak dat die Engelse gehoor minder inligting verkry as die Afrikaanse gehoor.

In die volgende onderafdeling word die kinematografiese eienskappe van die program veral ten opsigte van die onderskrifte bespreek.

4.3.3.3. Kinematografie

Die Afrikaanse teksboodskap op die persoon se foon word in Engels in skuinsdruk weergegee in die onderskrifte. Dit kan baie help omdat die boodskap nie baie duidelik leesbaar op die skerm is nie, asook om die Afrikaanse boodskap vir Engelse kykers in Engels te vertaal.

Wat hierdie aspek sou verbeter, is om in plaas van die selfoon op die skerm te wys, eerder 'n aparte insettel met die teksboodskap op die televisieskerm te laat verskyn asof dit die foon se skerm is. Later in hierdie hoofstuk word dit in meer detail by 4.3.5.3 by *7de Laan* bespreek.



Figuur 20: *Swartwater*, onleesbare boodskap op die selffoon.

Wanneer daar in die “Voorheen op...” gedeelte aan die begin van episodes gepraat word, word daardie deel glad nie van onderskrifte verskaf nie. Dit gaan dit moeilik maak om te verstaan vir die Engelse kykers. Daar is vir die Afrikaanse kykers ’n hersiening van die vorige episode verskaf, maar die Engelse kykers kry nie dieselfde behandeling nie. Dit kan wees omdat onderskrifte reeds geskep is voordat die “Voorheen op...” gedeelte in die episode ingelas is.

Die meeste van die onderskrifte in hierdie program is leesbaar omdat die program ’n donkerder beeld het. Die onderskrifte is gereeld in donker huise, in die nag of teen die donker water van die see geposisioneer.

In die onderstaande onderafdeling word die styl van die gesproke en geskrewe taalgebruik in die program bespreek.

4.3.3.4. *Styl*

Die styl is informeel tussen karakters van die middelklas en kru en vulgêr tussen karakters van ’n laer sosio-ekonomiese klas. Dit kan gesien word wanneer karakters vloek, party met die uitsluitlike rede om te wys dat hulle aan ’n laer sosiale klas behoort.

Daar word in hierdie program nie die aanspreekvorm “u” gebruik nie, maar “jy” en as daar meer formeel gepraat word sal hulle die woord “meneer” of “mevrou” herhaal eerder as om u te gebruik. Daar is dus nie die probleem om die formele “u” in Engels te probeer weergee nie.

Wanneer die joernalis ’n karakter ondervra wat berug is as ’n krimineel gebruik hy ook ’n hoër vlak van Afrikaans as wat die krimineel kan baasraak om doelbewus afstand tussen homself en die krimineel te plaas. Daar word ook soms spottend woorde in ’n laer styl gesê om die kriminele karakter uit te lok.

Die register van die kriminele het ook hulle eie jargon, soos iemand se “cut” in ’n “gig”. Die kyker mag



dalk baie van die terme nie ken nie omdat die kyker nie in kriminele kringe beweeg nie, maar die betekenis kan wel afgelei word wanneer dit in konteks van die sin gehoor word.

Daar word ook met die Kaapse aksente van die karakters gespeel omdat die verhaal in die Kaap afspeel. As die onderskrifskrywer nie gewoond is aan die aksent nie en die kans staan om foute te maak as gevolg van onhoorbaarheid, moet die onderskrifskrywer iemand wat vertrouwd is met die aksent ter sprake, se hulp inroep. Dit is baie moeilik om die Kaapse aksent in onderskrifte weer te gee, maar gelukkig gebruik baie Kapenare ook 'n ander tipe woordeskat met minder bekende uitdrukkings wat vertaal kan word om die aksent in die onderskrifte uit te beeld.

Die karakters praat almal met 'n dramatiese toon. Wanneer die program gekyk word, is daar 'n gevoel dat al die karakters kwaad is vir iemand en dit is omdat al die karakters met 'n baie driftige toon praat, al is hulle nie kwaad of besig om te baklei nie. Dit laat die dialoog onnatuurlik en geforseerd voorkom.

In die volgende onderafdeling word die aspekte wat nie onder die bogenoemde kategorieë val nie, bespreek.

4.3.3.5. Ander

Die dialoog is aan die linkerkant van die skerm geplaas. Normale dialoog moet links belyne wees, steeds in die middel van die skerm volgens Karamitroglou (1997:5).



Figuur 21: *Swartwater*, links belynde dialoog.

Daar is heelwat onderskrifte wat te lank is en glad nie in 'n piramide of onderstebo piramide geskryf is nie. Volgens Karamitroglou (1997:7) moet daar eerder twee korter onderskrifte wees as een lang onderskrif en moet die langer onderskrif bo wees omdat dit makliker lees.

In Episode 14 van Seisoen 2 kom daar 'n spelfout voor waar die woord "contribute" as "comtribute"



geskryf is. Omdat die “m” en die “n” so na aan mekaar op die sleutelbord voorkom was dit heel moontlik eerder ’n tikfout as ’n spelfout. Dit kon reggemaak word deur die onderskrifte te redigeer voordat dit uitgesaai is.



Figuur 22: *Swartwater*, spelfout kom voor in die woord “contribute”.

In Episode 15 van Seisoen 2 word die uiting “Ja, dis mooi.” Vertaal met “Ja, it’s nice.” So, die uiting is slegs gedeeltelik vertaal en die rede daarvoor is onduidelik. Die Engelse woord “Yes” beteken presies dieselfde as die Afrikaanse woord “Ja” en sou meer gepas gewees het as Engelse kykers wat geen Afrikaans verstaan nie die onderskrifte lees. Die onderskrifskrywer het dus ’n Afrikaanse woord geleen as vertaaltegniek.

In dieselfde episode word “dis my werk om” vertaal met “it’s my work to” waar “it’s my job to” minder lomp en meer natuurlik sou klink. Dit kan gesien word as ’n kollokasie wat nie in ag geneem is nie, of dit kan wees dat die onderskrifskrywer net verkeerdlik direk die onderskrif uit Afrikaans vertaal het. Om die fout reg te kan maak moes die onderskrifskrywer eers beseft het dat dit verkeerd is en dit dan geredigeer het.



Figuur 23: *Swartwater*, die woord “work” is gebruik waar “job” meer gepas sou wees.

In Episode 16 van Seisoen 2 word die gesproke “Ja, Annelien” nie in die onderskrifte weergegee nie en dus weet die Engelse leser nie met wie die karakter op die foon praat nie. Die hele gesprek wat oor die foon volg is dus buite konteks vir die Engelse kyker omdat hy nie weet met wie die gesprek gevoer word nie. In hierdie geval respekteer die onderskrifskrywer nie sy Engelse gehoor nie omdat belangrike inligting in die onderskrif ontbreek.

In die onderstaande onderafdeling volg daar ’n evaluasie van die onderskrifte van die drama wat ondersoek is.

4.3.3.6. *Evaluasie*

Die onderskrifte in hierdie program is swakker as sekere van die ander programme wat ondersoek is. Daar is meer gereeld taal- en vertaalfoute gemaak en daar is gereeld belangrike inligting wat ontbreek.

Dit is ’n program wat algemene foute, soos vertaal- en tegniese foute, in die skryf van die onderskrifte bevat. Die foute is bespreek, maar daar is niks unieks aan die foute nie. Daar is ook geen interessante aspekte in die onderskrifte of beeldmateriaal wat hierdie program uitsonderlik maak nie.

Die onderskrifskrywer neem soms nie sy gehoor in ag wanneer die onderskrifte geskryf word nie, soos in tonele waar daar te veel verdig is. Daar is geen kinematografiese abnormaliteite of interessante aspekte nie, wat die kyker visueel kan verveel. Hierdie program se onderskrifte is van ’n lae gehalte.

Volgende word die misdadprogram as genre bespreek.



4.3.4. Misdaadprogramme

In hierdie afdeling gaan die KykNet televisieprogram *Die Boland Moorde* bespreek word.

4.3.4.1. Genre

Die Boland Moorde kom voor in die misdaadgenre. Dit is 'n baie gewilde genre oorsee asook in Suid-Afrika, wat verduidelik hoekom *Die Boland Moorde* gebaseer is op die Britse misdaad televisieprogramme se formaat.

Die genre voer die kyker weg en help die kyker om van die daaglikse lewe te ontsnap sonder om baie ver van die werklikheid af te wyk, deur baie realistiese en angswekkende misdade uit te beeld. Dit gee 'n baie interessante blik op hoe die Suid-Afrikaanse Polisie Diens werk, of ideaal sou werk. Dit gee ook die Afrikaanse terme vir baie Engelse polisie- en regsterme wat die kykers van oorsese misdaadreekse al baie tevore sou teëkom.

Nog 'n program in hierdie genre is *Vloeksteen* wat handel oor diamantsmokkelaars en diepdekkingsagente wat die sindikate aan die kaak probeer stel. *Vloeksteen* is ook oorspronklik 'n KykNet televisieprogram.

In die volgende onderafdeling word die gehoor van hierdie genre ondersoek.

4.3.4.2. Gehoor

Die gehoor van *Die Boland Moorde* is horende Afrikaanssprekende kykers of horende Engelssprekende kykers. Die onderskrifte verskaf genoeg inligting en die taalgebruik is voldoende om goeie onderskrifte te verseker vir Engelssprekende kykers wat Afrikaans probeer leer of hul Afrikaans wil verbeter.

Klanke soos 'n geweerskoot word nie in die onderskrifte weergegee nie en dit is dus nie geskryf vir dowe of hardhorende kykers nie. Omdat dit 'n misdaadprogram is, is klanke soos geweerskote en sirenes baie belangrik en sal dowe en hardhorende kykers dus baie van die konteks verloor wat deur agtergrondgeluide verskaf word.

Wat wel steurend kan wees vir die onderskrifleser, is dat geen van die onderskrifte met 'n leesteken eindig nie en daarom voel dit nie of die sin eindig nie, maar die volgende onderskrif begin wel met 'n hoofletter. Volgens Karamitroglou (1997:5;6) is dit steeds belangrik om leestekens soos punte, kommas en vraagtekens in onderskrifte te gebruik. Sommige leestekens soos oorbodige uitroepetekens, aanhalingstekens, ellipse en hakkies kan wel steurend wees.

In Episode 1 waar die karakter in Afrikaans sing en die kyker duidelik die lirieke kan hoor, word die lirieke glad nie in Engels in die onderskrifte weergegee nie. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet



liedjies se lirieke in die onderskrifte weergegee word, waar dit relevant is en volgens Karamitroglou (1997:7) moes die onderskrifskrywer die lirieke skuinsgedruk het en in dubbelaanhalingstekens geplaas het.

In hierdie program word daar wel 'n aandagstreep voor albei spreukbeurte geplaas wanneer dialoog uitgebeeld word. Volgens Karamitroglou (1997:6) moet daar 'n aandagstreep wees voor albei spreekbeurte omdat dit elke spreker aan dui. Díaz-Cintas en Remael (2007:111) het wel 'n nuwe teorie begin toepas deur 'n aandagstreep slegs voor die tweede spreekbeurt te plaas, maar in hierdie verhandeling word 'n aandagstreep voor albei spreekbeurte as die meer korrekte manier gesien.

In Episode 1 van Seisoen 2 is daar 'n gedeelte waar daar in die agtergrond gepraat word, wat duidelik hoorbaar is, maar wat glad nie in die onderskrifte weergegee word nie. Dit kan wees dat die onderskrifskrywer gevoel het dat daardie uitings nie die storielyn bevorder nie en dus nie nodig is nie, maar dit skep die atmosfeer vir die karakters en dit gee meer inligting vir die gehoor oor wie die karakters werklik is en hoe hulle oor die algemeen praat.

Selfs die Engelse gesproke taal word in Engels in die onderskrifte weergegee. Dit kan wees om konsekwenheid van elke uiting wat 'n onderskrif moet hê te behou.

In Episode 2 van Seisoen 2 word daar 'n storie voorgelees in Afrikaans, wat dan in Engels met enkelaanhalingstekens weergegee word. Die kyker kan dus duidelik sien dat daar uit die voorgelese boek uit aangehaal word en dit help die kyker om die verhaal beter te verstaan.



Figuur 24: *Die Boland Moorde*, 'n storie word voorgelees en word in enkelaanhalingstekens weergegee in die onderskrif.

Daar is karakters in die program wat sterk Kaapse aksente het, wat vir 'n gedeelte van die gehoor moeilik hoorbaar kan wees. Die onderskrifte kan dit vir die gehoor makliker maak om te verstaan wat



gesê word wanneer moeilik hoorbare aksente voorkom.

Daar word soms kru taal in die program gebruik. Die vloekwoorde in Afrikaans word nie met asterisk in die Engelse onderskrifte gesensor nie. Dit kan wees omdat die Afrikaanse vloekwoord nie gesensor is nie en dit dus te laat ooreenstem. Dit kan ook wees dat die onderskrifte, asook die gesproke taal in die program, geskep is vir 'n volwasse gehoor wat die vloekwoorde meer gepas sal vind.



Figuur 25: *Die Boland Moorde*, die vloekwoord is heeltemal uitgeskryf.

Die Afrikaanse vloekwoord “bliksem” kan as 'n werkwoord en 'n naamwoord gebruik word en wanneer dit so gebruik word, word dit met verskillende woorde in die Engelse onderskrifte weergegee. Byvoorbeeld as 'n werkwoord in “Ek gaan jou bliksem” word dit vertaal as “I’m going to whack you.” en as 'n naamwoord in “Jou bliksem” of “Jy is 'n bliksem” word dit vertaal met “You bastard”.

In die volgende onderafdeling word die kinematografiese aspekte van die misdaadprogram veral ten opsigte van die onderskrifte bespreek.

4.3.4.3. Kinematografie

Daar is gedeeltes waar die onderskrifte óf heeltemal onleesbaar, óf minder leesbaar is. In Episode 1 van Seisoen 2 is daar 'n deel waar daar wit onderskrifte op 'n wit agtergrond is en wit onderskrifte op swart en wit teëls in die beeld is. Wanneer 'n wit onderskrif op 'n wit agtergrond verskyn moet die onderskrif 'n donker skadu of buitelyn kry wat leesbaarheid sal vergemaklik. Indien dit nie help nie moet daar gebruik gemaak word van 'n grys agtergrond (Díaz-Cintas en Remael, 2007:84).



Figuur 26: *Die Boland Moorde*, 'n wit onderskrif op 'n wit agtergrond.

Figuur 27: *Die Boland Moorde*, 'n wit onderskrif op 'n besige swart en wit agtergrond.

In Episode 1 van Seisoen 2 ontvang die karakter 'n Afrikaanse briefie wat die kyker kan lees. Daardie briefie is dan in Engels in die onderskrifte vertaal. Dit gebeur ook in Episode 2 van Seisoen 2 en die briefies het gewoonlik te doen met die moord van die karakters. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet alle belangrike inligting in die beeld, soos kennisgewingborde en tekens, vertaal word in die onderskrif.



Figuur 28: *Die Boland Moorde*, die briefie op die skerm word in die onderskrif weergegee.

Ook in Episode 1 van Seisoen 2 is daar bekende aanhalings teen die karakter se kamermure in Engels geskryf wat duidelik leesbaar is. Dit is nie in die onderskrifte weergegee nie. Dit kan wees omdat die onderskrifte reeds in Engels is en nie die storielyn bevorder nie, maar slegs 'n uitbreiding van die karakter se lewe en karaktereienskappe is, in die geval die kreatiewe akteurskarakter.



Figuur 29: *Die Boland Moorde*, die geskrewe aanhalings op die mure word nie in die onderskrifte weergegee nie.

In Episode 4 van Seisoen 2 kom daar baie interessante kinematografiese aspekte voor.

Een van die karakters wat vir die polisie werk as 'n sekretaresse skryf 'n misdadverhaal wat dan in die episode uitgebeeld word asof dit werklik gebeur. Sy is ook die verteller van die verhaal wat sy skryf. Dit is die enigste episode wat wel 'n verteller het.

Die verhaal wat sy skryf vloei soms in reëls oor die skerm om te wys hoe haar verhaal oorgaan in die 'werklikheid' wat dan deur die karakters uitgebeeld word.



Figuur 30: *Die Boland Moorde*, die reëls begin oor die skerm vloei en dui dat die verhaal begin oorgaan van die realiteit na die verhaalwêreld.

Figuur 31: *Die Boland Moorde*, die reëls vloei oor die skerm en dui op die verhaalwêreld.

Elke keer wanneer sy begin tik op haar rekenaar verskyn daar 'n tipe hologramskerm bo die gewone skerm, waar die kyker dofweg kan lees wat sy skryf, maar eerder net die formaat van haar verhaal asook hoe daar meer karakters op die skerm verskyn, kan sien.



Figuur 32: *Die Boland Moorde*, daar verskyn 'n hologramskerm bo die skootrekenaar se normale skerm.

Aan die einde van die episode verskyn daar 'n boodskap "Delete file? Yes/No" op die kyker se skerm bo die karakter se rekenarskerm, waar die kyker dan kan sien hoe die karakter "Yes" klik en hoe die hele storie op die hologramskerm dan verdwyn.



Figuur 33: *Die Boland Moorde*, daar verskyn die woorde "Delete file? Yes/No" bo die karakter se skootrekenaar op die televisieskerm.

In die onderstaande onderafdeling word die gesproke en geskrewe taalgebruik in hierdie program ondersoek en bespreek.

4.3.4.4. Styl

Die karakters in die program se taalgebruik is oor die algemeen neutraal tot informeel. Die polisiekarakters se taalgebruik is soms neutraal en ander kere hoogdrawend en formeel. Van die karakters wat kriminele is, se taalgebruik is informeel tot vulgêr.



Wanneer die polisie karakters ondervragings doen, gebruik hulle met opset 'n hoër register om afstand tussen hulself en die ondervraagde te plaas. Dit laat die ondervraagde ongemaklik voel en dui op die klasseverskil tussen die polisie en die ondervraagde. Die polisie sal dan 'n ongeduldige gebaar maak en óf sy styl aanpas tot die ondervraagde s'n, óf in die geval van kriminele sal die polisie sy styl so verlaag dat dit vir die ondervraagde voel asof die polisie met hom praat asof hulle sy intellek onderskat.

Daar word baie polisie- en regsjargon in hierdie program gebruik, maar dit is so bekend dat enige kyker dit behoort te verstaan. Daar word ook soms mediese terme gebruik vir die beserings van karakters in plaas van die gewone bekende terme, maar saam met die beeld behoort die kyker dit ook te verstaan.

In Episode 4 van Seisoen 2 waar die hele episode deur 'n verteller vertel word asof die karakter se verhaal voorgelees word, word daar 'n styl van gesproke taal gebruik wat literêr klink. Dit klink asof dit voorgelees word uit 'n gepubliseerde roman.

Episode 1 van Seisoen 2 speel af in en om 'n teater en dus is die taalgebruik baie dramaties en metafories van aard. In die ander episodes is die taalgebruik minder dramaties, maar steeds metafories by tye.

Daar is ook baie humor in die program, soos in Episode 5 van Seisoen 2 waar die een karakter sê dat sushi baie gesond is, waarop die ander karakter antwoord "Dalk as jy 'n dolfyn is". Hierdie tipe humor vertaal baie maklik na Engels in die onderskrifte omdat daar nie komplekse taal- en kultuuraspekte betrokke is nie.

Volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:217) val hierdie tipe humor onder 'internasionale humor'. Dit is nie van 'n spesifieke taal of taalkombinasie afhanklik of kultuurspesifiek nie. Dit is ook nie spesifiek tot 'n land nie. Hierdie tipe humor is gebaseer op 'n algemene feit, dat dolfyne rou vis eet, en dat die karakter nie wil nie en dus iets te sê het daaroor.

In die volgende afdeling word die aspekte bespreek wat nie onder die bogenoemde kategorieë val nie.

4.3.4.5. Ander

Die onderskrifte is in 'n standaard tekstipe skreefloos geskryf asook in die normale teksgrootte van omtrent 36 puntgrootte. Die episodes is almal rondom 'n uur en 10 minute lank, wat langer is as die meeste ander programme, maar wat wel ooreenstem met die Britse misdaad reeks *Sherlock*, waar



elke episode 'n uur en 'n half is.


In Episode 1 van Seisoen 2 korrigeer een karakter 'n ander karakter se uitspraak. Die gesproke taal sê “Dis ‘uit’ nie ‘yt’ nie en ‘u’ nie ‘ie’ nie” en die onderskrifte sê “It’s ‘from’ not ‘frahm’ and ‘you’ not ‘youuu’”. Dit is 'n goeie voorbeeld van onvertaalbaarheid omdat die woorde se uitspraak in Afrikaans en Engels niks met mekaar te doen het nie. Die onderskrifskrywer moes dus 'n keuse maak oor hoe om die vertaling te behartig. Die onderskrifskrywer het toe Baker (1992:78) se beginsel van 'n relevante doeltaal uiting gebruik.



Figuur 34: *Die Boland Moorde*, die uitspraak waarop daar klem gelê word, word in die onderskrif weergegee (“It’s ‘from’ not ‘frahm’”).

Figuur 35: *Die Boland Moorde*, die uitspraak waarop daar klem gelê word, word in die onderskrif weergegee (“‘you’ not ‘youuu’”).

In Episode 1 van Seisoen 2 is daar 'n vertaalfout waar “in jare het ek nie...” vertaal is met “for years” waar “in years” 'n beter vertaling sou wees. Die onderskrifskrywer het nie kollokasies in ag geneem nie. Dit kan wees omdat kollokasies gewoonlik arbitrêr en onafhanklik van betekenis is (Baker, 1992:58) en maklik vergeet kan word.





Figuur 36: *Die Boland Moorde*, die woord “for” sou beter vertaal gewees het as “in”.

Ook in Episode 1 van Seisoen 2 gebruik een karakter die woord “papiertjie” neerhalend deur met die ander karakter te praat asof hy dom is en nie verstaan wat bedoel word nie. Die ander karakter sê dan “As jy nog een keer papiertjie sê” en die onderskrif vertaal dit as “piece of paper” wat nie in die verkleinvorm is nie. Dit is nie verkeerd vertaal nie, maar as “little piece of paper” gebruik was, sou dit dalk die neerhalendheid meer beklemtoon het as slegs “piece of paper”.



Figuur 37: *Die Boland Moorde*, die verkleining van “papiertjie” word as “piece of paper” vertaal.

In Episode 1 van Seisoen 2 kom daar ’n vertaalfout voor. Die gesproke taal sê “met ’n skêr gesteeek” en die onderskrif sê “stabbed me with a knife” wat net verkeerd vertaal is. Dit verander die betekenis van die uiting heeltemal en daar is geen rede om dit so te verander nie. Die onderskrifskrywer moes dus ’n oordeelsfout gemaak het om die woord “skêr” met die woord “mes” te vervang.



Figuur 38: *Die Boland Moorde*, verkeerde vertaling van “skêr” as “knife”.

In Episode 3 van Seisoen 2 is die woord “cause” as “because” gebruik. As die verkorting gebruik word



moet daar 'n afkappingsteken vooraan die woord wees, “cause”, anders beteken dit slegs “cause” wat “oorsaak” beteken.



Figuur 39: *Die Boland Moorde*, die verkorting van “because” word sonder die afkappingsteken vooraan geskryf, “cause”.

In Episode 5 van Seisoen 2 begin een van die onderskrifte 'n bietjie te laat. Dit is slegs een keer opgemerk en glad nie heeltemal te laat nie, maar eerder net laat genoeg dat die oog dit op kan tel. Dit kan maklik reggemaak word deur 'n onderskrifskappingsprogram soos Aegisub te gebruik en net die begintyd van die episode 'n klein bietjie vroeër te maak.

Ook in Episode 5 van Seisoen 2 is daar 'n vertaalfout wat die begrip heeltemal verander. Die karakters sê vir mekaar dat hulle lief is vir mekaar, maar in die onderskrif staan daar “in love” wat die vertaling vir “verlief” is en nie “lief” nie. Daar moes eerder gestaan het “I love you” en nie “I’m in love with you” nie.





Figuur 40: *Die Boland Moorde*, die uiting “Ek dink ek is lief vir jou” is verkeerd vertaal met “I think I’m in love with you”.

In die volgende onderafdeling word die evaluasie gegee van die program wat ondersoek is in die bogenoemde genre.

4.3.4.6. Evaluasie

Hierdie program se onderskrifte is baie goed geskryf met baie min foute en probleme. Dit is oor die algemeen leesbaar en daar is geen spelfoute gevind nie. Hierdie program se onderskrifte is beslis die beste geskryf uit al die programme wat ondersoek is.

Daar moes werklik krities na hierdie onderskrifte gekyk word om foute te vind, want die vertaling is baie goed en die tegniese foute is minimaal.

Die meeste opmerkings oor hierdie program se onderskrifte is interessante aspekte wat opgemerk is. Dit is aspekte wat hierdie onderskrifte bo ander programme se onderskrifte en beeldmateriaal laat uitstaan.

Die onderskrifskrywer respekteer sy gehoor in die onderskrifte. Die gesproke taal is duidelik en hoorbaar. Daar kom baie interessante kinematografiese aspekte voor in hierdie program en vertaal- en taalfoute is minimaal.

In die onderstaande onderafdeling word sepies as ’n genre ondersoek en bespreek.


4.3.5. Sepies

In die sepie genre word *7de Laan* nagevors.

4.3.5.1. Genre

Daar is nie baie Afrikaanse sepies nie en *7de Laan* is seker die populêrste Afrikaanse sepie. *7de Laan* is berug vir sy swak onderskrifte en dus gaan daar nou nagevors word om te kyk of die onderskrifte werklik so swak is en of die onderskrifte intussen tot hoër gehalte verbeter is.

Die onderstaande foto wat op sosiale media baie bekend geword het, is die rede vir die vermoede van swak gehalte onderskrifte.



Figuur 41: *7de Laan*, 'n foto van 'n uiters swak onderskrif.

7de Laan het heel aan die begin slegs twee of drie keer per week op televisie verskyn, maar het so populêr geword dat dit gou vermeerder is tot vyf keer per week en met 'n omnibus op Sondag.

Ander Afrikaanse sepies, soos *Binnelanders* en *Villa Rosa* word op DSTV uitgesaai en is dus nie so beskikbaar soos *7de Laan* wat op SABC 2 uitgesaai word nie. In *IsiDingo* wat op SABC 3 uitgesaai word, is daar nou en dan 'n klein bietjie Afrikaans, maar dit is 'n hoofsaaklik Engelse sepie.

Die sepie genre het baie verander oor die jare. Alhoewel die storielyn in sepies soos *7de Laan* altyd vir die kyker 'n lewensles probeer leer het, het die lesse, asook die temas wat bespreek en uitgebeeld word, baie verander en meer negatief en skokkend geword.

Omdat 'n sepie soveel keer per week op televisie verskyn en omdat die storielyn so erg oordryf en uit verband geruk word, is dit een van die beste genres om die kyker te laat ontsnap uit die daaglikse realiteit.

In die volgende onderafdeling word die gehoor van sepies bespreek.

4.3.5.2. Gehoor

Alhoewel *7de Laan* bedoel is vir die hele familie van alle ouderdomme is daar sekere storielyne raakgesien wat glad nie vir kinders geskik is nie. Daar kan geargumenteer word dat temas soos molestering, roofsugtige gedrag teenoor minderjariges, MIV/Vigs, en selfmoord kinders kan blootstel aan temas waarvoor hulle te jonk is om te kan hanteer.



Hoofsaaklik afgetredenes kyk en volg *7de Laan* gereeld¹. 'n Belangrike faktor wat hiertoe aanleiding gee is die tydgleuf waarin die program uitgesaai word, wat om 6nm begin. Die meeste werkende mense is dan óf nog by die werk óf nog op pad huis toe. Dit is ook die algemene tyd vir die voorbereiding van aandetes. Baie skoliere maak daardie tyd eers klaar met hul naskoolse aktiwiteite soos ekstra klasse, sport oefening of deeltydse werk en is dan ook nie betyds vir *7de Laan* nie.

7de Laan is 'n Afrikaanse program wat ook tonele bevat waarin Engels of 'n inheemse Afrika taal gebruik word. Die gebruik van Engelse onderskrifte maak die program toeganklik vir 'n wyer gehoor onder sprekers van Afrikaans, Engels en sekere inheemse tale.


7de Laan kan ook beter verstaanbaar wees vir dowe en hardhorende mense omdat die meeste van die geluide soos 'n klop aan die deur in hakies weergegee word, maar daar is ook gevalle waar dit nie weergegee word nie en dus is die kwaliteit nie van hoë gehalte vir dowe en hardhorende mense nie.

Die vervaardigers poog ook om die program vriendeliker te maak vir gehoorgestremdes, deur die meeste geluide soos 'n klop aan die deur, in hakies weer te gee. Die inkonsekwente gebruik hiervan doen egter afbreuk aan die kwaliteit van die poging om die gehoorgestremdes te betrek, soos gesien kan word in die episode wat op 19 Februarie 2019 uitgesaai is.²

Daar word ellipse gebruik, waar 'n komma meer gepas en minder steurend sou wees. Dit kom onder andere voor in die episode wat op 19 Februarie 2019 uitgesaai is, naamlik "Yes... we should." Wanneer een sin in 'n ander oorgaan, word daar ellipse gebruik om dit aan te dui al moet dit volgens Karamitroglou (1997:5) glad nie so gebruik word nie.

¹ Daar word veralgemeen omdat dit vir die grootste gedeelte van die gehoor waar is.

² Die SABC is gekontak vir 'n episode lys van *7de Laan*, maar hulle het nie die navraag beantwoord nie. Die kontakbesonderhede vir Danie Odendaal Produksies is nie meer in werking nie. Danie Odendaal Produksies en *7de Laan* is albei op sosiale media, soos Facebook en Twitter, gekontak, maar daar is ook geen antwoord ontvang nie. Die *7de Laan* episodes is dus as 'n laaste uitweg verwys deur die datum waarop dit uitgesaai is te noem.



Figuur 42: *7de Laan*, daar is 'n onnodige ellipsis gebruik.

In die episode wat op 18 Desember 2018 uitgesaai is, begin 'n sin met 'n kleinletter. Volgens Karamitroglou (1997:7) moet leestekens en hoof- en kleinletters gebruik word net soos in gedrukte literatuur om die lees van onderskrifte vir die gehoor te vergemaklik.

In die volgende onderafdeling word die kinematografiese aspekte van die sepie veral ten opsigte van die onderskrifte bespreek.

4.3.5.3. Kinematografie

In episodes waar daar uitgebeeld word dat 'iemand' 'n karakter agtervolg, maar waar die agtervolger nie gewys word nie, sal die kamera so gehou word dat die skoot deur of vanuit die takke van 'n plant geskiet word en die kamera sal effens hop, om uit te beeld dat dit vanuit die agtervolger se oogpunt geskiet is.

In die episode wat op 19 Februarie 2019 uitgesaai is, verskyn die teksboodskap wat op die foon verskyn ook op die skerm in Afrikaans en dit word in Engels in die onderskrifte weergegee. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet alle belangrike inligting in die beeld, soos kennisgewingborde en tekens, vertaal word in die onderskrif.



Figuur 43: *7de Laan*, die boodskap op die selfoon word op die skerm geplaas saam met die vertaling daarvan in die onderskrif.

In die episode wat op 29 Julie 2019 uitgesaai is, is daar onderskrifte wat in wit op 'n wit agtergrond verskyn en dus onleesbaar is. Wanneer 'n wit onderskrif op 'n wit agtergrond verskyn moet die onderskrif 'n donker skadu of buitelyn kry wat leesbaarheid sal vergemaklik. Indien dit nie help nie moet daar gebruik gemaak word van 'n grys agtergrond (Díaz-Cintas en Remael, 2007:84).

In die onderstaande onderafdeling word die styl van die gesproke en geskrewe taalgebruik in die sepie bespreek.

4.3.5.4. Styl

Omdat dit 'n sepie is, is die taalgebruik informeel wanneer die karakters met mekaar gesels en dit verander na formeel wanneer hulle in formele situasies is. Die draaiboekskrywers moet dus in ag neem om geselstaal in te sluit wat natuurlik klink vir die kyker.

7de Laan se taalgebruik klink baie keer soos 'n namaaksel van geselstaal in plaas van natuurlike geselstaal. Dit kan wees omdat die karakters gereeld oorvriendelik met mekaar gesels en uitdrukkings en taal gebruik wat 'n huistaalspreker nooit sal gebruik nie, of nie in daardie konteks sal gebruik nie.

Daar is sekere karakters in *7de Laan* wat baie duidelik geskryf is om die laer klasse uit te beeld. Die karakter se taalgebruik is so informeel in neutrale situasies, dat dit vulgêr voorkom. Dit pas baie goed by die karakter se houding aan en bevorder dus die idee en stereotipe dat die laer klas onopgevoed kan voorkom.



'n Fout wat *7de Laan* soos baie ander programme gemaak het, is om die jonger karakters se taalgebruik aan te pas dat dit vir die jonger generasie meer toeganklik en aantreklik is, maar hulle maak die fout deur nie goed genoeg navorsing te doen by die jonger generasie self nie en eindig dus met karakters wat te oud is wat jonk en 'cool' probeer klink. Dit vervreem dan weer die jonger kykers.

Daar is ook spesifieke karakters wat hulle eie styl van praat het, soos Oom Oubaas wat oordrewe formeel en in metafore praat, wat gereeld verkeerd gebruik word. Dit is dus belangrik om genoeg kennis van beide Afrikaanse en Engelse metafore te hê om gelykstaande metafore in dieselfde manier te vermeng om Oom Oubaas se spesifieke taalgebruik in Engelse onderskrifte weer te kan gee.

Daar is ook ander karakters soos Errol Pieterse wat die rol van 'n jong bruin seun speel en met 'n Kaapse aksent en vreemde uitdrukkings praat. Aksente is nie net moeilik om korrek te hoor vir vertaling nie, dis ook moeilik om aksente in 'n ander taal in onderskrifte weer te gee. Gelukkig gaan aksente gewoonlik gepaard met spesifieke woordgebruik volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:194), wat dus beteken dat, al kan 'n karakter se aksent nie heeltemal in die onderskrifte uitgebeeld word nie, die karakter genoeg unieke uitdrukkings gebruik wat wel in die onderskrifte weergegee kan word.

Wanneer karakters wat by die Hillside Times koerant werk met mekaar praat gebruik hulle joernalistieke jargon en wanneer prokureur karakters praat, gebruik hulle regsjargon. Dieselfde geld vir karakters wat in koffiewinkels, deli's en ander kosberoepe werk.

Die volgende onderafdeling gee die aspekte wat nie in die bogenoemde kategorieë pas nie, weer.

4.3.5.5. Ander

7de Laan se lettertipe is normaal skreefloos en die lettergrootte is heelwat groter as die norm, teen omtrent 42, en dus moet hulle ook hulle onderskrifte vroeër opbreek in twee reëls, wat nie gedoen word nie. Die onderskrifte is te lank en nie in 'n piramide of onderstebo piramide geplaas nie. Dit sou beter gewees het om die onderskrif in twee korter reëls op te deel as een lang reël, omdat dit bewys is dat die kyker makliker twee korter reëls lees as een lang reël (Karamitroglou, 1997:7).

Daar kom 'n spelfout voor in die episode wat op 10 Mei 2019 uitgesaai is, wanneer die woord "hails" gebruik word as vertaling vir "hael". Die verkeerde homofoon is gebruik in die onderskrif.



Figuur 44: *7de Laan*, die verkeerde homofoon van “hails” is gebruik.

Daar is ook in die episode wat op 15 Augustus 2019 uitgesaai is, twee spasies tussen woorde gesit eerder as net een. Dit is ’n tikfout wat deur die onderskrifte te redigeer, vermy kon word.

Daar is sekere woorde wat glad nie vertaal is nie, soos “potjie” in die episode wat op 20 Julie 2019 uitgesaai is, en “Sorry, Tannie” en “Hildatjie” wat in die episode wat op 18 Desember 2018 uitgesaai is, voorkom.

Omdat woorde soos “potjie” wat eg Afrikaans is en nie ’n vertaling het nie, “tannie” wat in Afrikaans gebruik word om enige ouer vrou aan te spreek, nie slegs familie soos die Engelse “auntie” nie en die verkleining van eie name soos “Hildatjie”, nie ’n goeie Engelse vertaling het nie, is dit netso in Afrikaans geskryf. Daar is dus van die vertaaltegniek “lening” gebruik gemaak, waar die bronteks woord netso in die doelteks gebruik word.




Figuur 45: *7de Laan*, daar word die woord “potjie” gebruik in ’n Engelse onderskrif.

Figuur 46: *7de Laan*, daar word die woord “tannie” gebruik in ’n Engelse onderskrif.



In die episode wat op 16 Julie 2015 uitgesaai is, word die verkorting “D’you” gebruik. Volgens Díaz-Cintas en Remael (2007) kan dit die leesvloei hinder om ’n hele woord weg te laat. Omdat die Engelse woord “Do” amper heeltemal verdwyn het neem die geskrewe onderskrif ’n eienskap van gesproke taalgebruik aan. Hulle sê ook verder dat dit onvanpas kan voorkom wanneer ’n meer formele karakter, soos Neville Meintjies in hierdie geval, so ’n informele verkorting gebruik.



Figuur 47: *7de Laan*, die gebruik van “D’you” in die onderskrif.

In die volgende onderafdeling volg daar ’n evaluasie van die program wat bespreek is in die genre.

4.3.5.6. Evaluasie

Daar is verwag dat *7de Laan* se onderskrifte baie slegter sou wees as wat dit was omdat daar soveel klagtes oor die onderskrifte is. Die onderskrifte is leesbaar en oor die algemeen goed gestruktureerd en verstaanbaar. Daar kom nie te veel taalfoute in die onderskrifte voor nie en die tegniese aspekte is nie ’n groot probleem nie.

7de Laan se onderskrifte het nie baie foute nie, maar daar is ook niks wat die onderskrifte uitsonderlik maak nie. Dit volg die meeste van die reëls, maar nie tot so ’n mate dat dit ekstra krediet verdien nie. Daar is nie regtig iets uitsonderliks in *7de Laan* se onderskrifte nie. Dit dien die doel waarvoor dit geskryf is, maar dra niks ekstra by soos by van die ander programme nie.

Dit neem die horende gehoor in ag, maar nie die dove en hardhorende gehoor nie. Aangesien die onderskrifte sommige van die klanke weergee, word daar gepoog om die dove gehoor in ag te neem, maar siende dat nie al die klanke weergegee word nie, word die dove gehoor in die steek gelaat.



Die kinematografiese foute in *7de Laan* is minimaal en die enigste ander aspekte wat die sepie meer visueel interessant maak, is die boodskappe wat op die skerm verskyn en die kamerabeweging wanneer iemand agtervolg word.

In die onderstaande onderafdeling word leefstylprogramme as genre ondersoek en bespreek.

4.3.6. Leefstylprogramme

In hierdie kategorie gaan die televisieprogram *DEKATv* bespreek word.

4.3.6.1. Genre

Hierdie program is gebaseer op die *DEKAT* tydskrif en bevat 'n verskeidenheid afdelings. Die program begin met Chris Chameleon, wat aangetrek is soos 'n sirkusmeester en aankondig wat in die program gaan gebeur. Daar is 'n afdeling vir 'n onderhoud met 'n kunstenaar, 'n afdeling vir literatuur, 'n gemeenskapsafdeling en 'n kosafdeling.

Die leefstyl genre kom al 'n lang pad aangesien *DEKATv* eintlik 'n relatief ou program is wat eers op KykNet uitgesaai is voordat dit verskuif het na SABC 2. Daar is ander leefstyl programme soos *Pasella* wat ook al jare lank uitgesaai word. *DEKATv* en *Pasella* verskil in sekere opsigte van mekaar deurdat hulle keuses in onderhoude met bekende persone verskil. *DEKATv* kies kunstenaars terwyl *Pasella* meer op algemeen bekende Suid-Afrikaners soos akteurs fokus.

Albei programme het 'n kosafdeling in hul program en albei voer onderhoude in hoofsaaklik Afrikaans. Albei programme sluit ook gereeld musiek of musiekvideo's in.

In die volgende onderafdeling word die gehoor van leefstylprogramme bespreek.

4.3.6.2. Gehoor

Die gehoor van *DEKATv* is hoofsaaklik vroulik, of meteroseksuele mans, omdat hierdie program spesifiek fokus op stereotipiese vroulike belangstellings soos mode, kuns en kosmaak. Dit sal hoofsaaklik horende Afrikaanssprekende vroue wees wat die program kyk en horende Engelssprekende vroue wat die onderskrifte lees. Die onderskrifte is nie geskep vir dowe en hardhorende mense nie, maar dit sal hulle wel help verstaan.



DEKATv se onderskrifte eindig glad nie met leestekens nie, al sluit dit vraagsinne in, soos in Episode 1. Dit kan die lesers wat graag op taal fokus baie steur of selfs afsit. Dit bemoeilik ook die lees en verstaan van onderskrifte wat kykers wat slegs Engels verstaan, minder van die program kan laat verstaan. Wanneer 'n onderskrif nie met 'n leesteken eindig nie, neem die kyker outomaties aan dat die sin voortgaan in die volgende onderskrif. Volgens Karamitroglou (1997:5;6) is dit steeds belangrik om leestekens soos punte, kommas en vraagtekens in onderskrifte te gebruik.

In Episode 21 word daar 'n hoofletter na 'n kommapunt gebruik. Dit is verkeerd omdat daar altyd 'n kleinletter na 'n kommapunt volg, net soos na 'n komma. Volgens Díaz-Cintas en Remael (2007:106) is die gebruik van 'n kommapunt baie skaars in onderskrifte en moet dit eerder vermy word omdat dit maklik met 'n dubbelpunt verwar kan word.



Figuur 48: DEKATv, daar word 'n hoofletter na 'n kommapunt gebruik.

In Episode 1 begin 'n paar opeenvolgende onderskrifte elk met 'n hoofletter, maar dit is alles een sin en behoort nie so geskryf te word nie. Volgens Karamitroglou (1997:7) moet leestekens en hoof- en kleinletters gebruik word netsoos in gedrukte literatuur.

Ook in Episode 1 word die gebruik van 'n agtergrondstem glad nie in onderskrifte omskep nie. Dit is 'n vreemde verskynsel omdat dit ook inligting kan verskaf wat belangrik is vir die kyker om die program te verstaan en wat 'n Engelse kyker ook nuttig kan vind.

Wat dalk kon gebeur het, was dat die agtergrondstem eers later, nadat die onderskrifte geskryf is, ingelas is en dat daar toe nie tyd was om dit ook van onderskrifte te voorsien nie. As daar toe gepoog sou word om die agtergrondstem van onderskrifte te voorsien, sou die ander onderskrifte heeltemal ongesinkroniseerd met die beeld wees.



Episode 12 het glad nie onderskrifte nie. Wat dit vreemd maak is dat al die episodes voor en na Episode 12 wel onderskrifte het. 'n Engelse kyker sal dus weet dat hy hierdie program kan kyk en verstaan omdat daar Engelse onderskrifte is, maar wanneer hy Episode 12 wil kyk gaan hy niks of baie min verstaan.

Daar is sekere belangrike gesproke inligting wat glad nie in onderskrifte omskep is nie. In Episode 1 gebruik die kunstenaar die akroniem "YOLO" (You Only Live Once) en die onderskrifskrywer het dit heeltemal net uitgelos. Dit is van belang omdat dit die karakter en uitkyk van die kunstenaar op die lewe uitbeeld, iets wat Afrikaanse kykers dalk sou weet in teenstelling met Engelse kykers.

Ook in Episode 1 sê die sjef "in 'n macha tee pasta" wat in die onderskrifte vertaal is as slegs "in a pasta". Dit is eerstens heeltemal onakkuraat en beskryf nie die dis korrek nie en tweedens verkry die Afrikaanse kykers weer meer inligting as die Engelse lesers. Hierdie spesifieke sjef maak gereeld Asiese disse en deur die "macha tee" uit te laat verander dit heeltemal die sjef se niche.



Figuur 49: *DEKATv*, 'n gedeelte van die gesproke taal is nie in die onderskrif weergegee nie.

In Episode 16 begin een van die onderskrifte met 'n enkel aanhalingsteken, maar eindig nie met een nie en daar is ook nie gesproke taal wat aangehaal word nie. Daardie aanhalingsteken is heeltemal verkeerd en onnodig. Dit sal die kyker verwar omdat die kyker verwag dat iets of iemand aangehaal word wat dan nie die geval is nie. Dit kan ook die kyker deurmekaar maak omdat daar nie 'n aanhalingsteken is om die uiting af te sluit nie en dan kan die kyker voel dat hy dalk per ongeluk 'n onderskrif gemis het.

In die volgende onderafdeling word die kinematografiese eienskappe en aspekte in hierdie program veral ten opsigte van die onderskrifte bespreek.



4.3.6.3. Kinematografie

Al *DEKATv* se onderskrifte het 'n deursigtige grys agtergrond. Waar die onderskrifte in Episode 21 oor 'n besige agtergrond geplaas is, dra die grys agtergrond niks by tot leesbaarheid nie.

Aan die einde van elke episode word daar 'n musiekvideo gespeel en daardie lirieke word in Engelse onderskrifte weergegee. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet liedjies se lirieke in die onderskrifte weergegee word, waar dit relevant is en volgens Karamitroglou (1997:7) moet die onderskrifskrywer die lirieke skuinsgedruk en in dubbelaanhalingstekens plaas.

In Episode 25 flits daar opskrifte of onderhoudsvrae op 'n swart skerm en word daarna deur die persoon wat ondervra word beantwoord. Die aanbieders verskyn glad nie in daardie episode nie. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet alle belangrike inligting in die beeld, soos kennisgewingborde en tekens, vertaal word in die onderskrif en volgens Karamitroglou (1997:7) moet tekens op die skerm in hoofletters in die onderskrif weergegee word.



Figuur 50: *DEKATv*, daar verskyn teks op die skerm wat dien as die onderhoudsvrae.

In Episode 25 word die gedig "*Kragtens die wet op swye*" voorgelees met beelde op die skerm wat daarmee gepaard gaan. Die onderskrifte is in wit geskryf en die beeld is hoofsaaklik in swart en wit. Dit is moeilik leesbaar. Wanneer 'n wit onderskrif op 'n wit agtergrond verskyn moet die onderskrif 'n donker skadu of buitelyn kry wat leesbaarheid sal vergemaklik. Indien dit nie help nie moet daar gebruik gemaak word van 'n grys agtergrond (Díaz-Cintas en Remael, 2007:84).



Figuur 51: *DEKATv*, daar is wit teks op die grys en wit agtergrond.

In Episode 25 verskyn die naambordjies regs amper in lyn met die onderskrif. In Episode 1 verskyn die naambordjie links bo die onderskrif. Die plasing van die naambordjies is dus nie konsekwent nie en die kyker sal dit agterkom.

In Episode 16 kom daar slegs by een van die spreekbeurte in die dialoog 'n aandagstreep vooraan die uiting. Elke spreekbeurt is ook nie in sy eie reël nie. Volgens Karamitroglou (1997:6) moet daar 'n aandagstreep voor beide spreekbeurte geplaas word wanneer dialoog geskryf word.



Figuur 52: *DEKATv*, slegs een van die spreekbeurte het 'n aandagstreep vooraan en elke spreekbeurt is nie in sy eie reël nie.



Ook in Episode 16 is die opskrif op die swart skerm in Engels anders as in Episode 25. Volgens Carroll en Ivarsson (1998) moet alle belangrike inligting in die beeld, soos kennisgewingborde en tekens, vertaal word in die onderskrif en volgens Karamitroglou (1997:7) moet tekens op die skerm in hoofletters in die onderskrif weergegee word.

In die onderstaande onderafdeling word die styl van die gesproke en geskrewe taalgebruik in die program ondersoek en bespreek.

4.3.6.4. *Styl*

Die onderskrifte van *DEKATv* is redelik neutraal tot akademies in sekere afdelings soos die literatuur afdelings. Daar kom nie eintlik baie informele taalgebruik of baie formele en hoogdrawende taalgebruik in hierdie program voor nie.

In gedeeltes waar gedigte of uittreksels uit romans voorgelees word, word daar in die styl van die digter of skrywer gepraat om die kykers 'n beter idee van die skryfstyl te gee. Dit moet dan ook so in die onderskrifte oorgedra word, dat die Engelse kykers dieselfde ervaring van die skrywers kan kry.

Die opening deur Chris Chameleon het 'n magiese realistiese gevoel en skep 'n gevoel van afwagting vir die res van die program. Die res van die episode word in 'n geselserige trant geskiet.



Figuur 53: *DEKATv*, die opening van *DEKATv* met Chris Chameleon.

Daar is uitermate baie beeldspraak en metaforiese taalgebruik in hierdie program. Dit kan wees om die kunssinnigheid van die program te bevorder. Dit kan ook wees as gevolg van die voorgelese gedigte en romanuittreksels in die program.



Van die mense waarmee daar onderhoude gevoer word, het aksente wat partykeer moeilik hoorbaar kan wees. Daar word byvoorbeeld met Lady Skollie 'n onderhoud gevoer en haar styl van praat bevat van nature baie Engelse woorde en frases. Om so 'n styl van praat in Engels weer te gee is baie moeilik en word dus in neutrale standaard Engels vertaal.



Figuur 54: *DEKATv*, die woord “Aweh” is in die onderskrif geskryf.

Ander persone waarmee daar onderhoude gevoer word, het sterk Kaapse aksente, waar die aksent self ook nie vertaal kan word nie, maar eerder die unieke taalgebruik van die spreker.

In die volgende onderafdeling word die eienskappe en aspekte van die program bespreek wat nie in die bogenoemde kategorieë pas nie.

4.3.6.5. *Ander*

DEKATv is vir die leefstylkategorie gekies omdat sy onderskrifte op so 'n vreemde manier geskryf is. Later, nadat daar navorsing gedoen is, is daar gevind dat die onderskrifte in verskillende episodes verskillend geskep is.


In Episode 1 is die lettertipe meer normaal, skreefloos, en heelwat groter as normaal op ongeveer 40 puntgrootte. Dit is in die middel gesentreer, soos die norm, met 'n deurskynende grys blok in die agtergrond.



Figuur 55: *DEKATv*, 'n voorbeeld van hoe die onderskrifte se skrif in episode 1 lyk.

In al die ander episodes, behalwe Episode 12 wat geen onderskrifte het nie, is die onderskrifte in 'n nie-standaard lettertipe met die puntgrootte op 36 of kleiner. Volgens Karamitroglou (1997:3) kry lettertipes skreefloos voorkeur bo die met 'n skreef, omdat dit meer leesbaar is.

Die onderskrifte is ook aan die linkerkant van die skerm geskep en het ook die deurskynende grys agtergrond soos in Episode 1. Volgens Karamitroglou (1997:2;3) moet die onderskrifte in die middel gesentreer wees, omdat die meeste visuele aktiwiteit in die middel gebeur en dus hoef die kyker se oë 'n korter afstand tussen die beeld en die onderskrifte af te lê.



Figuur 56: *DEKATv*, 'n voorbeeld van hoe die onderskrifte se skrif in die res van die episodes lyk.

Daar is gereeld onderskrifte wat te lank is en wat glad nie verdeel is in 'n piramide of onderstebo piramide nie. Volgens Karamitroglou (1997:7) moet daar eerder twee korter onderskrifte wees as een lang onderskrif en moet die langer onderskrif bo wees omdat dit makliker lees.




Daar word ook Engelse onderskrifte geskryf vir die Engels gesproke taal. Dit kan wees om konsekwent vir elke uiting onderskrifte te verskaf al is dit nie nodig nie. Dit help want die kyker kom dadelik agter as onderskrifte verdwyn en dit kan steurend wees.

Daar kom vertaalfoute voor, soos in Episode 25, waar die uiting “ekstra sout” vertaal is na “extra sauce” wat heeltemal verkeerd vertaal is. Dit is waarskynlik omdat die onderskrifskrywer verkeerd gehoor het en daar is nie regtig ’n manier om dit reg te maak as dit verkeerd gehoor is nie.

In Episode 1 word “neem besluite” vertaal met “take decisions” in plaas van “make decisions”. Die onderskrifskrywer het die uitdrukking direk uit Afrikaans vertaal en dus nie kollokasies in ag geneem nie. Dit kan wees omdat kollokasies gewoonlik arbitrêr en onafhanklik van betekenis staan (Baker, 1992:52) en dus maklik vergeet word.

Ook in Episode 1 sê die kunstenaar “kuns het betaal...” en dit word vertaal met “I’m paying for that journey!” wat so verkeerd vertaal is dat die betekenis van haar uiting heeltemal verander. Die onderskrifskrywer moes verkeerd gehoor het of besluit het om die gesproke uiting op ’n vreemde en verkeerde manier te verdig.

Daar is ’n groot aantal spel- en tikfoute raakgesien soos in Episode 25 waar die woord “disconnect” as “disconect” gespел is. Ook in Episode 25 is die woord “museums” as “mueums” getik en “prepare” as “prpare”. In Episode 16 word “privilege” as “privelege” gespел, “magazines” as “magzines”, “behind” as “behnd” en “that” as “tthat”. Die woord “hello” is ook as “hullo” geskryf.




Figuur 57: *DEKATv*, daar kom ’n spelfout voor in die skryf van die woord “disconnect”.

Baie van die woorde is verkeerd gespел omdat die onderskrifskrywer haastig getik het of nie baie goed kan tik nie. Dit sou egter reggestel kon word deur die onderskrifte na die tyd te redigeer.



In Episode 25 is die klank “hmmm” as “h’m” geskryf. Die tussenwerpsel “hmmm” word tradisioneel nie soos in daardie onderskrif met ’n afkappingsteken gespel nie, maar eerder heeltemal uitgespel.

Elke keer as die onderskrifskrywer “especially” bedoel, skryf hy/sy slegs “specially” en in Episode 25 is “specially” verkeerd gespel as “spesially”. Die onderskrifskrywer kon in ’n woordeboek die twee woorde nageslaan het om die verskil te vind.



Figuur 58: *DEKATv*, daar word elke keer “specially” geskryf wanneer daar “especially” bedoel word. In die volgende onderafdeling volg daar ’n evaluasie van die bogenoemde bespreekte program.

4.3.6.6. Evaluasie

Hierdie program het van die onleesbaarste onderskrifte uit al die programme wat ondersoek is. Dit is duidelik in daardie tekstipe en spasiëring geskryf om dit kunstig en esteties goed te laat lyk vir die kyker, maar die motivering is nie goed deurdink nie, omdat leesbaarheid voorkeur moet kry bo die estetiese.

Hierdie onderskrifte neem glad nie die gehoor in ag nie, anders sou daar meer op leesbaarheid gefokus wees. Daar is oor die algemeen meer interessante verskynsels, soos die onderskrifte en die kinematografiese aspekte, wat dit visueel meer interessant maak om na te kyk, maar nie noodwendig hulp verleen met die verstaan van die gesproke taal nie.

Die gesproke taal is baie verstaanbaar en duidelik. Die styl is nie te hoogdrawend vir die alledaagse kyker nie en so ook die geskrewe taal in die onderskrifte. Daar kom wel taal- en vertaalfoute voor in hierdie program, maar die kyker behoort steeds die onderskrifte relatief goed te verstaan.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar kan uit die bogenoemde data reeds 'n patroon gesien word by die skryf van onderskrifte in Suid-Afrika. In die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en slot, gaan die bevindinge in detail bespreek en uitgebrei word.



Hoofstuk 5: Gevolgtrekking en slot

5.1 Inleiding

Hierdie studie het verskille en ooreenkomste in Engelse onderskrifte vir Afrikaanse programme van 'n verskeidenheid genres ondersoek ten einde te bepaal tot watter mate die gehalte van die betrokke onderskrifte aan internasionale standaarde voldoen. Die studie het onderskrifte op grond van formele (tegniese) en inhoudelike (taalkundige en vertaalkundige) aspekte geanaliseer en geëvalueer. In die eerste plek is onderskrifte beskryf op grond van genre, insluitend die teikengehoor, kinematografie en styl van onderskrifskrywing. Vervolgens is daar op verskille en ooreenkomste (indien enige) tussen onderskrifte van verskillende genres gewys en onderskrifte is geëvalueer aan die hand van internasionale standaarde. Laastens is daar voorstelle gemaak om die gehalte van substandaard onderskrifte te verbeter.

Die eerste afdeling van hierdie hoofstuk handel oor bevindinge van die literatuuroorsig.

5.2 Literatuuroorsig

Uit die bogenoemde navorsing in Hoofstuk 2: Literatuuroorsig, is daar bevind dat daar redelik groot verskille in onderskriftegniek en -kwaliteit voorkom tussen die programme wat ondersoek is in die verskillende genres.

Daar is opgemerk uit die literatuuroorsig (2.3.1) dat daar wel internasionale standaarde vir onderskrifskrywing bestaan. Karamitroglou (1997) en Díaz-Cintas en Remael (2007) tel onder die navorsers wat internasionale reëls en regulasies geskep het vir die skryf van onderskrifte. Die derde navorsingsdoelwit van hierdie verhandeling wat onderskrifte evalueer aan die hand van internasionale standaarde, word dus bereik wanneer daar tot die gevolgtrekking gekom is dat Afrikaanse televisieprogramme se Engelse onderskrifte deurgaans substandaard is in vergelyking met internasionale onderskrifskrywing.

Die bogenoemde onderafdelings, saam met Hoofstuk 4: Data en analise kan dan gebruik word om die navorsingsvraag te beantwoord. Die navorsingsvraag (1.3) lui soos volg: Hoe vergelyk die gehalte van Afrikaanse onderskrifte oor verskillende genres vergeleke met internasionale standaarde? Wanneer die bogenoemde inligting oor internasionale reëls en regulasies, asook Hoofstuk 2: Literatuuroorsig en Hoofstuk 4: Data en analise in ag geneem word, word dit duidelik dat baie van die Afrikaanse televisieprogramme oor al die genres se onderskrifte substandaard is. Sommige van die programme se onderskrifte is beter as ander, maar dit is steeds nie op standaard nie. Hierdie afleiding geld slegs vir die programme wat ondersoek is, sodat daar geen veralgemenings gemaak kan word nie.



Daar is ook bevind in onderafdeling 2.3.4 dat die ekwivalensie in onderskrifskrywing verskil van ekwivalensie in vertaling. In onderskrifskrywing kan daar nie slegs 'n vertaling van die gesproke uiting gemaak word nie, maar daar moet ook in ag geneem word dat dit in 'n sekere hoeveelheid karakters geskryf moet word en slegs vir 'n kort tydperk op die skerm verskyn. Vertaling het nie daardie beperkinge nie.

Ook in die literatuuroorsig word genre (2.8), gehoor (2.9), kinematografie (2.10) en styl (2.11) beskryf en verduidelik, ter voorbereiding van die navorsing wat in Hoofstuk 4: Data en analise, volg. Hierdie bogenoemde onderafdelings is ter voorbereiding daarvan om die eerste navorsingsdoelwit van die verhandeling, naamlik om onderskrifte te beskryf volgens genre, gehoor, kinematografie en styl, te bereik. Die res van daardie navorsingsdoelwit word dan later in Hoofstuk 4: Data en analise bereik.

In die onderstaande onderafdeling gaan die onderskrifanalise bespreek word.

5.3 Onderskrifanalise op grond van genre, gehoor, kinematografie, styl en ander aspekte:

In hierdie onderafdeling word die eerste navorsingsdoelwit, wat lui dat onderskrifte ondersoek en beskryf gaan word op grond van genre, gehoor, kinematografie en styl, gedeeltelik bereik. Hoofstuk 4: Data en analise dra by tot die ander gedeelte van hierdie navorsingsdoelwit.

5.3.1 Genres

In 2.8 word daar 'n beskrywing en oorsig van genre gegee om 'n beter agtergrond te skep vir Hoofstuk 4: Data en analise. Genre kan soms die gesproke en geskrewe taal beïnvloed. Die enigste manier hoe genre die verskillende programme se onderskrifte beïnvloed, is dat die genre soms bepaal of die taalgebruik meer formeel, informeel of neutraal is. Dit bepaal ook soms of die taalgebruik meer akademies of geselsersig is. In 4.3.1.4 word die verskil tussen die akademiese- en geselstaal tussen *Voetspore: Reünie* en *50/50* genoem. As die gesproke taal dus in 'n sekere styl is, sal die onderskrifte ook in dieselfde styl geskryf moet word. Daar sal meer uitgebrei word in onderstaande paragrawe waar styl bespreek word.

5.3.2 Gehoor

Die gehoor is een van die belangrikste aspekte in vertaling, en oudiovisuele vertaling, want dit bepaal heelwat faktore wat in ag geneem moet word. Sommige televisieprogramme, soos *Swartwater* (4.3.3.2), het nie hul gehoor in ag geneem met die skryf van onderskrifte nie omdat daar baie dele uitgelaat is of swak vertaal en geskryf is. Aan die ander kant het die televisieprogram *Die Boland Moorde* (4.3.4.2) werklik moeite gedoen om die onderskrifte op so 'n manier te skep dat dit vir die gehoor natuurlik en maklik leesbaar oorkom.



7de Laan (3.4.5.2) is die enigste televisieprogram wat ook agtergrondklanke in die onderskrifte weergee, al doen hulle dit inkonsekwent met tye. Dit is dus die enigste program wat tot 'n mate vir dowe en hardhorende kykers geskik is.

Leestekengebruik is ook 'n baie belangrike aspek by gehoor. Die meeste van die programme wat nagevors is, se leestekengebruik is baie swak. Wanneer daar geen punte aan die einde van sinne geplaas word nie kan dit die kyker baie verwar. Sekere programme soos *Spyskaart* (4.3.2.2), *DEKATv* (4.3.6.2), *50/50* (4.3.1.2), *Swartwater* (4.3.3.2) en *Die Boland Moorde* (4.3.4.2) het met tye geen onderskrifte nie, wat dit vir 'n nie-Afrikaanse gehoor onmoontlik maak om die program te volg.

Verdigting is 'n onvermydelike aspek van onderskrifskrywing, maar as dit verkeerd gedoen word, kan dit die gehalte van die onderskrifte drasties verlaag. *Swartwater* (4.3.3.2) is die enigste program waar daar opgemerk is dat sekere gesproke uitings so verdig is dat belangrike inligting uitgelaat word.

In *Voetspore: Reünie* (4.3.1.2) is daar opgemerk dat die verkleining van sekere woorde gebruik is in die Engelse onderskrifte omdat die woorde in die Afrikaanse gesproke taal in die verkleining voorgekom het, al word die verkleining nie bedoel nie, soos "olifantjies" en "sousie".

5.3.3 Kinematografie

Die kinematografie moet altyd ingedagte gehou word wanneer daar beplan word om onderskrifte vir 'n program te laat skep. Die meerderheid programme het 'n kinematografiese probleem met die skiet van die program waar onderskrifte glad nie in ag geneem is nie. Dus is daar gereeld onderskrifte wat op 'n bont of wit agtergrond geplaas is, wat dit onleesbaar maak.

Soos in Hoofstuk 4: Data en analise, reeds genoem is, moet onderskrifte nie op die skerm bly van een toneel na 'n ander nie. Daar is slegs in *Spyskaart* (4.3.2.3) bevind dat daar onderskrifte van een toneel na 'n ander op die skerm gelaat is.

Daar kom interessante kinematografiese verskynsels voor wanneer teks op die skerm geplaas word soos in *DEKATv* (4.3.6.3) waar daar soms op 'n swart agtergrond onderhoudsvrae geplaas word. Daar vloei ook reëls geskrewe teks oor die skerm in *Die Boland Moorde* (4.3.4.3) om die oorgang van die "werklikheid" na een van die karakters se verhale aan te dui. In dieselfde episode word 'n hologram skerm bo die karakter se rekenaar geplaas om die kyker te help besef dat sy 'n verhaal tik. In *7de Laan* (4.3.5.3) word die selfoonboodskappe op die televisieskerm geplaas om dit vir die kyker makliker leesbaar te maak.

Van hierdie bogenoemde kinematografiese eienskappe vergemaklik die lees en verstaan van die program, maar ander help net om die program visueel meer interessant te maak. Die bogenoemde programme is die enigste programme uit die wat ondersoek is, wat interessante, of verkeerde,



kinematografiese aspekte bevat. By al die ander programme wil dit voorkom asof daar geen ekstra moeite gedoen is met die kinematografiese aspekte van onderskrifte nie.

5.3.4 Styl

Die styl van die programme wissel soos reeds in die genre (5.3.1) aangedui is. Programme soos *50/50* (4.3.1.4) het 'n meer informatiewe en akademiese styl terwyl programme soos *7de Laan* (4.3.5.4) en *Swartwater* (4.3.3.4) meer geselstaal gebruik. Daar is ook opgemerk dat sekere karakters in een program meer formeel praat as ander om hul karakter uit te beeld. Verder is daar sekere programme wat meer informele taalgebruik het, soos *Spyskaart* (4.3.2.4), as *DEKATv* (4.3.6.4) wat meer formeel tot neutrale taalgebruik het.

Die verskillende style waarin die gesproke taal geskep is, is redelik goed vervat in die onderskrifte van al die programme wat ondersoek is.

In *7de Laan* (4.3.5.4) kom sommige van die karakters se taalgebruik geforseerd voor in die onderskrifte. Dit is gevalle waar die skrywers die karakters se taalgebruik op jonger kykers wil mik. In *Swartwater* (4.3.3.4) is party van die onderskrifte ook nie baie natuurlik vertaal nie.

In sommige programme, soos *DEKATv* (4.3.6.4), *Spyskaart* (4.3.2.4) en *7de Laan* (4.3.5.4), word vreemde uitdrukkings en baie metaforiese taal gebruik. Van die idiome en uitdrukkings kon beter vertaal word, maar oor die algemeen is dit verstaanbaar. Net soos in die bogenoemde kinematografie afdeling (5.3.3) is dit voldoende, alhoewel effens onderstandaard, maar dit is ook duidelik dat daar geen ekstra moeite in die metaforiese taalgebruik se vertaling gesit is nie.

In *Voetspore: Reünie* (4.3.1.4) kom daar 'n goeie voorbeeld van beeldgebonde humor voor wat op woordspeling staatmaak en dus eintlik onvertaalbaar is. Die onderskrifskrywer het wel alles in sy vermoë gedoen om dit akkuraat te vertaal, maar dit het tog veroorsaak dat die humor verlore gaan. In die res van die programme het nie sulke probleme voorgekom nie.

5.3.5 Ander

Die meeste van die programme het dieselfde lettertipe en lettergrootte gebruik vir hul onderskrifte, behalwe *DEKATv* (4.3.6.5) en *50/50* (4.3.1.5). Al die televisieprogramme se onderskrifte is relatief leesbaar behalwe *DEKATv* (4.3.6.5) s'n wat in 'n baie onleesbare tekstipe geskryf is.

Aksente kom voor in baie van die programme wat ondersoek is. Die onderskrifskrywers het in al die televisieprogramme wat ondersoek is, die Kaapse en ander aksente goed vertaal.

Daar het baie gereeld tegniese foute voorgekom in die programme wat ondersoek is. In *Voetspore: Reünie* (4.3.1.5) het die onderskrif telkens heeltemal te laat op die skerm verskyn. In *Spyskaart* (4.3.2.5) verskyn die onderskrifte ook dikwels te laat, maar dit gebeur omdat die onderskrif "wag" om



saam met die naambordjie op die skerm te verskyn. In Hoofstuk 4: Data en analise is daar aanbevelings gemaak om daardie spesifieke onderskriffoute te korrigeer.

In 50/50 (4.3.1.5) is die lettertipe so groot dat die onderskrif vroeër in twee verdeel moet word sodat dit nie een baie lang onderskrif maak nie, wat ook geld vir *7de Laan* (4.3.5.5). Die probleem dat onderskrifte nie opgedeel word nie is wel in amper al die programme opgemerk, maar dit is 'n groter probleem by die bogenoemde programme wat 'n groter lettertipe het.

Daar kom ook vertaal- en taalfoute voor in die meeste van die televisieprogramme wat nagevors is. Dit is deels te wyte aan woorde wat eenvoudig verkeerd vertaal is. In ander gevalle moes daar metaforiese taalgebruik vertaal word en is dit op die verkeerde manier benader. Party taalfoute is slegs tikfoute terwyl ander foute werklik spelfoute is.

Spyskaart (4.3.2.5) en *Die Boland Moorde* (4.3.4.5) is die enigste televisieprogramme wat geen spelfoute in die onderskrifte gehad het nie. Terwyl *Die Boland Moorde* (4.3.4.5) werklik bogemiddelde onderskrifgehalte het, lyk dit of dit die enigste aspek van *Spyskaart* (4.3.2.5) is wat wel foutloos geskep is.

Die enigste ooreenkomste tussen die onderskrifte van die verskillende televisieprogramme in die verskillende genres, is dat sommige programme dieselfde lettertipe gebruik het asook lettergrootte. Daar is dus meer op die interessante verskille gefokus.

In die volgende onderafdeling gaan die aanbevelings vir die verbetering van substandaard onderskrifte gegee word.

5.4 Aanbevelings

In hierdie onderafdeling word daar tot 'n gevolgtrekking gekom oor die standaard van die onderskrifte van die televisieprogramme wat ondersoek is en daar word aanbevelings gegee vir die verbetering van substandaard onderskrifte. Hierdie onderafdeling is gedeeltelik verantwoordelik vir die bereik van die vierde navorsingsdoelwit in hierdie verhandeling, naamlik om voorstelle te lewer om substandaard onderskrifte te verbeter. Die ander deel van hierdie doelwit word deur Hoofstuk 4: Data en analise bereik.

Party van die televisieprogramme se onderskrifte is baie swakker as ander en dit kan wees as gevolg van die genre, maar dit kan nie as 'n feit beskou word nie omdat daar slegs een program per genre ondersoek is, behalwe in die natuurprogram genre. Dit wil eerder voorkom of die probleem lê by die opleiding van onderskrifskrywers in Suid-Afrika as wat dit genre spesifiek is.

Die meerderheid foute wat opgelet is, was leesteken en hoof- en kleinletterfoute wat gemaak is. Die tegniese foute is die tweede algemeenste opgemerk. Die manier waarop die beeld geskiet is sonder



om onderskrifte in ag te neem, is die derde algemeenste fout. Die derde fout is buite die onderskrifskrywers se beheer, maar die eerste twee lê beslis by die onderskrifskrywer en sy/haar opleiding.

Die televisieprogram *Die Boland Moorde* (4.3.4) se onderskrifte staan baie ver uit bo die ander programme s'n. Die meeste programme se onderskrifte is op ongeveer dieselfde middelmatige standaard. Dit is duidelik dat daar geen ekstra moeite gedoen is met daardie onderskrifte nie. Dan is daar *Swartwater* (4.3.3) wat meer onderstandaard is as die algemene tendens in die programme.

Dus, al is die programme se onderskrifte onderstandaard, is daar sekere programme wat beter onderskrifte het as ander.

Dit moet onder die aandag van film vervaardigers gebring word dat onderskrifte nie as 'n nagedagte gedoen kan word nie, maar dat daar spesifiek daarvoor beplan en begroot moet word. Die beplanning gaan behels dat 'n geskikte neutrale agtergrond vir die onderskrifte gelaat word. Daar moet ook beplan word om genoeg tyd toe te laat vir die onderskrifskrywer om hoë standaard onderskrifte te kan skep.

Daar moet 'n taalkundig- en tegniese- opgeleide onderskrifskrywer gebruik word om die onderskrifte te skep in plaas van 'n tegnikus. Dit sal verseker dat onderskrifte taalkundig en vertaalkundig goed versorg word en sowel dat die tegniese aspekte daarvan korrek gehanteer word.

Onderskrifte van hoër gehalte sal die gehoor boei deurdat hulle die verhaal beter verstaan wat dan veeltaligheid kan bevorder.

In die onderstaande onderafdeling word daar voorstelle gelewer vir verdere navorsing.

5.5 Voorstelle vir verdere navorsing

In hierdie onderafdeling word daar genoem wat verder in die veld, en meer spesifiek wat te doen het met die navorsing in hierdie verhandeling, gedoen kan word.

Daar kan verder navorsing gedoen word oor die onderskrifte in verskillende genres, met meer programme in dieselfde genres as in hierdie studie, waarna die data dan met hierdie verhandeling se data vergelyk kan word.

Daar is verder ook die opsie om die ander inheemse tale wat in sommige van die programme wat in hierdie verhandeling ondersoek is, se onderskrifgehalte te ondersoek en te vergelyk met die data van die Afrikaanse gesproke taal in hierdie verhandeling.

Daar kan ook een spesifieke genre gekies word, waar omtrent ses televisieprogramme ondersoek kan word om 'n beter evaluering te kan doen van die gehalte van onderskrifte in daardie genre. 'n Vergelyking kan dan getref word tussen daardie data en die data van dieselfde genre in hierdie



verhandeling om vas te stel of die algemene aspekte wat hier opgemerk is, regdeur die genre voorkom.

In die volgende onderafdeling gaan die gevolgtrekking en slot bespreek word.

5.6 Ten slotte

In hierdie onderafdeling word die gevolgtrekking oor onderskrifte in Suid-Afrika gegee en die verhandeling word afgesluit.

Die onderskrifte wat geskryf word vir Afrikaanse televisieprogramme is onder die internasionale standaard en kan heelwat verbeter word. Daar is ook te min televisieprogramme met onderskrifte in Suid-Afrika, veral in die land se veeltalige konteks. Die SABC en besighede soos *Showmax* moet vereis dat alle programme van onderskrifte voorsien word, of dit self laat skeep, sodat die taalregte van meer taalgroepe gerespekteer kan word.

Daar is reëls en standaarde geskep vir die skryf van onderskrifte en as Suid-Afrikaanse onderskrifskrywers dit meer nacom, sal dit die gehalte van onderskrifte verbeter. Die verbeterde onderskrifte kan dan weer help met die aanleer van nog 'n taal, wat in Suid-Afrika van uiterste belang is.

Daar is dus in hierdie verhandeling een program se onderskrifte uit ses verskillende genres ondersoek om vas te stel hoe dit vergelyk met die internasionale onderskrifskrywing standarde. Die onderskrifte is ondersoek aan die hand van genre, gehoor, styl, kinematografie en ander aspekte. Daar is bevind dat die meerderheid Afrikaanse televisieprogramme wat ondersoek is se Engelse onderskrifte laer as die internasionale standaard is en dat dit verbeter kan word deur by die reëls te hou. Daar is ook opgemerk dat baie min Suid-Afrikaanse televisieprogramme wel van onderskrifte voorsien is en dat dit 'n groot invloed op veeltaligheid kan hê. Die verhandeling sluit af met aanbevelings om substandaard onderskrifte te verbeter en voorstelle vir verdere navorsingsonderwerpe.

Hierna sal die bibliografie en filmografie volg.



Bibliografie:

- Abdelhay, A.K. & Makoni, B. & Makoni, S.B. 2011. The Naivasha language policy: the language of politics and the politics of language in the Sudan. *Language policy*, 10(1):1-18. Beskikbaar by: <https://link.springer.com/article/10.1007/s10993-011-9192-9> [Geraadpleeg op: 23 Julie 2019.]
- Alexander, N. 2004. The politics of language planning in post-apartheid South Africa. *Language problems & language planning*, 28(2):113-130. Beskikbaar by: <https://www0.sun.ac.za/taalsentrum/assets/files/Alexander%20Lang%20Planning%20in%20Post-Apartheid%20SA.pdf> [Geraadpleeg op: 10 Augustus 2019.]
- Ammon, U. 2006. Language conflicts in the European Union: On finding a politically acceptable and practicable solution for EU institutions that satisfies diverging interests. *International journal of applied linguistics*, 16(3):319-338. Beskikbaar by: http://dylan-project.org/Dylan_en/presentation/dissemination/articles/assets/UDE-Ammon-LanguageConflictsInTheEuropeanUnion.pdf [Geraadpleeg op: 14 Augustus 2019.]
- Azarian, R. 2011. Potentials and limitations of comparative method in social science. *International journal of humanities and social science*, 1(4):113-125. Beskikbaar by: <http://www.ijhssnet.com/journals/Vol.1.No.4;April.2011/15.pdf> [Geraadpleeg op: 30 Julie 2019.]
- Baker, M. 2011. *In other words: A coursebook on translation*. 2de uitgawe. London en New York, NY: Routledge.
- Bedeker, L. & Feinauer, I. 2006. The translator as cultural mediator. *Southern African linguistics and applied language studies*, 24(2):133-141. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/261664713_The_translator_as_cultural_mediator [Geraadpleeg op: 29 Julie 2019.]
- Berkenkotter, C. & Huckin, T. 1995. *Genre knowledge in disciplinary communication*. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.
- Biber, D. 1988. *Variation across speech and writing*. New York, NY: Cambridge University Press.
- Biber, D. & Conrad, S. 2009. *Register, genre and style*. Cambridge: Cambridge University Press.



Bird, S.A. & Williams, J.N. 2002. The effect of bimodal input on implicit and explicit memory: An investigation into the benefits of within language subtitling. *Applied psycholinguistics*, 23(4):509-533.

Beskikbaar

by:

https://www.researchgate.net/publication/231908683_The_effect_of_bimodal_input_on_implicit_and_explicit_memory_An_investigation_into_the_benefits_of_within-language_subtitling [Geraadpleeg

op: 1 Augustus 2019.]

Boote, D.N. & Beile, P. 2005. Scholars before researchers: on the centrality of the dissertation literature review in research preparation. *Educational Researcher*, 34(6):3-15. Besikbaar by:

<https://istc695sp12.files.wordpress.com/2012/01/lit-review.pdf> [Geraadpleeg op: 3 Augustus 2019.]

Boulton, M. 2005. *Icons, symbols and a semiotic web*. [Aanlyn]. Besikbaar by:

<https://markboulton.co.uk/journal/icons-symbols-and-a-semiotic-web> [Geraadpleeg op: 31 Mei 2019.]

Brown, D. 2016. *4 different types of translation: what you need to know*. [Aanlyn]. Besikbaar by:

<http://www.pactranz.com/blog/types-of-translation/> [Geraadpleeg op: 12 Junie 2019.]

Bühler, K. 1934. *Sprachtheorie: Die Darstellungsfunktion der Sprache*. Stuttgart: Gustav Fischer.

Burkes, A.B. (ed). 1958. *The collected papers of Charles Sanders Peirce herdrukte volumes VII-VIII*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Caballero, R. 2008. Theorizing about genre and cybergenre. *CORELL: Computer resources for language learning*, (2):14-27. Besikbaar by:

<https://www.ucam.edu/sites/default/files/corell/Issue2.pdf> [Geraadpleeg op: 1 Junie 2019.]

Carroll, M. & Ivarsson, J. 1998. *Subtitling*. Simrishamn: TransEdit.

Chandler, D. 2017. *Semiotics for beginners*. Besikbaar by: [http://visual-](http://visual-memory.co.uk/daniel/Documents/S4B/)

[memory.co.uk/daniel/Documents/S4B/](http://visual-memory.co.uk/daniel/Documents/S4B/) [Geraadpleeg op: 16 Junie 2019.]

Chaume, F. 2018. Is audiovisual translation putting the concept of translation up against the ropes?

The journal of specialised translation, (30):84-104. Besikbaar by:

https://www.jostrans.org/issue30/art_chaume.pdf [Geraadpleeg op: 1 Junie 2019.]

Chesterman, A. 2000. A causal model for translation studies. In: Olohan, M. (ed). *Intercultural faultlines: Research models in translation studies– textual and cognitive aspects*. Manchester: St.

Jerome Publishing. 15-28.

Chiaro, D. 2005. Foreword. Verbally expressed humor and translation: An overview of a neglected field. *International journal of humour research*, 18(2):135-145. Besikbaar by:

<https://www.degruyter.com/view/j/humr.2005.18.issue2/humr.2005.18.2.135/humr.2005.18.2.135.xml>

[Geraadpleeg op: 3 Augustus 2019.]



- Chomsky, N. 1957. *Syntactic structures*. Gravenhage: Mouton.
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Cobley, P. (ed). 2001. *The routledge companion to semiotics and linguistics*. London: Routledge.
- Colaizzi, P.E. 1978. Psychological research as the phenomenologist views it. In: Valle, R. & King, S. (eds). *Existential phenomenological alternatives for psychology*. New York, NY: Oxford University Press.
- De Rosa, G.L., Bianchi, F., De Laurentiis, A., Perego, E. 2014. *Translating humor in audiovisual texts*. Bern: International Academic Publishers.
- Di Giovanni, E. & Gambier, Y. (eds). 2018. *Reception studies and audiovisual translation*. Amsterdam: John Benjamins publishing company.
- Díaz-Cintas, J. & Remael, A. 2007. *Audiovisual translation: Subtitling*. Manchester: St. Jerome Publishing.
- d'Ydewalle, G., Praet, C., Verfaillie, K., Van Rensbergen, J. 1991. Watching subtitled television. Automatic reading behavior. *Communication research*, 18(5): 650-666. Beschikbaar by: <https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/009365091018005005> [Geraadpleeg op: 16 Julie 2019.]
- Everaert-Desmedt, N. 2011. Peirce's semiotics. Beschikbaar by: <http://www.signosemio.com/peirce/semiotics.asp> [Geraadpleeg op: 12 Junie 2019.]
- Fernandes, M.M. 2003. A model for optimising subtitles for deaf and hard-of-hearing television viewers in South Africa. Ongepubliseerde MA verhandeling. Vanderbijlpark: North-West University Vaaldriehoek Campus.
- Finch, J. & Mason, J. 1990. Decision taking in the fieldwork process: Theoretical sampling and collaborative working, In: Burgess, R.G. (ed). *Studies in qualitative methodology: Vol. 2. Reflections on field experience*. Greenwich, CT: JAI. 25-50.
- Fink, A. 2005. *Conducting research literature reviews*. 2de uitgawe. California & London: Sage.
- Fois, E. 2012. Audiovisual translation: Theory and practice. *Between*, 2(4):1-16. Beschikbaar by: <http://ojs.unica.it/index.php/between/article/view/835/637> [Geraadpleeg op: 1 Junie 2019.]
- Forster, L. 1958. Translation: An introduction. In: Venuti, L. (ed). *The translation studies reader*. London en New York, NY: Routledge.



- Gambier, Y. 2014. The position of audiovisual translation studies. In: Di Giovanni, E. & Gambier, Y. (eds). 2018. *Reception studies and audiovisual translation*. Amsterdam: John Benjamins publishing company.
- Gentzler, E. 1993. *Contemporary translation theories*, London en New York, NY: Routledge.
- Gillham, B. 2000. *Case study research methods*. London & New York, NY: Continuum.
- Gottlieb, H. 1994. Subtitling: Diagonal translation, Perspectives. *Studies in translatology*, 2(1):101-121. Beskikbaar by: <https://philpapers.org/rec/GOTSDT> [Geraadpleeg op: 9 Augustus 2019.]
- Gottlieb, H. 2004. Subtitles and international anglicification. *Nordic journal of English studies*, 3(1):219-230. Beskikbaar by: <http://ojs.ub.gu.se/ojs/index.php/njes/article/view/244/241> [Geraadpleeg op: 9 Augustus 2019.]
- Gummesson, E. 1991. *Qualitative methods in management research*. California: Sage Publication.
- Hartley, J. 1994. Case studies in organizational research. In: Cassell, C. & Symon, G. (eds). *Qualitative methods in organizational research*. London: Sage Publication.
- Hartshorne, C. & Weiss, P. (eds). 1931-1935. *The collected papers of Charles Sanders Peirce herdrukte volumes I-VI*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Hefer, E. Reading second language subtitles: A case study of South African viewers reading in their native language and L2-English. PhD Tesis, Departement van Filosofie, Noord-Wes Universiteit.
- Hockett, C.F. 1977. *The view from language: Selected essays 1948–1964*. Athens, GA: University of Georgia Press.
- Ivarsson, J. 1992. *Subtitling for the media: A handbook of an art*. Stockholm: TransEdit.
- Jakobson, R. 1959. On linguistic aspects of translation. In: Venuti, L. (ed). *The translation studies reader*. London en New York, NY: Routledge.
- Jakobson, R. 1959. On linguistic aspects of translation. In: Brower, R.A. (ed). *On translation*. New York, NY: Oxford University Press.
- Johnson, D. 1994. *Research methods in educational management*. Essex: Longman Group.
- Juvan, M. 2015. World literature, translation, and a small literature. Translating the literatures of small European nations. *An international conference*, University of Bristol, September 8-9, 2015.
- Karamitroglou, F. 1997. A proposed set of subtitling standards in Europe. *Translation journal*, 2(2). Beskikbaar by: <https://translationjournal.net/journal/04stndrd.htm> [Geraadpleeg op: 31 Mei 2019.]



- Katan, D. 1999. *Translating cultures: an introduction for translators, interpreters and mediators*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Kocka, J. 1996. The use of comparative history. In: Björk, R. & Molin, K. (eds). *Societies made up of history: Essays in historiography, intellectual history, professionalizations, historical social theory and proto-industrialization*. Stockholm: Akademityck AB.
- Kocka, J. 1999. Asymmetrical historical comparison: The case of the German Sonderweg. *History and theory*, 38(1): 40-50. Beskikbaar by: <https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/0018-2656.751999075> [Geraadpleeg op: 5 Augustus 2019.]
- Koller, W. 1979a. *Einführung in die Übersetzungswissenschaft*. Heidelberg en Wiesbaden: Quelle und Meyer.
- Koskinen, K. 2010. Agency and causality: Towards explaining by mechanisms in translation studies. In: Kinnunen, T. & Koskinen, K. (eds). *Translators' agency*. Tampere, Tampere University Press.
- Kruger, H. 2010. The creation of interlingual subtitles: Semiotics, equivalence and condensation. *Perspectives: Studies in translatology*, 9(3):177-196. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/232909555_The_creation_of_interlingual_subtitles_Semiotics_equivalence_and_condensation [Geraadpleeg op: 4 Junie 2019.]
- Kruger, H.C. & Kruger, J.-L. 2005. Existing subtitler training programmes and challenges for South Africa as a developing country. *Southern African linguistics and applied language studies*, 23(3):269-279. Beskikbaar by: <https://researchers.mq.edu.au/en/publications/existing-subtitler-training-programmes-and-challenges-for-south-a> [Geraadpleeg op: 4 Junie 2019.]
- Kruger, J. & Rafapa, L. 2002. *Subtitling, literacy and education in South Africa: putting audio-visual media to work in the classroom*. Fourth Languages and the Media Conference. Berlin, Germany.
- Kruger, J. 2012. Ideology and subtitling: South African soap speras. *Meta*, 57 (2), 496–509. <https://doi.org/10.7202/1013958ar> [Geraadpleeg op: 4 Junie 2019.]
- Kruger, J., Kruger, H., Verhoef, M. 2007. Subtitling and the promotion of multilingualism: The case of marginalised languages in South Africa. *Linguistica Antwepiensia*. 6:35-49. Beskikbaar by: https://www.academia.edu/2078477/Subtitling_and_the_promotion_of_multilingualism_the_case_of_marginalised_languages_in_South_Africa [Geraadpleeg op: 4 Junie 2019.]
- Kruger, J.-L. & Kruger, H. 2001. *Subtitling in South Africa: Summary report*. Pretoria: Pan South African Board of Languages.



Kyle, J. 2007. Sign on television: analysis of data. Beskikbaar by: http://stakeholders.ofcom.org.uk/binaries/consultations/signing/responses/deafstudies_annex.pdf. Accessed 12/08/2012. [Geraadpleeg op: 31 Mei 2019.]

Labov, W. 1966. *The social stratification of English in New York City*. Washington DC: Center for Applied Linguistics.

Labov, W. 1972. *Sociolinguistic patterns*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Litosseliti, L. 2010. *Research methods in linguistics*. London en New York, NY: Continuum International Publishing Group.

Martin, J.R. 1985. *Factual writing: exploring and challenging social reality*. Geelong: Deakin University Press.

Morden, L. 2014. 'Winged words'. MA Verhandeling, Fakulteit van Kuns en Sosiale Wetenskappe, Universiteit van Stellenbosch.

Morse, J. & Barrett, M. & Mayan, M. & Olson, K. & Spiers, J. 2002. Verification strategies for establishing reliability and validity in qualitative research. *International journal of qualitative methods* 1(2):1–19. Beskikbaar by: <https://journals.sagepub.com/doi/10.1177/160940690200100202> [Geraadpleeg op: 18 Julie 2019.]

Munday, J. 2016. *Introducing translation studies: theories and applications*. London en New York, NY: Routledge.

Nakano, D.N. & Muniz, J. 2018. Writing the literature review for empirical papers. *Production*, 28,(e20170086):1-10. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/323558574_Writing_the_literature_review_for_empirical_papers [Geraadpleeg op: 5 Augustus 2019.]

Ndimande-Hlongwa, N. & Ndebele, H. 2017. Embracing african languages as indispensable resources through the promotion of multilingualism. *Per Linguam*, 33(1):67-82. Beskikbaar by: <https://perlinguam.journals.ac.za/pub/article/view/692/694> [Geraadpleeg op: 5 Augustus 2019.]

Nedergaard-Larsen, B. 1993. Culture-bound problems in subtitling, *Perspectives: Studies in translatology*, 1(2):207-240. Beskikbaar by: <https://www.scribd.com/document/252396797/Nedergaard-Larsen-Culture-bound-Problems-in-Subtitling> [Geraadpleeg op: 10 Augustus 2019.]

Neves, J. 2005. Audiovisual translation: Subtitling for the deaf and hard-of-hearing. PhD Tesis, Fakulteit van Kuns, Universiteit van Roehampton.

Newmark, P. 1981. *Approaches to translation*, Oxford en New York, NY: Pergamon.



Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. New York, NY, Sydney, Toronto en Tokyo: Prentice Hall International.

Nicholls, D. 2009. Qualitative research: Part three – methods. *International journal of therapy and rehabilitation*, 16(12):638-647. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/234055158_Qualitative_Research_Part_Three_-_Methods [Geraadpleeg op: 8 Augustus 2019.]

Nida, E.A. 1964a. *Toward a science of translating*. Leiden: E.J. Brill.

Nida, E.A. & Taber, C.R. 1969. *The theory and practice of translation*, Leiden: E.J. Brill.

Nikolić, K. 2011. The perception of culture through subtitles: An empirical study as seen in TV material in Croatia. PhD tesis, Fakulteit van Filosofie, Universiteit van Wene.

Noor, K.B.M. 2008. Case study: A strategic research methodology. *American journal of applied sciences*, 5(11):1602-1604. Beskikbaar by: <https://thescipub.com/abstract/10.3844/ajassp.2008.1602.1604> [Geraadpleeg op: 7 Junie 2019.]

Nord, C. 1988. *Textanalyse und Übersetzen: Theoretische Grundlagen, Methode und didaktische Anwendung einer übersetzungsrelevanten Textanalyse*, Heidelberg: Groos.

Nord, C. 2005. *Text analysis in translation: Theory, methodology and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Vertaal deur: Nord, C. & Sparrow, P., 2de uitgawe. Amsterdam: Rodopi.

Olivier, J. 2011. Acknowledging and protecting language rights on SABC TV through the use of subtitles. *Communicatio*, 37(2):225-241. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/216427536_Acknowledging_and_protecting_language_rights_on_SABC_TV_through_the_use_of_subtitles [Geraadpleeg op: 25 Junie 2019.]

Palmer, A. 2005. Upgrading film subtitling to the level of literary translation. MA verhandeling, Fakulteit van Engels, Universiteit van Birmingham.

Price, B. 2002. Laddered questions and qualitative data research interviews. *Journal of advanced nursing*, 37(3): 273–81. Beskikbaar by: <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/11851798> [Geraadpleeg op: 15 Junie 2019.]

Reese, S.D. 1984. Visual-verbal redundancy effects on television news learning. *Journal of broadcasting & electronic media*, 28:79-87.

Reiss, K. 1971. *Möglichkeiten und Grenzen der Übersetzungskritik*. Munich: M, Hueber. Vertaal deur: Rhodes, E.F. 2000. *Translation criticism: Potential and limitations*. Manchester: St Jerome publishing and American Bible Society.



- Reiss, K. 1976. *Texttyp und Übersetzungsmethode: Der operative Text*. Kronberg: Scriptor Verlag.
- Reiss, K. 1977. Texttypen, Übersetzungstypen und die Beurteilung von Übersetzungen. *Lebende Sprachen*, 22(3):97-100. Vertaal deur: Chesterman, A. (ed). 1989. Text types, translation types and translation assessment. *Readings in translation theory*. 105-115. Helsinki: Oy Finn Lectura Ab.
- Reiss, K. & Vermeer, H. 1984/2013. *Towards a general theory of translation action: Skopos theory explained*. Vertaal deur: Nord, C. Manchester: St Jerome Publishing.
- Rokni, S. & Atae, A. 2014. Movies in EFL classrooms: with or without subtitles. *The dawn journal*, 3(1):715-726. Beskikbaar by: <https://pdfs.semanticscholar.org/1c05/2301627318561e44c12716a9c38d5096fa56.pdf> [Geraadpleeg op: 24 Junie 2019.]
- Romero-Fresco, P. 2013. Accessible filmmaking: Joining the dots between audiovisual translation, accessibility and filmmaking. *The journal of specialised translation*, (20):201-223. Beskikbaar by: https://www.jostrans.org/issue20/art_romero.pdf [Geraadpleeg op: 3 Julie 2019.]
- Saldanha, G. & O'Brien, S. 2013. *Research methodologies in translation studies*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Saukko, P. 2003. *Doing research in cultural studies: An introduction to classical and new methodological approaches*. California & London: Sage.
- Saussure, F. 1916, 1974. *Course in general linguistics*. Vertaal deur: Baskin, W. London: Fontana/Collins.
- Saussure, F. 1916, 1983. *Course in general linguistics*. Vertaal deur: Harris, R. London: Duckworth.
- Silverman, K. 1984. *The subject of semiotics*. Oxford: Oxford University Press.
- Snell-Hornby, M. 1990. Linguistic transcoding or cultural transfer? A critique of translation theory in Germany. In: Bassnett, S. & Lefevere, A. (eds). *Translation, history and culture*. London: Pinter.
- Sokoli, S. 2011. Subtitling norms in Greece and Spain: A comparative descriptive study on film subtitle omission and distribution, PhD tesis, Departament de Traducció i d'Interpretació, Universitat Autònoma de Barcelona.
- South Africa. *Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996*. Substituted by s. 1(1) of the Citation of Constitutional Laws. 2005. (Act No. 5 of 2005). [Assented to 16 December 1996].
- South African Broadcasting Corporation. 2004. *Language*. Beskikbaar by: <http://www.sabc.co.za/wps/portal/SABC/SABCDOCUMENTPOLICY> [Geraadpleeg op: 14 Julie 2019.]



Stell, G. & Feinauer, I. 2005. Die verhouding tussen (in)formele en (Nie)Standaardgespreksafrikaans: Die populêre stereotipe van registermarkering soos weergegee in die geïdealiseerde spraak van *7de Laan*. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans*, 12(1):108-121.

Stone, C. 2009. *Towards a deaf translation norm*. Washington, DC: Gallaudet University Press.

Szarkowska, A. 2016. *Report on the results of an online survey on subtitle presentation times and line breaks in interlingual subtitling Part 1: Subtitlers*. London: Center for translation studies.

Tenney, M.D. 1985. Machine translation, machine-aided translation, and machine-impeded translation. Tools for the trade: Translating and the computer 5. In: Lawson, V. (ed). *Proceedings of a conference*, London: Aslib, November 10-11, 1983.

Törnqvist, E. 1998. *Ingmar Bergman abroad: The problems of subtitling*. Amsterdam: Vossiuspers AUP.

van Els, T. 2005. Multilingualism in the European Union. *International journal of applied linguistics*, 15(3):263–81.

Vermeer, H.J. 1989. Skopos and commission in translational action. In: Venuti, L. (ed). 2000. *The translation studies reader*. London: Routledge. pp. 221–232.

Wales, K. 1989. *A Dictionary of Stylistics*. London and New York, NY: Longman.

Webb, V.N. 2002. Language policy development in South Africa. World congress on language policies. Barcelona.

Wehrmeyer, J. 2013. A critical investigation of deaf comprehension of signed TV news interpretation. PhD tesis, Departement van Literatuur en Filosofie, Universiteit van Suid-Afrika.

Wehrmeyer, J. 2014. Eye-tracking deaf and hearing viewing of sign language interpreted news broadcasts. *Journal of eye movement research*, 7(1):3, 1-16. Beskikbaar by: <https://core.ac.uk/download/pdf/158976673.pdf> [Geraadpleeg op: 5 Julie 2019.]

Yapici, E. 2015. Types of translation. MA Seminaar navorsingsverslag, Departement van die Engelse taal en literatuur, Universiteit van Selçuk.

Yin, R.K. 2001. *Case study research: Design and methods*. Los Angeles: SAGE Publications inc.

Zabalbeascoa, P. 1996. Translating jokes for dubbed television situation comedies. *The translator* 2(2):235-275. Beskikbaar by:

https://www.researchgate.net/publication/261660600_Translating_Jokes_for_Dubbed_Television_Situation_Comedies [Geraadpleeg op: 30 Junie 2019.]



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zanón, N.T. 2006. Using subtitles to enhance foreign language learning. *Porta Linguarum*, 6:41-52.

Beskikbaar

by:

http://www.sub2learn.ie/downloads/talavn_2006_using_subtitles_to_enhance_foreign_language_learning.pdf [Geraadpleeg op: 13 Julie 2019.]

Zentella, A.C. 1989. Language politics in the U.S.A.: The English-only movement. In: Craige, B.J. (ed). *Literature, language and politics in the USA*. Athens: University of Georgia Press.



Filmografie:

5050 Community. 2019. 50/50, Seisoen 9, Episode 38. [Aanlyn]. Vervaardig deur Reggy Morobe. Johannesburg: Clive Morris Productions. [Gekyk op 23 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=hD5iO2AbDc8&t=235s>

5050 Community. 2019. 50/50, Seisoen 9, Episode 39. [Aanlyn]. Vervaardig deur Reggy Morobe. Johannesburg: Clive Morris Productions. [Gekyk op 23 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=SvzOidXt4zk>

7de Laan, Episode 42, 18 Desember 2018. (2018). [Aanlyn]. Vervaardig deur Alwyn Swart. Johannesburg: Danie Odendaal Produksies.

³7de Laan. 2015. 7de Laan, Episode 16 Julie 2015. [Aanlyn]. Vervaardig deur Alwyn Swart. Johannesburg: Danie Odendaal Produksies. [Gekyk op 24 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=hCTdjY5-OT0&t=1s>

DEKATv, Episode 21. (2018). [Aanlyn]. Vervaardig deur Ezilda Becker. Suid-Afrika: Fresh Business Publications t/a Fresh TV.

DEKATv, Episode 25. (2018). [Aanlyn]. Vervaardig deur Ezilda Becker. Suid-Afrika: Fresh Business Publications t/a Fresh TV.

DEKATv. 2018. DEKATv, Episode 1. [Aanlyn]. Vervaardig deur Ezilda Becker. Suid-Afrika: Fresh Business Publications t/a Fresh TV. [Gekyk op 13 Julie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=nblml4Bl6L0&t=1s>

DEKATv. 2018. DEKATv, Episode 12. [Aanlyn]. Vervaardig deur Ezilda Becker. Suid-Afrika: Fresh Business Publications t/a Fresh TV. [Gekyk op 13 Julie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=b27qb2dPqwQ>

DEKATv. 2018. DEKATv, Episode 16. [Aanlyn]. Vervaardig deur Ezilda Becker. Suid-Afrika: Fresh Business Publications t/a Fresh TV. [Gekyk op 14 Julie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=2rmivkBkQEE>

³ Die SABC is gekontak vir 'n episode lys van *7de Laan*, maar hulle het nie die navraag beantwoord nie. Die kontakbesonderhede vir Danie Odendaal Produksies is nie meer in werking nie. Danie Odendaal Produksies en *7de Laan* is albei op sosiale media, soos Facebook en Twitter, gekontak, maar daar is ook geen antwoord ontvang nie. Die *7de Laan* episodes is dus as 'n laaste uitweg verwys deur die datum waarop dit uitgesaai is te noem.



Die Boland Moorde, Seisoen 2, Episode 1. 2018. Vervaardig deur Jaco Brouwer. Suid-Afrika. Moebius Films. [27 Augustus 2019]. Beskikbaar by: Showmax.

Die Boland Moorde, Seisoen 2, Episode 2. 2018. Vervaardig deur Jaco Brouwer. Suid-Afrika. Moebius Films. [28 Augustus 2019]. Beskikbaar by: Showmax.

Die Boland Moorde, Seisoen 2, Episode 3. 2018. Vervaardig deur Jaco Brouwer. Suid-Afrika. Moebius Films. [28 Augustus 2019]. Beskikbaar by: Showmax.

Die Boland Moorde, Seisoen 2, Episode 4. 2018. Vervaardig deur Jaco Brouwer. Suid-Afrika. Moebius Films. [29 Augustus 2019]. Beskikbaar by: Showmax.

Die Boland Moorde, Seisoen 2, Episode 5. 2018. Vervaardig deur Jaco Brouwer. Suid-Afrika. Moebius Films. [29 Augustus 2019]. Beskikbaar by: Showmax.

Heri121000., 2019. 7de Laan, Episode 87, 19 Februarie 2019. [Aanlyn]. Vervaardig deur Alwyn Swart. Johannesburg: Danie Odendaal Produksies. [Gekyk op 24 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=L5KWqINhTWw>

Mulder, J. 2018. Foto van 'n 7de Laan onderskrif.

Rogal Sanders., 2019. 7de Laan, Episode 145, 10 Mei 2019. [Aanlyn]. Vervaardig deur Alwyn Swart. Johannesburg: Danie Odendaal Produksies. [Gekyk op 25 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=nV3U3Wsj7Is>

Rogal Sanders., 2019. 7de Laan, Episode 201, 29 Julie 2019. [Aanlyn]. Vervaardig deur Alwyn Swart. Johannesburg: Danie Odendaal Produksies. [Gekyk op 25 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=vwXrt2lqmBQ&t=8s>

Sdfdsf fdsfds., 2019. 7de Laan, Episode 214, 15 Augustus 2019. [Aanlyn]. Vervaardig deur Alwyn Swart. Johannesburg: Danie Odendaal Produksies. [Gekyk op 25 Augustus 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=ruyylcUsIFo>

Swartwater, Seisoen 2, Episode 14. (2017). [Aanlyn]. Vervaardig deur Andre Odendaal. Johannesburg: Quizzical Productions.

Swartwater, Seisoen 2, Episode 15. (2017). [Aanlyn]. Vervaardig deur Andre Odendaal. Johannesburg: Quizzical Productions.

Swartwater, Seisoen 2, Episode 16. (2017). [Aanlyn]. Vervaardig deur Andre Odendaal. Johannesburg: Quizzical Productions.



Voetspore: Reünie, Episode 1. (2017). [Aanlyn]. Vervaardig deur Johan Badenhorst. Pretoria: KEW Productions.

Voetspore: Reünie, Episode 6. (2017). [Aanlyn]. Vervaardig deur Johan Badenhorst. Pretoria: KEW Productions.

Voetspore: Reünie, Episode 9. (2017). [Aanlyn]. Vervaardig deur Johan Badenhorst. Pretoria: KEW Productions.

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 1. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 8 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=LfHCHh4Bgv8&t=99s>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 10. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 10 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=tZ7p05cawCM>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 11. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 10 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=c-VWcQJ3JUE&t=7s>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 12. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 10 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=xKxeRU8sWnU&t=2s>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 13. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 10 Junie 2019]. Beskikbaar by: https://www.youtube.com/watch?v=pSW6aQN37_k&t=3s

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 2. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 8 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=PS4eIEfqREg&t=3s>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 3. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 8 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=LgtBFXvAGhc>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 4. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 8 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=3xtriQIEBTA&t=1s>



You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 5. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 9 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=5kd6vj0mPr0>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 6. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 9 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=ouC8nZklo58>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 7. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 9 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=eAC59i8OmZq>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 8. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 9 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=MIBAcDx3ej0>

You Belong., 2018. Spyskaart, Seisoen 1, Episode 9. [Aanlyn]. Vervaardig deur Jana Birch en Jenny-Lee Schoeman. Hout Baai: Media Club Productions. [Gekyk op 10 Junie 2019]. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=bckjelxSKN4>